

RES-19
A

Za.

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS, KUNS EN WETENSKAP

DIE DRINKPATROON
VAN DIE
KLEURLINGE
IN
KAAPLAND EN NATAL

deur

J. D. VENTER

NAVORSINGSREEKS Nr. 19

Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing

001.3072068
RES 19
NBSR

THIS REPORT IS ALSO AVAILABLE IN ENGLISH

Klasnr./Class No. | Registrern./No.

001.3072068 NBSR 36378/2
RES 19

RGN RAAD VIR
GEESTESWETENSKAPLIKE
NAVORSING

BIBLIOTEK LIBRARY

HSRC HUMAN
SCIENCES RESEARCH
COUNCIL

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS, KUNSE EN
WETENS
BIBLIOTEK
22-11-1965
PRETORIA S.A.
DEPARTMENT OF EDUCATION, ARTS AND
SCIENCE.

36378/2



RGN-BIBLIOTEEK
HSRC LIBRARY

KAP

VERVALDATUM / DATE DUE

LAPLIKE

1985-10-31			
1986-01-31			
1986-04-30			
1987-02-01			
1987-05-18			

TOEKENNINGS VAN DIE NASIONALE RAAD VIR SOSIALE NAVORSING VIR DIE
ONKOSTE VAN HIERDIE OPNAME EN PUBLIKASIE VAN HIERDIE VERSLAG
WORD MET DANK ERKEN

DIE INHOUD VAN HIERDIE VERSLAG MAG VRYELIK AANGEHAAL WORD
MITS DIE BRON ERKEN WORD

0000507947



2844363866



001.3072068 NBSR RES 19



* 0 5 0 7 9 4 *

36878 2	STAMP OBSR RES 19 001-3072068
1977	

VOORWOORD

Hierdie verslag is deel drie van 'n reeks waarin die drinkpatroon van verskillende bevolkingsgroepe bestudeer word.

Die resultate van die opname onder die Kleurlingbevolking word, as gevolg van verskil in wetgewing in die verskillende provinsies ten tye van die ondersoek, in twee dele behandel. In die onderhawige verslag word die gegewens ten opsigte van die drinkpatroon van die Kleurlingbevolking van Kaapland en Natal aangebied. Die drinkpatroon van die Kleurlingbevolking van Transvaal en die Oranje-Vrystaat sal in 'n volgende deel van hierdie reeks in oënskou geneem word.

Soos in die vorige ondersoeke van hierdie reeks, het die klem hier ook nie op die patologiese aspekte van drankgebruik geval nie omdat dit hier die uitgangspunt is dat 'n deeglike kennis van die drinkpatroon van veel groter waarde is vir die ontwikkeling van gesonde drinkgewoontes as die voortdurende beklemtoning van die afwykingsverskynsels wat uit die gebruik van alkoholiese drank mag voortvloei.

Graag betuig ek my dank en waardering aan almal wat 'n bydrae tot die suksesvolle voltooiing van hierdie ondersoek gelewer het. 'n Spesiale woord van dank gaan aan die Buro-amp-tenare wat by die ondersoek betrokke was sowel as aan die lede van die adviserende ad hoc-komitee, naamlik dr. J. A. Grobler, prof. F. W. Bignaut en prof. G. Cronjé vir hulle gewaardeerde advies.

P. M. ROBBERTSE
DIREKTEUR

NASIONALE BURO VIR OPVOEDKUNDIGE EN MAATSKAPLIKE
NAVORSING

Hoofstuk	INHOUDSOPGAWE	Bladsy
1.	INLEIDING	1
1.1	Die doel van die ondersoek	1
1.2	Die ondersoekgroep	1
1.3	Die metode van ondersoek	4
1.4	Indeling van die verslag	6
1.5	Begripsbepaling	6
1.6	Drankwetgewing ten opsigte van die Kleurling in die Kaapprovinsie en Natal	7
2.	DIE ALGEMENE KENMERKE VAN DIE STEEKPROEF	9
2.1	Inleiding	9
2.2	Geslagsverdeling	9
2.3	Ouderdomsverspreiding	9
2.4	Huistaal	10
2.5	Huwelikstaat	11
2.6	Woonplek	12
2.7	Onderwyspeil	13
2.8	Beroep	13
2.9	Inkomste	14
2.10	Kerkverband	15
2.11	Lees- en skryfkennis	16
2.12	Samevatting	16
3.	GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN ALKOHOLIESE DRANK.	17
3.1	Inleiding	17
3.2	Geheelonthouers en gebruikers van alkoholiese drank volgens geslag	17
3.3	Geheelonthouers en gebruikers van alkoholiese drank volgens ouderdom	18
3.4	Geheelonthouers en gebruikers van alkoholiese drank volgens huistaal	19
3.5	Geheelonthouers en gebruikers van alkoholiese drank volgens huwelikstaat	20
3.6	Geheelonthouers en gebruikers van alkoholiese drank volgens woonplek	21
3.7	Geheelonthouers en gebruikers van alkoholiese drank volgens onderwyspeil	21
3.8	Geheelonthouers en gebruikers van alkoholiese drank volgens lees- en skryfkennis	22
3.9	Geheelonthouers en gebruikers van alkoholiese drank volgens beroep	23

Hoofstuk		Bladsy
3.10	Geheelonthouers en gebruikers van alkoholiese drank volgens inkomste	25
3.11	Geheelonthouers en gebruikers van alkoholiese drank volgens hul kerk – verband	25
3.12	Geheelonthouers en gebruikers van alkoholiese drank volgens eet – gewoontes	26
3.13	Samevatting	27
4.	DIE DRINKMOTIEF	28
4.1	Inleiding	28
4.2	Die drinkmotief volgens geslag	28
4.3	Redes vir drankgebruik volgens ouderdom	29
4.4	Redes vir drankgebruik volgens huistaal	30
4.5	Redes vir drankgebruik volgens huwelikstaat	31
4.6	Redes vir drankgebruik volgens woonplek	32
4.7	Redes vir drankgebruik volgens onderwyspeil	32
4.8	Redes vir drankgebruik volgens beroep	33
4.9	Redes vir drankgebruik volgens inkomste	34
4.10	Redes vir drankgebruik volgens die waarde van die drank wat die proefpersoon alleen per week verbruik	35
4.11	Redes vir drankgebruik volgens die getal drankies wat die proef – persoon die afgelope sewe dae gedrink het	36
4.12	Redes vir drankgebruik volgens die getal jare op skool	36
4.13	Redes vir drankgebruik volgens lees – en skryfkennis	37
4.14	Redes vir drankgebruik volgens die dranksoort wat die proefpersoon die meeste gebruik	38
4.15	Samevatting	39
5.	DRANKVOORKEUR	40
5.1	Inleiding	40
5.2	Drankvoorkeur volgens geslag	40
5.3	Drankvoorkeur volgens ouderdom	41
5.4	Drankvoorkeur volgens huistaal	42
5.5	Drankvoorkeur volgens die woonplek van die proefpersoon	43
5.6	Drankvoorkeur volgens onderwyspeil	44
5.7	Drankvoorkeur volgens beroep	45
5.8	Drankvoorkeur volgens inkomste	46
5.9	Drankvoorkeur volgens die getal jare op skool	47
5.10	Drankvoorkeur volgens lees – en skryfkennis	48

Hoofstuk	Bladsy
5.11 Samevatting	48
6. DRINKFREKWENSIE	50
6.1 Inleiding	50
6.2 Drinkfrekwensie volgens geslag	50
6.3 Drinkfrekwensie volgens ouderdom	51
6.4 Drinkfrekwensie volgens huistaal	51
6.5 Drinkfrekwensie volgens huwelikstaat	52
6.6 Drinkfrekwensie volgens woonplek	54
6.7 Drinkfrekwensie volgens onderwyspeil	54
6.8 Drinkfrekwensie volgens beroep	56
6.9 Drinkfrekwensie volgens inkomste	57
6.10 Drinkfrekwensie volgens drankvoorkeur	57
6.11 Drinkfrekwensie volgens die waarde van die drank wat die proefpersoon gemiddeld per week verbruik	58
6.12 Drinkfrekwensie volgens huishoudelike uitgawe aan drank	59
6.13 Samevatting	60
7. DIE DRINKPLEK	61
7.1 Inleiding	61
7.2 Drinkplek volgens geslag	61
7.3 Drinkplek volgens ouderdom	62
7.4 Drinkplek volgens huistaal	63
7.5 Drinkplek volgens huwelikstaat	63
7.6 Drinkplek volgens onderwyspeil	64
7.7 Drinkplek volgens beroep	66
7.8 Drinkplek volgens inkomste	67
7.9 Samevatting	67
8. DIE HOEVEELHEID DRANK WAT GEDURENDE DIE SEWE DAE WAT DIE ONDERSOEK VOORAFGEAAN HET, VERBRUIK IS	69
8.1 Inleiding	69
8.2 Die getal drankies wat gedurende dié sewe dae verbruik is volgens geslag	69
8.3 Getal drankies gedurende dié sewe dae verbruik volgens ouderdom	70
8.4 Getal drankies gedurende dié sewe dae verbruik volgens huistaal	71
8.5 Getal drankies gedurende dié sewe dae verbruik volgens woonplek	72
8.6 Getal drankies gedurende dié sewe dae verbruik volgens onderwyspeil	72

Hoofstuk	Bladsy	
8.7	Getal drankies gedurende dié sewe dae verbruik volgens beroep	73
8.8	Getal drankies gedurende dié sewe dae verbruik volgens die dranksoort wat die afgelope maand gebruik is	75
8.9	Getal drankies gedurende dié sewe dae verbruik volgens die drinkplek vir Blankedrank	76
8.10	Samevatting	78
9.	DIE WEEKLIKSE HUISHOUDELIKE UITGAWE AAN ALKOHOLIESE DRANK	79
9.1	Inleiding	79
9.2	Huishoudelike uitgawe aan alkoholiese drank volgens huistaal	79
9.3	Huishoudelike uitgawe aan alkoholiese drank volgens huwelikstaat	80
9.4	Huishoudelike uitgawe aan alkoholiese drank volgens woonplek	81
9.5	Huishoudelike uitgawe aan alkoholiese drank volgens onderwyspeil	82
9.6	Huishoudelike uitgawe aan alkoholiese drank volgens beroep	83
9.7	Huishoudelike uitgawe aan alkoholiese drank volgens die inkomste	84
9.8	Huishoudelike uitgawe aan alkoholiese drank volgens die gemiddelde weeklikse uitgawe van die huishouding aan voedsel	85
9.9	Samevatting	86
10.	DIE DRINKSITUASIE	88
10.1	Inleiding	88
10.2	Die drinksituasie volgens geslag	88
10.3	Die drinksituasie volgens ouderdom	89
10.4	Die drinksituasie volgens huistaal	90
10.5	Die drinksituasie volgens woonplek	91
10.6	Die drinksituasie volgens onderwyspeil	92
10.7	Die drinksituasie volgens die waarde van die drank wat die proef- persoon alleen gemiddeld per week verbruik	93
10.8	Die drinksituasie volgens die weeklikse huishoudelike uitgawe aan drank	95
10.9	Die drinksituasie volgens die getal eenhede drank verbruik	95
10.10	Samevatting	96
11.	HOUDING TEN OPSIGTE VAN VRYSTELLING VAN DRANK EN MOTIEWE VIR DIE HOUDING	98
11.1	Inleiding	98
11.2	Houding ten opsigte van vrystelling van drank	98

Hoofstuk	Bladsy
11.2.1 Houding ten opsigte van vrystelling van drank volgens geslag	98
11.2.2 Houding ten opsigte van vrystelling van drank volgens beroep	99
11.2.3 Houding ten opsigte van vrystelling van drank volgens ouderdom	100
11.2.4 Houding ten opsigte van vrystelling van drank volgens kerkverband	101
11.2.5 Houding ten opsigte van vrystelling van drank volgens woonplek	101
11.2.6 Houding ten opsigte van vrystelling van drank volgens huwelikstaat	103
11.3 Motiewe vir houdings ten opsigte van die vrystelling van drank	104
11.3.1 Motiewe vir die houding ten gunste van vrystelling van drank volgens geslag	105
11.3.2 Motiewe vir die houding teen vrystelling van drank volgens geslag	106
11.4 Samevatting	108
12. MOTIVERING VIR ONTHOUDING VAN DRANK	109
12.1 Inleiding	109
12.2 Motivering vir onthouding volgens geslag	109
12.3 Motivering vir onthouding volgens ouderdom	110
12.4 Motivering vir onthouding volgens onderwyspeil	111
12.5 Motivering vir onthouding volgens woonplek	111
12.6 Samevatting	112
13. SAMEVATTING	114
13.1 Algemeen	114
13.2 Geslag	114
13.3 Ouderdom	114
13.4 Huistaal	115
13.5 Huwelikstaat	116
13.6 Woonplek	116
13.7 Onderwyspeil	117
13.8 Beroep	117
13.9 Inkomste	118
13.10 Kerkverband	119
BYLAAG 1	120
BYLAAG 2	135
LITERATUURLYS	137

Nr.	TABELLE	Bladsy
2.1	DIE GESLAGSVERDELING VAN DIE ONDERSOEKGROEP	9
2.2	DIE OUDERDOMSVERDELING VAN DIE ONDERSOEKGROEP	10
2.3	DIE HUISTAAL VAN DIE ONDERSOEKGROEP	11
2.4	DIE HUWELIKSTAAT VAN DIE ONDERSOEKGROEP	11
2.5	DIE WOONPLEK VAN DIE ONDERSOEKGROEP	12
2.6	DIE ONDERWYSPEIL VAN DIE ONDERSOEKGROEP	13
2.7	DIE BEROEPE VAN DIE ONDERSOEKGROEP	14
2.8	DIE INKOMSTE VAN DIE ONDERSOEKGROEP	15
2.9	DIE KERKVERBAND VAN DIE ONDERSOEKGROEP	15
2.10	LEES- EN SKRYFKENNIS VAN DIE ONDERSOEKGROEP	16
3.1	GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS GESLAG	17
3.2	GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS OUDERDOM	18
3.3	GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS HUISTAAL	19
3.4	GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS HUWELIKSTAAT	20
3.5	GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS WOONPLEK	21
3.6	GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS ONDERWYSPEIL	22
3.7	GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS LEES- EN SKRYFKENNIS	23
3.8	GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS BEROEP	24
3.9	GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS INKOMSTE	25
3.10	GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS KERKVERBAND	26
3.11	GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS EETGEWOONTES	26
4.1	REDES VIR DRANKGEBRUIK VOLGENS GESLAG	28
4.2	REDES VIR DRANKGEBRUIK VOLGENS OUDERDOM	29
4.3	REDES VIR DRANKGEBRUIK VOLGENS HUISTAAL	30
4.4	REDES VIR DRANKGEBRUIK VOLGENS HUWELIKSTAAT	31
4.5	REDES VIR DRANKGEBRUIK VOLGENS WOONPLEK	32

Nr.		Bladsy
4.6	REDES VIR DRANKGEBRUIK VOLGENS ONDERWYSPEIL	33
4.7	REDES VIR DRANKGEBRUIK VOLGENS BEROEP	34
4.8	REDES VIR DRANKGEBRUIK VOLGENS INKOMSTE	35
4.9	REDES VIR DRANKGEBRUIK VOLGENS DIE WAARDE VAN DIE DRANK WAT DIE PROEFPERSOON ALLEEN PER WEEK VERBRUIK	35
4.10	REDES VIR DRANKGEBRUIK VOLGENS DIE TOTALE GETAL DRANKIES DIE AFGELOPE SEWE DAE GEDRINK	36
4.11	REDES VIR DRANKGEBRUIK VOLGENS DIE GETAL JARE OP SKOOL	37
4.12	REDES VIR DRANKGEBRUIK VOLGENS LEES - EN SKRYFKENNIS	37
4.13	REDES VIR DRANKGEBRUIK VOLGENS DRANKSOORTE WAT DIE MEESTE GEBRUIK WORD	38
5.1	DRANKVOORKEUR VOLGENS GESLAG	40
5.2	DRANKVOORKEUR VOLGENS OUDERDOM	41
5.3	DRANKVOORKEUR VOLGENS HUISTAAL	42
5.4	DRANKVOORKEUR VOLGENS WOONPLEK	43
5.5	DRANKVOORKEUR VOLGENS ONDERWYSPEIL	44
5.6	DRANKVOORKEUR VOLGENS BEROEP	45
5.7	DRANKVOORKEUR VOLGENS INKOMSTE	46
5.8	DRANKVOORKEUR VOLGENS GETAL JARE OP SKOOL	47
5.9	DRANKVOORKEUR VOLGENS LEES - EN SKRYFKENNIS	48
6.1	DRINKFREKWENSIE VOLGENS GESLAG	50
6.2	DRINKFREKWENSIE VOLGENS OUDERDOM	51
6.3	DRINKFREKWENSIE VOLGENS HUISTAAL	52
6.4	DRINKFREKWENSIE VOLGENS HUWELIKSTAAT	53
6.5	DRINKFREKWENSIE VOLGENS WOONPLEK	54
6.6	DRINKFREKWENSIE VOLGENS ONDERWYSPEIL	55
6.7	DRINKFREKWENSIE VOLGENS BEROEP	56
6.8	DRINKFREKWENSIE VOLGENS INKOMSTE	57
6.9	DRINKFREKWENSIE VOLGENS DRANKVOORKEUR	58
6.10	DRINKFREKWENSIE VOLGENS DIE WAARDE VAN DIE DRANK WAT DIE PROEFPERSOON GEMIDDELD PER WEEK VERBRUIK	58
6.11	DRINKFREKWENSIE VOLGENS DIE WEEKLIKSE HUISHOUDELIKE UITGAWE AAN DRANK	59
7.1	DRINKPLEK VOLGENS GESLAG	61
7.2	DRINKPLEK VOLGENS OUDERDOM	62
7.3	DRINKPLEK VOLGENS HUISTAAL	63
7.4	DRINKPLEK VOLGENS HUWELIKSTAAT	64

Nr.		Bladsy
7.5	DRINKPLEK VOLGENS ONDERWYSPEIL	65
7.6	DRINKPLEK VOLGENS BEROEP	66
7.7	DRINKPLEK VOLGENS INKOMSTE	67
8.1	GETAL DRANKIES GEDURENDE DIÉ SEWE DAE VERBRUIK VOLGENS GESLAG	69
8.2	GETAL DRANKIES GEDURENDE DIÉ SEWE DAE VERBRUIK VOLGENS OUDERDOM	70
8.3	GETAL DRANKIES GEDURENDE DIÉ SEWE DAE VERBRUIK VOLGENS HUISTAAL	71
8.4	GETAL DRANKIES GEDURENDE DIÉ SEWE DAE VERBRUIK VOLGENS WOONPLEK	72
8.5	GETAL DRANKIES GEDURENDE DIÉ SEWE DAE VERBRUIK VOLGENS ONDERWYSPEIL	73
8.6	GETAL DRANKIES GEDURENDE DIÉ SEWE DAE VERBRUIK VOLGENS BEROEP	74
8.7	GETAL DRANKIES GEDURENDE DIÉ SEWE DAE VERBRUIK VOLGENS DRANKSOORT WAT DIE AFGELOPE MAAND GE- BRUIK IS	75
8.8	GETAL DRANKIES GEDURENDE DIÉ SEWE DAE VERBRUIK VOLGENS DIE DRINKPLEK VIR BLANKEDRANK	77
9.1	HUISHOUDELIKE UITGAWA AAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS HUISTAAL	79
9.2	HUISHOUDELIKE UITGAWA AAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS HUWELIKSTAAT	80
9.3	HUISHOUDELIKE UITGAWA AAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS WOONPLEK	81
9.4	HUISHOUDELIKE UITGAWA AAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS ONDERWYSPEIL	82
9.5	HUISHOUDELIKE UITGAWA AAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS BEROEP	83
9.6	HUISHOUDELIKE UITGAWA AAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS INKOMSTE	84
9.7	HUISHOUDELIKE UITGAWA AAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS HUISHOUDELIKE UITGAWA AAN VOEDSEL	85
10.1	DRINKSITUASIE VOLGENS GESLAG	88
10.2	DRINKSITUASIE VOLGENS OUDERDOM	90
10.3	DRINKSITUASIE VOLGENS HUISTAAL	91

Nr.		Bladsy
10.4	DRINKSITUASIE VOLGENS WOONPLEK	92
10.5	DRINKSITUASIE VOLGENS ONDERWYSPEIL	93
10.6	DRINKSITUASIE VOLGENS DIE WAARDE VAN DIE DRANK WAT DIE PROEFPERSOON ALLEEN GEMIDDELD PER WEEK VERBRUIK	94
10.7	DRINKSITUASIE VOLGENS DIE WEEKLIKSE HUISHOUDELIKE UITGAWE AAN DRANK	95
10.8	DRINKSITUASIE VOLGENS DIE GETAL EENHEDE DRANK PER WEEK VERBRUIK	96
11.1	HOUDING TEN OPSIGTE VAN VRYSTELLING VAN DRANK VOLGENS GESLAG	98
11.2	HOUDING TEN OPSIGTE VAN VRYSTELLING VAN DRANK VOLGENS BEROEP	99
11.3	HOUDING TEN OPSIGTE VAN VRYSTELLING VAN DRANK VOLGENS OUDERDOM	100
11.4	HOUDING TEN OPSIGTE VAN VRYSTELLING VAN DRANK VOLGENS KERKVERBAND	102
11.5	HOUDING TEN OPSIGTE VAN VRYSTELLING VAN DRANK VOLGENS WOONPLEK	103
11.6	HOUDING TEN OPSIGTE VAN VRYSTELLING VAN DRANK VOLGENS HUWELIKSTAAT	104
11.7	MOTIEWE VIR HOUDING TEN GUNSTE VAN VRYSTELLING VAN DRANK VOLGENS GESLAG	105
11.8	MOTIEWE VIR HOUDING TEEN VRYSTELLING VAN DRANK VOLGENS GESLAG	107
12.1	MOTIVERING VIR ONTHOUDING VOLGENS GESLAG	109
12.2	MOTIVERING VIR ONTHOUDING VOLGENS OUDERDOM	110
12.3	MOTIVERING VIR ONTHOUDING VOLGENS ONDERWYSPEIL	111
12.4	MOTIVERING VIR ONTHOUDING VOLGENS WOONPLEK	112

HOOFSTUK I

IN LEIDING

1.1 DIE DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Die doel van hierdie ondersoek is om die drinkpatroon van die Kleurlingbevolking van die Kaapprovinsie en Natal te ontleed soos dit was voordat die nuwe drankwet van 1962 in werking getree het. Die aangeleentheid wat dus ondersoek word, is die volgende: Watter persentasie van die Kleurlingbevolking alkoholiese drank gebruik en indien wel, hoeveel gebruik word; watter soort alkoholiese drank verkies word; waar dit genuttig word; hoe dikwels alkoholiese drank gebruik word; wat hulle uitgawe aan drank is, en waarom dit gebruik word. Ten slotte word ook in die probleemstelling die vraag gestel of sosio-kulturele faktore soos onderwyspeil, inkomste, huistaal, beroep, huwelikstaat, ouderdom, woonplek, kerkverband ensovoorts met bepaalde drinkpatrooneienskappe verband hou.

Benewens die gegewens wat deur hierdie ondersoek aan die lig gebring is, het dit ook die verdere waarde dat moontlike veranderings wat in die Kleurling se drinkpatroon ingetree het as gevolg van die wysiging van die drankwet, deur 'n latere ondersoek aan die lig gebring kan word. Verder bied hierdie ondersoek ook waardevolle vergelykende gegewens met drie gelyktydige gelyksoortige ondersoeke, naamlik dié na die drinkpatroon van die Kleurlinge in Transvaal en die Vrystaat, van die Blankes - en van die Bantoebevolking van die Republiek van Suid-Afrika. Die onderhawige ondersoek vorm dus die derde deel in 'n reeks van vier drinkpatroon-ondersoeke ten opsigte van die verskillende bevolkingsgroepe in Suid-Afrika.

1.2 DIE ONDERSOEKSGROEP

Aangesien dit vir die doeleindes van hierdie ondersoek nodig was om van 'n klein maar verteenwoordigende groep gebruik te maak, is 'n steekproef geneem. Die beginsel waarop die steekproefteorie gebou is, is dat elke persoon in die bevolkingsgroep 'n ewe groot kans sal hê om in die steekproef opgeneem te word.

Met die vorige twee soortgelyke ondersoeke, naamlik die een wat op die Blanke bevolking en die een wat op die Bantoebevolking betrekking gehad het, is van 'n metode wat deur dr. Gallup en ander ontwikkel is, gebruik gemaak. Die ondervinding het getoon dat vir hierdie soort ondersoek dié besondere metode heelwat voordeliger bied.

Om die steekproefgrootte te bepaal, bied heelwat probleme met 'n ondersoek van hierdie aard aangesien verskillende veranderlikes met mekaar in verband gebring word, en elke veranderlike waarskynlik 'n ander frekwensieverdeling en

standaardafwyking sal toon.

Wanneer die standaardafwyking 15 is en 'n standaardfout van 0,75 word toegelaat, moet die steekproefgrootte 400 wees. Om vir mans en vroue afsonderlik voorsiening te maak, sal 'n steekproef van 800 dus voldoende wees.

Daar is besluit om van 'n steekproef van 1,500 Kleurlinge van agtien jaar en ouer gebruik te maak en wel om die volgende redes:

Daar moet voorsiening gemaak word vir die variasie van standaardafwyking met die verskillende frekwensieverdelings waarvan sommige heel moontlik 'n groter steekproef vereis. 'n Groot deel van die ondersoek sal toegespits wees op die drankgebruikers en omdat die persentasie drankgebruikers onder die Kleurlinge onbekend was, was dit nodig om so 'n groot steekproef te gebruik dat die getal drankgebruikers nog 'n groot genoeg groep vir statistiese ontledings vorm. Ten derde is die steekproefgrootte op 1,500 proefpersone gestel omdat daar nie van 'n volledige ewekansige steekproef gebruik gemaak is nie, maar van 'n bundel- of trossteekproef. In hierdie soort steekproef is die steekprofeenhede, bundels of trosse van die natuurlike eenhede (proefpersone). Tien Kleurlinge per bundel of tros is as voldoende beskou.

By nadere ondersoek het dit egter geblyk dat uit 'n landswye steekproef van 1,500 proefpersone, slegs 140 uit Transvaal en die Oranje-Vrystaat sou kom. Met die oog op statistiese ontledings is hierdie getal as onvoldoende beskou en daarom is besluit om die 1,500 proefpersone in twee steekproewe te verdeel, naamlik 500 uit Transvaal en die Oranje-Vrystaat en 1,000 uit die Kaapprovinsie en Natal. Die feit dat die totale steekproef uit twee verskillend saamgestelde steekproewe bestaan, sowel as die feit dat daar ten tye van die ondersoek 'n verskil in drankwetgewing ten opsigte van die vier provinsies bestaan het, het dit noodsaaklik gemaak dat hierdie ondersoek in twee dele verdeel moes word, naamlik 'n ondersoek na die drinkpatroon van die Kleurlinge in die Kaapprovinsie en Natal en 'n tweede ondersoek na die drinkpatroon van die Kleurlinge in Transvaal en die Vrystaat. Die onderhawige verslag is dus 'n aanbieding van die navorsingsresultate van die ondersoek wat ten opsigte van die drinkpatroon van die Kleurlinge in die Kaapprovinsie en Natal uitgevoer is en waarvoor van 'n steekproef van 1,000 proefpersone gebruik gemaak is.

Dit sou onprakties en ook onnodig wees om die steekproef oor alle landdrostdistrikte van die twee provinsies te versprei. Uit die ervaring wat met vorige opnames opgedoen is, is daar besluit om die provinsies in streke te verdeel. Die ekonomiese streeksindeling van die Buro vir Marknavorsing is vir hierdie doel as basis gebruik. Die Kaapprovinsie is hiervolgens in die volgende twaalf streke verdeel:

Kaapprovinsie:

Streek 1 : Kaapstad, Wynberg, Simonstad en Bellville.

Streek 2 : Stellenbosch, Somerset-Wes, Caledon, Paarl, Robertson, Wellington,
Worcester en Montagu.

Streek 3 : Ceres, Tulbagh, Malmesbury, Hopefield, Vredenburg en Piketberg.

Streek 4 : Namakwaland, Van Rhynsdorp en Clanwilliam.

Streek 5 : Bredasdorp, Swellendam, Heidelberg, Riversdal, Ladismith, Calitzdorp,
Oudtshoorn, Laingsburg, Prins Albert, Mosselbaai, George, Knysna,
Uniondale en Willowmore.

Streek 6 : Humansdorp, Steytlerville, Jansenville, Pearston, Somerset-Oos,
Uitenhage, Port Elizabeth, Kirkwood, Alexandria, Albanie, Bathurst,
Bedford en Peddie.

Streek 7 : Calvinia, Sutherland, Beaufort-Wes, Fraserburg, Williston, Carnarvon,
Victoria-Wes, Murraysburg, Aberdeen, Graaff-Reinet en Richmond.

Streek 8 : Adelaide, Fort Beaufort, Victoria-Oos, King William's Town, Oos-
Londen, Komgha, Stutterheim, Keiskammahoek, Middeldrift, Cathcart,
Queenstown en Stockenström.

Streek 9 : Middelburg, Cradock, Maraisburg, Tarkastad, Sterkstroom, Molteno,
Woodehouse, Glen Grey, Indwe, Elliot, Maclear, Barkley-Oos, Herschel,
Lady Grey, Aliwal-Noord, Albert en Steynsburg.

Streek 10: Venterstad, Colesberg, Hanover, De Aar, Philipstown en Britstown.

Streek 11 : Hopetown, Herbert, Kimberley, Barkley-Wes en Warrenton.

Streek 12 : Kenhardt, Prieska, Hay, Gordonia, Postmasburg, Kuruman, Vryburg,
Mafeking en Taung.

In die geval van die Transkei en Natal is daar net een landdrostdistrik uit elk
gekies, naamlik:

Transkei:

Mount Currie

Natal:

Durban

Die bevolkingsverspreiding van Kleurlinge van 18 jaar en ouer was volgens die
1951-sensus vir die ondersoekgebiede soos volg:

Kaapprovinsie:

Streek 1 : 417,881

Streek 2 : 182,924

Streek 3 : 83,009

Streek 4 : 58,528

Streek 5 : 159,421

Streek 6 : 135,204

Streek 7 : 80,184

Streek 8 : 28,177

Streek 9 : 27,842

Streek 10 : 23,443

Streek 11: 40,853

Streek 12: 81,852

Transkei:

3,387

Natal:

26,686

Die duisend proefpersone van die steekproef is tussen 10 landdrosdistrikte verdeel, sodat uit elke landdrosdistrik ongeveer 100 geneem sou word. Aangesien 'n landdrosdistrik in sowel die Transkei as Natal geneem is, moes die orige agt landdrosdistrikte gekies word uit die twaalf streke waarin die Kaapprovinsie verdeel is. Vir dié doel is van die kleiner streke saamgevoeg om die aantal tot agt te verminder.

Binne elk van hierdie streke is 'n landdrosdistrik gekies. Dit het nie ewekansig geskied nie, maar op so 'n wyse dat die bevolkingsverdeling tussen stad en platteland in die steekproef gehandhaaf kon word. Op die wyse is beide die sosio-ekonomiese verskeidenheid en die bevolkingsdigtheid in ag geneem. Binne elkeen van die gekose landdrosdistrikte is die nodige aantal sensusopnemerswyke ewekansig gekies. In 'n opnemerswyk moes minstens 10 Kleurlinge woonagtig wees. Altesame 100 opnemerswyke is op hierdie wyse verkry en in elkeen van hulle is 'n steekproefbundel van 10 persone ondervra.

1.3 DIE METODE VAN ONDERSOEK

Van elke opnemerswyk is 'n kaart geteken wat saam met 'n stel instruksies aan die betrokke veldwerker gegee is. Beginpunte vir die veldwerkers, wat volgens die beginsel van ewekansigheid gekies is, is op elke kaart aangedui. In stedelike gebiede is daar op elke kaart vyf beginpunte aangedui en in landelike gebiede drie. Die veldwerkers moes by die eerste beginpunt begin, die aangeduide roete volg en vyf persone ondervra, daarna moes vyf persone op die tweede roete ondervra word. Die verdere beginpunte moes slegs gebruik word indien vyf persone in enige van die eerste twee roetes nie gevind kon word nie. Volgens die 1951-sensus was daar 49.7 persent Kleurlingmans en 50.3 persent Kleurlingvroue bo 18 jaar in die totale Kleurlingbevolking. Aangesien die twee geslagte so min in getal verskil, is daar besluit om in elke sensusopnemerswyk 5 mans en 5 vroue bo 18 jaar te ondervra. Die ondersoekgroep bestaan dus uit 50 persent mans en 50 persent vroue.

Die veldwerkers is deeglik opgelei in die prosedure wat by die verkryging van die proefpersone gevolg moes word, en daar is toegesien dat elkeen 'n deeglike studie van die kaarte en instruksies maak. Hulle is ook deeglik opgelei in die gebruik van die vraelys en daar is sorg gedra dat elke veldwerker die vrae op die vraelys ken en dit reg interpreteer. Ten slotte is die veldwerkers ook deeglik onderrig in die tegniek van onderhoudvoering. Die voltooide vraelyste is deur vakkundiges, onder wie se toesig die veldwerkers gewerk het, gekontroleer en by afhandeling van die veldwerk, nagesien.

Die vraelys wat in die ondersoek gebruik is, is vooraf gekodifiseer en 'n voorbeeld hiervan verskyn in bylaag 1. Ten einde foute uit te skakel, is die vraelys so ontwerp dat die antwoorde op sekere vrae gekontroleer kon word deur antwoorde op vrae wat op 'n ander plek in die vraelys verskyn, na te gaan. Na afhandeling van die veldwerk is die gegewens op ponskaarte oorgedra en masjinaal verwerk. Om die betekenisvolheid van die verband tussen verskillende faktore aan te dui, is die chi-kwadraattoets waar moontlik toegepas.

Daar verskyn twee tipes tabelle in die verslag. In die eerste is telkens twee groepe ten opsigte van 'n gegewe met mekaar vergelyk. Die chi-kwadraatwaarde wat in sulke gevalle verkry is, dui aan die graad van betekenisvolheid van die verskille tussen die groepe wat vergelyk is. Ofskoon die nulhipotese nie in elke geval afsonderlik herhaal word nie, is dit by oorweging van gegewens in gedagte gehou, soos blyk uit die aard van die bespreking waar dit ter sake is.

Die tweede tipe tabel bevat vergelykings tussen meer as twee groepe. Die chi-kwadraatwaardes wat in sulke gevalle onder die tabelle verskyn, toon aan dat 'n nadere ontleding van die desbetreffende gegewens ten opsigte van die groepe onderling die een of ander graad van betekenisvolheid aan die lig sal bring. Vir die doel van hierdie verslag is die gegewens egter nie nader vir die groepe onderling ontleed nie, want die bespreking is beperk tot die vind van wetmatighede en neigings in die breë vergelyking van die groepe as sodanig en nie op die onderlinge verskille wat 'n nadere ontleding aan die lig sou gebring het nie. In teenstelling met wat soms gedoen word, is hier geen nulhipotese gestel nie maar onder aan elke tabel waar dit moontlik was om die chi-kwadraattoets toe te pas, is die chi-kwadraatwaarde geplaas.

1. 4 INDELING VAN DIE VERSLAG

Hoofstuk 1 vorm die inleidende hoofstuk van die verslag en hierin word die doel van die ondersoek asook die ondersoekgroep en metodes van ondersoek bespreek. Verder bevat dit ook 'n omskrywing van die begrippe wat in die ondersoek gebruik is, sowel as 'n kort opsomming van die wetlike bepalings wat ten tye van die ondersoek op die verkryging van drank deur Kleurlinge in die Kaapprovinsie en Natal van toepassing was. In hoofstuk 2 word die algemene kenmerke van die steekproef beskryf.

In hoofstuk 3 word geheelonthouers en drankgebruikers as twee teenstellende groepe ten opsigte van bepaalde maatskaplike faktore met mekaar vergelyk. Hierteenoor is hoofstukke 4 tot en met 10 alleenlik op drankgebruikers van toepassing. Die volgende aspekte word in elkeen van hierdie hoofstukke afsonderlik bespreek: die drinkmotief, drankvoorkeur, drinkfrekwensie, drinkplek, die hoeveelheid drank wat gebruik is gedurende die sewe dae wat die ondersoek voorafgegaan het, die gesinsuitgawe aan drank en die drinksituasie.

In hoofstuk 11 word die houding ten opsigte van drankwetgewing bespreek en in hoofstuk 12 die motivering vir onthouding soos deur die proefpersone aangevoer. Hoofstuk 13 is 'n algemene samevatting van die inhoud van die verslag.

1. 5 BEGRIPSBEPALING

1. 5. 1 Alkoholiese drank: Onder hierdie begrip word saamgevat alle dranksoorte wat 'n alkoholgehalte van meer as 2 persent van hul volume bevat, dit wil sê dranksoorte wat deur Wet Nr. 30 van 1928 as alkoholiese drank gedefinieer word.
1. 5. 2 Drank: Hierdie term het betrekking op alkoholiese drank soos onder 1. 5. 1 hierbo omskryf.
1. 5. 3 Stad: Die volgende is as stedelike gebiede ingedeel: Kaapstad met sy omliggende stedelike gebiede, Port Elizabeth, Pietermaritzburg, Durban, Oos-Londen en Kimberley.
1. 5. 4 Dorp: Alle gebiede wat nie onder 1. 5. 3 as stedelik ingedeel is nie maar wel 'n plaaslike bestuur het, is vir die doel van hierdie ondersoek as dorpe geklassifiseer.
1. 5. 5 Kleinhoewes: Dit is klein onderverdeelde stukkies grond wat deur die volgende drie eienskappe gekenmerk word:
- (a) Dit grens aan stedelike of dorpsgebiede.
 - (b) Die bewoner verkry die grootste deel van sy inkomste uit 'n ander bron as uit die hoewe.
 - (c) Die oppervlakte is nie beperk nie maar varieer gewoonlik van twee en 'n half tot tien morg.

Landbouhoewes op besproeiingskemas word dus nie as kleinhoewes beskou nie.

1. 5. 6 Huishouding: 'n Huishouding is daardie ekonomiese en sosiale eenheid wat uit persone bestaan wat in dieselfde huis woon en aan dieselfde tafel eet, en tegelykertyd slegs een gesinsbegroting het.
1. 5. 7 Geheelonthouer: Dit is 'n persoon wat hoegenaamd geen alkoholiese drank, van watter aard ookal, behalwe vir sakramentele doeleindes gebruik nie.
1. 5. 8 Drankgebruiker: Met 'n drankgebruiker word bedoel enige persoon wat wel alkoholiese drank, van watter aard ookal, in hoe 'n geringe mate ookal, gebruik.
1. 5. 9 Inkomste: In hierdie verslag word met „inkomste" bedoel die totale inkomste van die huishouding in kontant en/of in goedere, afgesien daarvan of een of albei eggenote dit verdien. In gevalle waar die eggenote die proefpersoon is en sy geen beroepsarbeid verrig nie, is haar eggenoot se inkomste as haar inkomste beskou.
1. 5. 10 Bier: Bier is die alkoholiese drank wat verkry word deur die gisting van moutpap en wat meer alkohol as 2 persent van sy volume bevat en sluit nie Bantobier in nie.
1. 5. 11 Wyn: Wyn beteken daardie alkoholiese drank wat verkry word deur die gisting van sap van vars druiwe of ander vrugte sonder die toevoeging van enige ander stof wat nie in artikel 2 van die Wijn, Spiritualiën en Azijn Wet, Wet Nr. 15 van 1913, toegelaat word nie. Dit sluit soet-, droë- en skuimwyn sowel as appel-, peer-, en lemoenwyn in.
1. 5. 12 Spiritualieë: Spiritualieë is alkoholiese drank wat verkry word deur die distillasie van gegiste vrugtesap, graan, suiker of ander alkoholiese drank en sluit in brandewyn, whisky, jenever, rum, likeurs, vodka en so meer.
1. 5. 13 Bantobier: Bantobier is 'n dranksoort wat gewoonlik deur Bantoes gebrou word deur gisting van kafferkoring of ander graan. Wet Nr. 30 van 1928 vereis dat Bantobier nie meer alkohol as 2 persent van sy volume bevat nie. In teenstelling met die juridiese bepaling het die persentasie alkohol in hierdie verslag nie as norm gegeld nie, want indien 'n hoër persentasie alkohol deur 'n natuurlike en verlengde gistingsproses bereik is, is die drank nog as Bantobier geklassifiseer, maar sodra „vreemde" stowwe soos brandspiritus bygevoeg is, is dit nie meer as sodanig geklassifiseer nie.
1. 6 DRANKWETGEWING TEN OPSIGTE VAN DIE KLEURLING IN DIE
KAAPPROVINSIE EN NATAL

Ten tye van die ondersoek is die gebruik van alkoholiese drank in die Republiek van Suid-Afrika gereël deur Wet Nr. 30 van 1928. Van hierdie wet word enkele

aspekte wat op die Kleurlinge in die Kaapprovinsie en Natal sowel as die Transkei van toepassing was, in hierdie afdeling kortliks bespreek.

- (a) Die Kaapprovinsie en Natal: In hierdie twee provinsies kon Kleurlinge ten tye van die ondersoek alkoholiese drank onder bepaalde voorwaardes vir binne- en buiteverbruik bekom. Hierdie voorwaardes is neergelê deur verskeie dranklisensierade wat ten opsigte van die streek waaroor hulle beheer voer, sekere beperkings ten opsigte van die gebruik van sterk drank opgelê het. Alhoewel hierdie beperkings nie op algehele prohibisie mag neerkom nie, kon die lisensierade tog sekere beperkings lê ten opsigte van sowel die hoeveelheid drank wat elke Kleurling per dag mag koop as die ure van die dag en die dae van die week waarop drank verkoop mag word. Die gevolg van hierdie maatreël was dat die beperkinge wat deur die verskillende lisensierade opgelê is ten opsigte van die gebruik van alkoholiese drank van gebied tot gebied verskil en daar dus geen uniformiteit bestaan het nie. Verder is dit ook duidelik dat die beperkings wat deur die onderskeie lisensierade opgelê is, nie maklik uitgevoer kon word nie.

Artikel 96 van die bogemelde drankwet bepaal dat 'n werkgewer in die Kaapprovinsie aan sy nie-Blanke plaasarbeiders bo die ouderdom van 21 jaar $1\frac{1}{2}$ pinte ongefortifiseerde wyn of Bantobier per dag mag gee, met dien verstande dat die drank in drie gelyke dele gebruik moet word met tussenposes van nie minder as twee uur nie. Hierdie stelsel laat die werkgewers dus toe om drank gratis aan hul plaasarbeiders te verskaf en staan algemeen bekend as die dopstelsel. Hierdie reg tot drankverskaffing aan nie-Blankes kan te eniger tyd sonder verstreking van redes teruggetrek word. So'n bepaling sal van toepassing wees tot tyd en wyl 'n magistraat, by wie die werkgewer aansoek mag doen, weer die reg toestaan. Die Goewerneur-Generaal kon drankverskaffing onder die dopstelsel te eniger tyd verbied of beperkings ten opsigte van die dranksoort instel indien hy die dranksoort as skadelik beskou. Verder kon hy die stelsel in sekere areas verbied.

- (b) Transkei: In die Transkei word drankverspreiding deur Proklamasie 333 van 1949 bepaal. Volgens hierdie proklamasie kan alle persone Bantobier bekom, terwyl nie-Blankes in professies of diegene wat vaste eiendom besit of huur ter waarde van R150 of meer per jaar ook redelike hoeveelhede Blanke-drink vir binne- en buiteverbruik kan bekom.

HOOFSTUK 2

DIE ALGEMENE KENMERKE VAN DIE STEEKPROEF

2.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die algemene kenmerke van die steekproef bespreek en waar dit moontlik is, word dit met die 1951-sensusgegevens van die totale Kleurlingbevolking van Natal en die Kaapprovinsie vergelyk. Die gegevens van die 1951-sensus is gebruik want die steekproef is daarvolgens saamgestel omdat die 1960-sensusgegevens op die stadium toe die steekproef getrek is nog nie volledig beskikbaar was nie.

Die algemene kenmerke van die steekproef wat in hierdie hoofstuk bespreek word, is die volgende: geslagsverdeling, ouderdom, huistaal, huwelikstaat, landelike-stedelike verspreiding, onderwyspeil, beroep, inkomste, kerkverband en geletterdheid.

2.2 GESLAGSVERDELING

In tabel 2.1 word die geslagsverdeling van die ondersoekgroep met dié van die totale Kleurlingbevolking van Natal en die Kaapprovinsie volgens die 1951-sensus vergelyk.

TABEL 2.1
DIE GESLAGSVERDELING
VAN DIE ONDERSOEGROEP

Geslag	Getal	Persentasie	Persentasieverdeling van Kleurlingbevolking van 18 jaar en ouer volgens 1951-sensus
Manlik	500	50,0	49,7
Vroulik	500	50,0	50,3
TOTAAL	1,000	100,0	100,0

Uit tabel 2.1 blyk dit dat 50 persent van die ondersoekgroep mans was en 50 persent vroue. Volgens die 1951-sensusgegevens was 49,7 persent van die Kleurlingbevolking van die ooreenstemmende ouderdom manlik en 50,3 persent vroulik. Die ondersoekgroep wyk dus in 'n baie geringe mate af van die sensusgegevens.

2.3 OUDERDOMSVERSPREIDING

In tabel 2.2 word die ouderdomsverspreiding van die ondersoekgroep vergelyk met die ouderdomsverspreiding van die Kleurlingbevolking van 18 jaar en ouer.

TABEL 2.2

DIE OUDERDOMSVERDELING VAN DIE ONDERSOEKGROEP

Ouderdom	Getal	Persen- tasie	Persentasieverdeling van Kleurlingbevol- king van 18 jaar en ouer volgens 1951- sensus
18 - 20 jaar	61	6.1	12.3
21 - 30 jaar	262	26.2	31.8
31 - 40 jaar	245	24.5	22.0
41 - 50 jaar	213	21.3	15.5
51 - 60 jaar	136	13.6	8.9
61 - 70 jaar	58	5.8	6.3
71 jaar en ouer	25	2.5	3.3
TOTAAL	1,000	100.0	100.0

Uit tabel 2.2 blyk dit dat 'n klein persentasie persone, 6.1 persent van die ondersoekgroep, in die jongste ouderdomsgroep val. Die grootste enkele persentasie van die ondersoekgroep, 26.2 persent, val in die groep 21 tot 30 jaar. Vanaf hierdie ouderdomsgroep daal die persentasie persone geleidelik namate die ouderdom van die ouderdomsgroep hoër word, tot 2.5 persent by die hoogste ouderdomsgroep. Alhoewel die ouderdomsverspreiding van die twee groepe van mekaar verskil, openbaar die 1951-sensusgegewens dieselfde tendens as die ondersoekgroep, naamlik 'n lae persentasie persone in die jongste ouderdomsgroep, 'n hoogtepunt tussen 21 en 30 jaar en 'n geleidelike daling daarna.

Die verskil tussen die ondersoekgroep en die sensusgegewens by die jongste ouderdomsgroep, kan moontlik daaraan gewyt word dat persone in hierdie ouderdomsgroep dikwels uithuisig is met die gevolg dat die veldwerkers nie so veel persone van hierdie ouderdom 'kon ondervra nie. Die teenoorgestelde situasie is waarskynlik deels verantwoordelik vir die feit dat die ondersoekgroep 'n groter persentasie persone in die ouderdomsgroep 51 - 60 jaar insluit as wat die geval in die totale bevolking is.

2.4

HUISTAAL

In tabel 2.3 word die verspreiding van die ondersoekgroep volgens huistaal met die 1951-sensusgegewens in hierdie opsig vergelyk.

TABEL 2.3
DIE HUISTAAL VAN DIE ONDERSOEKGROEP

Huistaal	Getal	Persen- tasie	Persentasieverdeling van Kleurlingbevolking van 15 jaar en ouer volgens 1951-sensus ¹⁾
Afrikaans	877	87.7	88.9
Engels	123	12.3	10.0
Ander	-	-	1.1
TOTAAL	1,000	100.0	100.0

1) Sensusgegevens was slegs beskikbaar vir die ouderdomsgroep 15 jaar en ouer as geheel.

Uit tabel 2.3 blyk dat die ondersoekgroep nie veel van die totale bevolking van 15 jaar en ouer afwyk sover dit die huistaal raak nie. Van die ondersoekgroep was 87.7 persent Afrikaans- en 12.3 persent Engelssprekend. In die bevolking van 15 jaar en ouer was 88.9 persent Afrikaans- en 10.0 persent Engelssprekend. Volgens die sensussyfers was daar 1.1 persent met 'n ander huistaal as Afrikaans of Engels terwyl daar by die ondersoekgroep geeneen in dié kategorie was nie.

2.5

HUWELIKSTAAT

Tabel 2.4 dui die huwelikstaatverspreiding van die ondersoekgroep asook dié van die bevolking van 15 jaar en ouer volgens die 1951-sensus aan.

TABEL 2.4
DIE HUWELIKSTAAT VAN DIE ONDERSOEKGROEP

Huwelikstaat	Getal	Persen- tasie	Persentasieverdeling van Kleurlingbevolking van 15 jaar en ouer volgens 1951-sensus ¹⁾
Nog nie getroud nie	189	18.9	43.1
Getroud	627	62.7	48.5
Was getroud, nou geskei of verlaat	22	2.2	0.7
Nie getroud, maar woon saam met man/vrou	95	9.5	0.7
Wewenaar/Weduwee	67	6.7	7.0
TOTAAL	1,000	100.0	100.0

1) Sensusgegevens was slegs beskikbaar vir die ouderdomsgroep 15 jaar en ouer as geheel.

Blykens tabel 2.4 maak die ongetroude groep 'n kleiner persentasie van die ondersoekgroep uit as van die totale bevolking van 15 jaar en ouer. Die teenoorge- stelde blyk ten opsigte van die getroudes. Omdat die ondersoekgroep persone in- sluit van 18 jaar en ouer en die 1951-sensusyfers persone van 15 jaar en ouer, kan egter verwag word dat daar in die ondersoekgroep 'n kleiner persentasie persone sal wees wat nog nie getroud is nie en 'n groter persentasie wat reeds getroud is, as by die sensusgegewens. Die verskil kan moontlik ook in 'n mate gewyt word aan die feit dat jongmense nie so dikwels as getroudes deur die veldwerkers tuis aange- tref is nie.

Dit blyk ook dat in vergelyking met die sensusgegewens 'n besonder hoë per- sentasie van die persone in die steekproef, naamlik 9.5 persent, saamwoon sonder dat hulle getroud is, terwyl dit by slegs 0.7 persent van die bevolking die geval is. Hierdie huwelikstaatgroep is dus oënskynlik oorverteenvoerdig in die ondersoekgroep. Ten opsigte hiervan moet gemeld word dat die wyse waarop gegewens in hierdie ver- band deur die Buro vir Statistiek versamel word, van die van die onderhawige onder- soek mag verskil en dat die onderskeie persentasies om daardie redes nie direk vergelykbaar is nie, want die veldwerkers van die eie ondersoek was veronderstel om nie sonder meer die antwoord van „getroud" as sodanig te aanvaar nie, maar moes seker maak dat dit 'n wettige huwelik was.

2.6

WOONPLEK

In die volgende tabel word die woonplekverspreiding van die ondersoekgroep weergegee en met die Kleurlingbevolking van 18 jaar en ouer volgens die 1951- sensus vergelyk.

TABEL 2.5
DIE WOONPLEK VAN DIE ONDERSOEKGROEP

Woonplek	Getal	Persen- tasie	Persentasieverdeling van Kleurlingbevol- king van 18 jaar en ouer volgens 1951- sensus
Stad	400	40.0	64.4
Dorp	214	21.4	
Plaas	359	35.9	35.6
Kleinhowe	27	2.7	
TOTAAL	1,000	100.0	100.0

Uit bostaande tabel blyk dit dat 40.0 persent van die ondersoekgroep in stede en 21.4 persent in dorpe gewoon het. Uit die totaal van hierdie twee groepe blyk dit dus dat 61.4 persent in stedelike gebiede woonagtig was, teenoor 64.4 persent van

die totale Kleurlingbevolking van 18 jaar en ouer. Plaas- en kleinhoewebewoners maak 38,6 persent van die ondersoekgroep uit teenoor 35,6 persent van die Kleurlingbevolking. Die voorgenoemde persentasies is egter nie direk vergelykbaar nie want dit mag wees dat die kleinhoewes of ten minste 'n gedeelte daarvan in die sensusopnames as stedelik ingedeel is. Indien dit ook op die ondersoekgroep van toepassing gemaak word, is daar baie min verskil tussen die verspreiding van die universum en die ondersoekgroep ten opsigte van woonplek.

2.7 ONDERWYSPEIL

Die verspreiding van die ondersoekgroep volgens onderwyspeil word in tabel 2.6 weergegee. Vergelykende sensusgegevens was in hierdie geval nie beskikbaar nie.

TABEL 2.6
DIE ONDERWYSPEIL VAN DIE ONDERSOEGGROEP

Onderwyspeil ¹⁾	Getal	Persentasie
Nooit skool gegaan of geen standerd geslaag	352	35,2
Laerskoolkwalifikasies	539	53,9
Hoërskoolkwalifikasies	109	10,9
TOTAAL	1,000	100,0

1) In hierdie steekproef het geen persoon met 'n opleiding na standerd tien voorgekom nie.

Uit tabel 2.6 blyk dit dat die grootste enkele persentasie van die ondersoekgroep, naamlik 53,9 persent een of ander laerskoolkwalifikasie behaal het, terwyl 35,2 persent geen standerd geslaag het of nooit skoolgegaan het nie. Slegs 10,9 persent van die ondersoekgroep het hoërskoolopleiding ontvang.

2.8 BEROEP

In tabel 2.7 word die ondersoekgroep se beroepe ontleed. Die beroepsindelings van die Buro vir Statistiek verskil van dié van die ondersoekgroep en daarom is daar geen vergelyking met sensusgegevens gemaak nie.

TABEL 2.7
DIE BEROEPE VAN DIE ONDERSOEGGROEP

Beroep	Getal	Persentasie
Ongeskoolde werkers en werkloos ¹⁾	572	57.2
Veiligheidsdienste, geskoolde vakmanne en persone met private ondernemings	54	5.4
Huisvrouens, nie ekonomies bedrywige persone	345	34.5
Professionele, tegniese en aanverwante beroepe	29	2.9
TOTAAL	1,000	100.0

1) Omdat hierdie persone, indien hulle werk sou kon kry hoofsaaklik op ongeskoolde werk aangewese sou wees, is hulle saam met die ongeskoolde beroepe geklassifiseer. Indien hulle as 'n aparte groep beskou sou word, sou dit ontledings in latere hoofstukke bemoeilik omdat daar dan baie klein selle sou ontstaan.

Dit blyk uit tabel 2.7 dat verreweg die grootste persentasie, naamlik 57.2 persent van die ondersoekgroep, ongeskoolde werk verrig het of ten tye van die ondersoek werkloos was. Van hierdie 572 persone was 28, dit wil sê 2.8 persent van die totale ondersoekgroep, werkloos.

Die tweede grootste persentasie, naamlik 34.5 persent was huisvrouens of persone wat nie ekonomies bedrywig was nie, terwyl 5.4 persent in veiligheidsdienste werksaam was, 'n ambag beoefen het of 'n privaat onderneming besit het. Slegs 2.9 persent het tot die professionele, tegniese of verwante beroepe behoort.

2.9

INKOMSTE

In tabel 2.8 word die ondersoekgroep volgens inkomste ontleed.

TABEL 2.8
DIE INKOMSTE VAN DIE ONDERSOEKGROEP

Inkomste per week	Getal	Persentasie
Geen	16	1.6
Minder as R5	227	22.7
R5 - R10.99	424	42.4
R11 - R25.99	245	24.5
R26 - R40.99	80	8.0
R41 - R55.99	5	0.5
R56 en meer	3	0.3
TOTAAL	1,000	100.0

Blykens tabel 2.8 het die grootste enkele persentasie van die ondersoekgroep, naamlik 42.4 persent, 'n inkomste van tussen R5 en R10.99 per week gehad, terwyl 22.7 persent se inkomste minder as R5 en 24.5 persent s'n tussen R11 en R25.99 was. Slegs 8.8 persent van die ondersoekgroep se weeklikse inkomste was R26 of hoër en 1.6 persent het geen inkomste gehad nie.

By die inkomste van 'n gesin waar albei egliede werk, is hulle gesamentlike inkomste as die inkomste van die proefpersoon beskou. In die geval van voltydse huisvrouens is die man se inkomste as haar inkomste beskou.

2.10

KERKVERBAND

In tabel 2.9 word die verspreiding van die ondersoekgroep ten opsigte van kerkverband aangedui en met die ooreenstemmende sensussyfers vergelyk.

TABEL 2.9
DIE KERKVERBAND VAN DIE ONDERSOEKGROEP

Kerkverband	Getal	Persentasie	Persentasieverdeling van Kleurlingbevolking van 15 jaar en ouer volgens 1951-sensus
Afrikaanse Susterskerke	261	26.1	30.4
Anglikaanse Kerk, Congregational-kerk, Metodistekerk	448	44.8	40.6
Rooms-Katolieke Kerk	94	9.4	6.2
Apostoliese kerke en Volle Evangelie Kerk	48	4.8	3.4
Geen kerk	12	1.2	1.0
Ander kerke	137	13.7	18.4
TOTAAL	1,000	100.0	100.0

Uit tabel 2.9 blyk 'n groot mate van ooreenkoms tussen die ondersoekgroep en die Kleurlingbevolking van 15 jaar en ouer, sover dit die kerkverband raak.

2.11 LEES- EN SKRYFKENNIS

Tabel 2.10 toon die verspreiding van die ondersoekgroep volgens hul lees- en skryfkennis. Die kriterium wat gestel was, is dat 'n persoon moet kan lees én skryf. Geen sensusgegevens ten opsigte van hierdie faktor is beskikbaar nie.

TABEL 2.10

LEES- EN SKRYFKENNIS VAN DIE ONDERSOEGGROEP

Lees- en skryfkennis	Getal	Persentasie
Kan lees én skryf	623	62,3
Kan nie lees én skryf nie	377	37,7
TOTAAL	1,000	100,0

Volgens tabel 2.10 kon 62,3 persent van die ondersoekgroep lees en skryf terwyl 37,7 persent nie oor beide lees- en skryfkennis beskik het nie.

Indien hierdie gegewens met dié in tabel 2.6 vergelyk word, blyk dit dat daar 'n geringe persentasie persone is wat beweer dat hulle wel 'n skoolstanderd geslaag het maar nie kan lees en skryf nie. Tabel 2.6 dui naamlik aan dat 35,2 persent nooit skoolgegaan het of enige skoolstanderd geslaag het nie terwyl tabel 2.10 aandui dat 37,7 persent nie kan lees en skryf nie.

2.12 SAMEVATTING

Ten opsigte van geslag, ouderdom, huistaal, huwelikstaat, woonplek en kerkverband is die ondersoekgroep met die 1951-sensusgegevens vergelyk. Dit het geblyk dat die ondersoekgroep in 'n groot mate ooreenstem met die totale Kleurlingbevolking van die ooreenstemmende provinsies en dus kan die ondersoekgroep as 'n verteenwoordigende steekproef van die totale Kleurlingbevolking van Kaapland en Natal beskou word.

HOOFSTUK 3

GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN ALKOHOLIESE DRANK

3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word geheelonthouers en gebruikers van alkoholiese drank met mekaar vergelyk ten opsigte van die volgende faktore: Geslag, ouderdom, huistaal, huwelikstaat, woonplek, onderwyspeil, lees- en skryfkennis, beroep, inkomste, kerkverband en eetgewoontes.

3.2 GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS GESLAG

Tabel 3.1 dui die omvang van gebruikers van alkoholiese drank teenoor die geheelonthouers in die ondersoekgroep aan. Verder word geheelonthouers en drankgebruikers ten opsigte van hul geslagsverdeling vergelyk.

TABEL 3.1
GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN
ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS GESLAG

Geslag	Geheelonthouers		Gebruikers		Totaal	
	Getal	Persentasie	Getal	Persentasie	Getal	Persentasie
Manlik	107	21.4	393	78.6	500	100.0
Vroulik	281	56.2	219	43.8	500	100.0
TOTAAL	388	38.8	612	61.2	1,000	100.0

$$X^2 = 126.0402; P < .1\%$$

Uit tabel 3.1 blyk dat 61.2 persent van die ondersoekgroep gebruikers van alkoholiese drank is terwyl 38.8 persent geen alkoholiese drank gebruik nie. Volgens J.D. Venter (3, bl. 20) is 74.9 persent van die Blankes in Suid-Afrika gebruikers van alkoholiese drank. Volgens dié gegewens skyn dit dus asof daar by Kleurlinge 'n kleiner persentasie drankgebruikers is as by Blankes. Ten opsigte hiervan dien gemeld te word dat Kleurlinge se ekonomiese posisie in die algemeen swakker is as dié van Blankes (11, bl. 38) met die gevolg dat waarskynlik minder Kleurlinge as Blankes kan bekostig om drank te koop. Dit mag egter ook wees dat die Kleurlinge as gevolg van agterdog ten opsigte van die doel van die ondersoek meer negatief ingestel was teenoor die ondersoek as wat die geval by die Blankes was en dat hulle minder geredelik erken het dat hulle drankgebruikers is.

Verder blyk uit die tabel dat 'n veel hoër persentasie mans as vroue wel drank gebruik, naamlik 78.6 persent teenoor 43.8 persent. Die verskynsel dat 'n groter

persentasie mans as vroue alkoholiese drank gebruik, is deur ander ondersoekers by ander bevolkingsgroepe ook gevind. Die betreklike groot verskil tussen mans en vroue ten opsigte van die persentasie drankgebruikers, kan waarskynlik teruggevoer word na die byna algemene houding dat dit beter is as vroue geen of slegs klein hoeveelhede sterk drank gebruik.

Volgens Riley en Marden gebruik 65.0 persent van die volwasse bevolking van die Verenigde State alkoholiese drank. By mans is die persentasie drankgebruikers 75.0 persent en by vroue slegs 56.0 persent (1, bl. 60). Hierdie ondersoekers se bevinding toon 'n redelike ooreenkoms met die bevindings ten opsigte van die Kleurlinge se drinkpatroon. By Kleurlinge is die persentasie manlike drankgebruikers egter hoër en die persentasie vroulike drankgebruikers laer as wat by die Amerikaners die geval is. In Kanada is die persentasie drankgebruikers weer hoër as in die V. S. A. By mans is daar 76.0 persent drankgebruikers en by vroue 64.0 persent (2, bl. 120). Onderlinge vergelykings in hierdie verband moet egter met die grootste omsigtigheid gedoen word want ervaring het geleer dat proefpersone dikwels, as hulle slegs af en toe drank gebruik, hulle self as geheelonthouers beskou. Sonder kennis van maatreëls wat hierdie moontlikheid in die verskillende ondersoeke kan uitsluit, kan onderlinge vergelykings moeilik getref word.

3.3 GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS OUDERDOM

Tabel 3.2 toon die ouderdomsverspreiding van geheelonthouers en drankgebruikers aan.

TABEL 3.2
GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN
ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS OUDERDOM

Ouderdomsgroep	Geheelonthouers		Gebruikers		Totaal	
	G	%	G	%	G	%
18 - 20 jaar	36	59.0	25	41.0	61	100.0
21 - 30 jaar	100	38.2	162	61.8	262	100.0
31 - 40 jaar	91	37.1	154	62.9	245	100.0
41 - 50 jaar	62	29.1	151	70.9	213	100.0
51 - 60 jaar	60	44.1	76	55.9	136	100.0
61 - 70 jaar	26	44.8	32	55.2	58	100.0
71 jaar en ouer	13	52.0	12	48.0	25	100.0
TOTAAL	388	38.8	612	61.2	1,000	100.0

$$X^2 = 23,5941; P < .1\%$$

Daar is reeds gemeld dat 61.2 persent van die ondersoekgroep gebruikers van alkoholiese drank is. Indien hierdie persentasie met die persentasie gebruikers in

elke afsonderlike ouderdomsgroep vergelyk word, blyk dit dat by die ouderdomsgroepe 21 tot 30 jaar, 31 tot 40 jaar en veral by die groep 41 tot 50 jaar die persentasie drankgebruikers hoër is as die persentasie wat drankgebruikers van die totale groep uitmaak. Die jongste ouderdomsgroep, naamlik 18 tot 20 jaar en die drie hoogste ouderdomsgroepe, nl. 51 jaar en ouer, het 'n kleiner persentasie drankgebruikers as die totaal, met ander woorde, die grootste persentasie onthouers kom in hierdie ouderdomsgroepe voor. Dit kan maklik begryp word, aangesien die persone in die jongste ouderdomsgroep pas die leeftyd bereik het waarop hulle toegang tot drank verkry en dan moontlik nie dadelik daarvan gebruik maak nie omdat die gebruik van drank nog nie tot 'n gewoonte ontwikkel het nie. In die geval van die drie hoogste ouderdomsgroepe mag dit wees dat die persone se gesondheidstoestand in 'n groter mate as by jonger persone, geheelonthouding vereis. Dit wil ook voorkom asof die hoogste persentasie drankgebruikers saamval met daardie ouderdomsgroepe waar die moontlikheid om 'n goeie inkomste te hê, die beste is.

Die resultate van die ondersoek wat na die drinkgewoontes van die Blankes ingestel is, kom in 'n groot mate hiermee ooreen. Die ondersoeker het naamlik gevind dat by Blankes sowel die hoër ouderdomsgroepe (40 jaar en ouer) as die laagste ouderdomsgroep (20 jaar en jonger) die grootste persentasie geheelonthouers oplewer (3, bl. 23.)

3.4 GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS HUISTAAL

Tabel 3.3 dui die verdeling van geheelonthouers en gebruikers volgens huistaal aan.

TABEL 3.3
GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN
ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS HUISTAAL

Huistaal	Geheelonthouers		Gebruikers		Totaal	
	G	%	G	%	G	%
Afrikaans	346	39.5	531	60.5	877	100.0
Engels	42	34.1	81	65.9	123	100.0
TOTAAL	388	38.8	612	61.2	1,000	100.0

$$X^2 = 1.0654; 50\% > P > 30\%$$

Uit tabel 3.3 blyk dat die persentasie onthouers by Afrikaanssprekendes ietwat hoër is as by Engelssprekendes, nl. 39.5 persent teenoor 34.1 persent. Hierdie verskil hoef nie noodwendig met die huistaal as sodanig saam te hang nie maar

waarskynlik wel met ander faktore soos onderwyspeil, inkomste, beroep, landelik-stedelike verblyf en so meer wat op hulle beurt weer moontlik met huistaal verband het.

Uit die chi-kwadraatwaarde vir tabel 3.3 blyk dit egter dat daar nie 'n statisties betekenisvolle verband tussen huistaal en drankgebruik of onthouding by Kleurlinge bestaan nie.

3.5 GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS HUWELIKSTAAT

In tabel 3.4 word die huwelikstaat van geheelonthouers teenoor dié van gebruikers van alkoholiese drank gestel.

TABEL 3.4
GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS
VAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS HUWELIKSTAAT

Huwelikstaat	Geheelonthouers		Gebruikers		Totaal	
	G	%	G	%	G	%
Nog nie getroud nie	74	39.2	115	60.8	189	100.0
Getroud	243	38.8	384	61.2	627	100.0
Was getroud, nou geskei of verlaat	9	40.9	13	59.1	22	100.0
Nie getroud, maar woon saam met man/vrou	26	27.4	69	72.6	95	100.0
Wewenaar/Weduwee	36	53.7	31	46.3	67	100.0
TOTAAL	388	38.8	612	61.2	1,000	100.0

$$X^2 = 11.5704; 5\% > P > 2\%$$

Dit het reeds geblyk dat 38.8 persent van die persone in die steekproef onthouers van drank is. Hierteenoor blyk dit verder uit tabel 3.4 dat 53.7 persent van die wewenaars en weduwees geen alkoholiese drank gebruik nie. Hierdie persone sluit waarskynlik 'n groot persentasie persone in die hoër ouderdomsgroepe in en uit tabel 3.2 het reeds geblyk dat daar in die hoër ouderdomsgroepe 'n groter persentasie onthouers is. Die tweede grootste persentasie onthouers word by die groep wat geskei of verlaat is, aangetref, nl. 40.9 persent.

Dit val ook op dat persone wat saam woon sonder om getroud te wees 'n groter persentasie drankgebruikers insluit as die persentasie drankgebruikers in die totale ondersoekgroep. Die saamwonendes by Kleurlinge word waarskynlik ook in die laagste sosio-ekonomiese lae van die bevolking aangetref en indien persone dus buite huweliksverband saamleef, kan dit ook verwag word dat hulle hul vir 'n groter persentasie ook aan ander euwels (drankmisbruik) sal skuldig maak.

3.6

GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN ALKOHOLIESE DRANK
VOLGENS WOONPLEK

In tabel 3.5 word die woonplek van die ondersoekgroep volgens gewoonte om alkoholiese drank te gebruik al dan nie, ontleed.

TABEL 3.5

GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS
VAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS WOONPLEK

Woonplek	Geheelonthouers		Gebruikers		Totaal	
	G	%	G	%	G	%
Stad	140	35.0	260	65.0	400	100.0
Dorp	98	45.8	116	54.2	214	100.0
Plaas	138	38.4	221	61.6	359	100.0
Kleinhoewe	12	44.4	15	55.6	27	100.0
TOTAAL	388	38.8	612	61.2	1,000	100.0

$$X^2 = 7.2232; 10\% > P > 5\%$$

Volgens tabel 3.5 word die grootste persentasie onthouers in dorpe, (45.8%) en die tweede grootste persentasie (44.4%) op kleinhoewes aangetref. Stede sluit die grootste persentasie gebruikers in terwyl plase met die tweede grootste persentasie gebruikers ook nog 'n groter persentasie drankgebruikers insluit as die totale ondersoekgroep.

Volgens sowel die verkreë chi-kwadraatwaarde as die persentasieverdeling kan drankgebruik dus nie bo alle twyfel as 'n meer stedelike verskynsel beskou word nie, want hoewel stede die grootste persentasie drankgebruikers het, het sowel dorpe as kleinhoewes kleiner persentasies drankgebruikers as plase. Die relatief hoë persentasie drankgebruikers op plase word waarskynlik veroorsaak deur die dopstelsel wat op plase in swang is en waarvolgens plaasarbeiders bo die ouderdom van 21 jaar gratis drank van hul werkgewers kan ontvang. In 'n ondersoek wat deur Riley en Marden in die V.S.A. gedoen is, is daarenteen 'n verband tussen die woonplek van 'n persoon en drankgebruik gevind. "The proportion of drinkers varies positively with increasing size of community, from 46 per cent in the farm areas to 77 per cent in the largest cities" (1, bl. 60).

3.7

GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN ALKOHOLIESE DRANK
VOLGENS ONDERWYSPEIL

In tabel 3.6 word die geheelonthouers wat in hierdie ondersoek gevind is, met die gebruikers van alkoholiese drank ten opsigte van hul onderwyspeil vergelyk.

TABEL 3.6
 GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN
 ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS ONDERWYSPEIL

Onderwyspeil	Geheelonthouers		Gebruikers		Totaal	
	G	%	G	%	G	%
Nooit skoolgegaan of geen standaard geslaag nie	125	35.5	227	64.5	352	100.0
Laerskoolkwalifikasies	210	38.0	329	61.0	539	100.0
Hoërskoolkwalifikasies	53	48.6	56	51.4	109	100.0
TOTAAL	388	38.8	612	61.2	1,000	100.0

$$X^2 = 6,0391; 5\% > P > 2\%$$

Uit tabel 3.6 blyk 'n duidelike tendens want namate die onderwyspeil van die onderwyspeilgroep hoër is, is die persentasie drankgebruikers kleiner. Dit daal vanaf 64.5 persent in die laagste onderwyspeilgroep na 51.4 persent in die hoogste onderwyspeilgroep. Dit is moontlik dat persone met relatief hoër skoolkwalifikasies nie dikwels in beroepe betrek word waar hulle vir die dopstelsel in aanmerking kom nie. Hierteenoor word persone sonder skoolopleiding of met lae skoolkwalifikasies moontlik dikwels as plaasarbeiders in diens geneem met die gevolg dat hulle dikwels gratis drank van hul werkgewers ontvang. 'n Verdere faktor wat hier in aanmerking geneem kan word, is dat die Kleurling moontlik namate hy hoër kwalifikasies behaal, drankgebruik (drankmisbruik) met die swakker tipe Kleurling assosieer (9, bl. 92). Hierdie bewering kom ooreen met 'n opmerking van A. S. du Toit in sy ondersoek na assosiasie tussen Kleurlinge en Bantoes. "Die gebruik van alkoholiese drank speel 'n belangrike rol in die lewe van veral die laer klas Kleurlingman" (4, bl. 184).

Uit die ondersoek na die Blankes se drinkpatroon blyk die teenoorgestelde tendens, (3, bl. 30) want met die uitsondering van die groep met naskoolse kwalifikasies, styg die persentasie drankgebruikers namate die onderwyspeil hoër is. Riley en Marden het ook bevind dat persone met hoërskoolopleiding 'n groter persentasie drankgebruikers insluit as persone met slegs laerskoolkwalifikasies (1, bl. 61).

3.8 GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS LEES- EN SKRYFKENNIS

In tabel 3.7 word die lees- en skryfkennis van geheelonthouers teenoor dié

van die gebruikers van alkoholiese drank gestel.

TABEL 3.7
 GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN
 ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS LEES- EN SKRYFKENNIS

Lees- en skryfkennis	Geheelonthouers		Gebruikers		Totaal	
	G	%	G	%	G	%
Kan lees en skryf	260	41,7	363	58,3	623	100,0
Kan nie lees en skryf nie	128	34,0	249	66,0	377	100,0
TOTAAL	388	38,8	612	61,2	1,000	100,0

$$X^2 = 5,6657; 2\% > P > 1\%$$

Uit tabel 3.7 blyk dit dat daar by die groep wat nie kan lees en skryf nie, 'n veel hoër persentasie (66,0 %) drankgebruikers is as by die groep wat wel kan lees en skryf (58,3 %).

Hierdie gegewens stem ooreen met dié in tabel 3.6 waar geblyk het dat die persentasie drankgebruikers kleiner is, namate die onderwyspeil hoër is. Waarskynlik speel sowel die soort werk wat gedoen word as die assosiasie van drank met 'n swakker tipe Kleurling, soos reeds by 3.6 opgemerk, ook hier 'n rol.

3.9 GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS BEROEP

Tabel 3.8 toon die verspreiding van die beroepsgroepe van geheelonthouers en drankgebruikers aan.

TABLE 3.8
 GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS
 VAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS BEROEP

Beroepsgroep	Geheelonthouers		Gebruikers		Totaal	
	G	%	G	%	G	%
Ongeskoolde werkers en werkloses	164	28.7	408	71.3	572	100.0
Veiligheidsdienste, geskoolde vakmanne en persone met privaatondernemings	13	24.1	41	75.9	54	100.0
Huisvrouens, nie-ekonomies bedrywige persone	197	57.1	148	42.9	345	100.0
Professionele, tegniese en verwante beroepe	14	48.3	15	51.7	29	100.0
TOTAAL	388	38.8	612	61.2	1,000	100.0

$$\chi^2 = 61.1000; P < .1\%$$

Volgens tabel 3.8 word die grootste persentasie drankgebruikers, naamlik 75.9 persent, by persone in die veiligheidsdienste, persone met private ondernemings en by geskoolde vakmanne aangetref terwyl die persentasie drankgebruikers by ongeskooldes slegs 'n bietjie laer is, naamlik 71.3 persent.

Blykens tabel 3.8 sluit professionele, tegniese en aanverwante beroepe die kleinste persentasie gebruikers in. Daar kan aangeneem word dat persone in hierdie beroepe oor die algemeen die hoogste skoolkwalifikasies behaal het, en uit tabel 3.6 het geblyk dat die persentasie drankgebruikers afneem namate die onderwyspeilgroep hoër is. Die klein persentasie drankgebruikers by hierdie beroepsgroep hang dus moontlik saam met hul relatief hoër onderwyspeil. Die vermoede dat die ontwikkelde en meer gegoede Kleurling die gebruik, en vermoedelik meer dikwels die misbruik, van drank met die swakker tipe Kleurling assosieer, word dus deur voorgenoemde bevindings versterk.

GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN ALKOHOLIESE DRANK
VOLGENS INKOMSTE

In tabel 3.9 word die weeklikse inkomste van geheelonthouers teenoor dié van gebruikers van alkoholiese drank gestel.

TABEL 3.9
GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN
ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS INKOMSTE

Inkomste per week	Geheelonthouers		Gebruikers		Totaal	
	G	%	G	%	G	%
Geen	9	56.2	7	43.8	16	100.0
Minder as R5	92	40.5	135	59.5	227	100.0
R5 – R10.99	168	39.6	256	60.4	424	100.0
R11 – R25.99	92	37.6	153	62.4	245	100.0
R26 – R40.99	24	30.0	56	70.0	80	100.0
R41 en meer	3	37.5	5	62.5	8	100.0
TOTAAL	388	38.8	612	61.2	1,000	100.0

$$\chi^2 = 5.2339; 50\% > P > 30\%$$

Volgens die berekende chi-kwadraatwaarde is die verband tussen inkomste en drankgebruik of onthouding van drank nie statisties betekenisvol nie. Uit die tabel skyn dit asof die persentasie drankgebruikers geleidelik toeneem, met die uitsondering van die hoogste inkomstegroep, namate die inkomste van die inkomstegroep hoër is. Daar is reeds aangetoon dat die persentasie drankgebruikers afneem namate die onderwyspeil hoër is. Omdat dit teenstrydig skyn te wees met die tendens in tabel 3.6 as aanvaar word dat 'n hoër inkomste met 'n hoër onderwyspeil verband hou, moet daarop gewys word dat daar in tabel 3.9 met die gesinsinkomste gewerk word. 'n Man en vrou se onderwyspeil is nie noodwendig dieselfde nie, met die gevolg dat daar in sommige gevalle met bv. die vrou se onderwyspeil, maar met haar man of gesin se inkomste gewerk word.

GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN ALKOHOLIESE DRANK
VOLGENS HUL KERKVERBAND

Geheelonthouers en drankgebruikers word in tabel 3.10 met mekaar vergelyk ten opsigte van hul kerkverband.

TABEL 3.10
 GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN ALKOHOLIESE
 DRANK VOLGENS KERKVERBAND

Kerkverband	Geheelonthouers		Gebruikers		Totaal	
	G	%	G	%	G	%
Afrikaanse Susterskerke	101	38.7	160	61.3	261	100.0
Anglikaanse Kerk, Congregational kerk, Metodistekerk	172	38.4	276	61.6	448	100.0
Rooms-Katolieke Kerk	37	39.4	57	60.6	94	100.0
Apostoliese kerke en Volle Evangelie Kerk	17	35.4	31	64.6	48	100.0
Geen kerk	1	8.3	11	91.7	12	100.0
Ander kerke	60	43.8	77	56.2	137	100.0
TOTAAL	388	38.8	612	61.2	1,000	100.0

$$X^2 = 6.4070; 30\% > P > 20\%$$

Uit die gegewens in tabel 3.10 blyk dit dat behalwe vir 'n besonder hoë persentasie drankgebruikers by die klein groepie kerkloses, die kerkverband nie 'n betekenisvolle verband met drankgebruik of onthouding het nie.

3.12 GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS EETGEWOONTES

Geheelonthouers en drankgebruikers word in tabel 3.11 met mekaar vergelyk ten opsigte van hulle eetgewoontes.

TABEL 3.11
 GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS EETGEWOONTES

Eetgewoontes	Geheelonthouers		Gebruikers		Totaal	
	G	%	G	%	G	%
Drie maaltye per dag	377	97.2	560	91.5	937	93.7
Twee maaltye per dag	9	2.3	48	7.8	57	5.7
Een maaltyd per dag	2	0.5	4	0.7	6	0.6
TOTAAL	388	100.0	612	100.0	1,000	100.0

Uit tabel 3.11 blyk dit dat die eetgewoontes van geheelonthouers van alkoholiese drank effens meer gereeld is as dié van drankgebruikers. Daar moet in gedagte gehou word dat die gebruik van alkoholiese drank 'n persoon se eetlus moontlik mag verminder. In 'n publikasie van die Universiteit van Yale konstateer Norman Jolliffe die volgende: „First, strong alcoholic beverages, such as the distilled spirits, especially when drunk undiluted, affect the mucosa or lining of the stomach. As a result there may be vomiting with loss of food, and there is most certainly loss of appetite. The loss of appetite limits the desire for and the intake of food." (5, bl. 74).

3.13 SAMEVATTING

- 3.13.1 'n Veel groter persentasie mans as vroue is gebruikers van alkoholiese drank.
- 3.13.2 Persone tussen die ouderdomme 21 en 50 jaar lewer 'n groter persentasie drankgebruikers as die ander ouderdomsgroepe.
- 3.13.3 Afrikaanssprekendes het 'n effens groter persentasie geheelonthouers as Engelssprekendes.
- 3.13.4 Slegs persone wat nie getroud is nie maar saamwoon as man en vrou, lewer 'n groter persentasie drankgebruikers as die totaal.
- 3.13.5 Hoewel stede die grootste persentasie drankgebruikers insluit, blyk dit dat die persentasie drankgebruikers nie daal namate die graad van stedelikheid afneem nie.
- 3.13.6 Namate die onderwyspeil van die onderwyspeilgroep hoër is, neem die persentasie drankgebruikers af.
- 3.13.7 Persone wat kan lees en skryf sluit 'n kleiner persentasie drankgebruikers in as persone wat nie kan lees en skryf nie.
- 3.13.8 Persone wat ongeskoolde werk verrig, sluit die grootste persentasie drankgebruikers van al die beroepsgroepe in, terwyl persone in professionele, tegniese en verwante beroepe die kleinste persentasie drankgebruikers het.
- 3.13.9 Namate die proefpersone se gesinsinkomste hoër is, is daar 'n groter persentasie drankgebruikers behalwe in die hoogste inkomstegroep waar die persentasie drankgebruikers net effens hoër is as die persentasie vir die ondersoekgroep as geheel.
- 3.13.10 Duidelike verskille tussen lidmate van die verskillende kerke ten opsigte van drankgebruik of onthouding kan nie opgemerk word nie.
- 3.13.11 Dit blyk dat die eetgewoontes van geheelonthouers effens meer gereeld is as dié van drankgebruikers.

HOOFSTUK 4
DIE DRINKMOTIEF

4.1 INLEIDING

Wanneer die drinkpatroon van 'n groep bestudeer word, is die drinkmotief waarskynlik daardie deel van die ondersoekterrein waarvoor korrekte inligting die moeilikste bekombaar is. Hierdie verskynsel kan daaraan toegeskryf word dat die proefpersoon dikwels geneig is om eerder daardie redes wat hy as moreel meer aanvaarbaar beskou, vir sy drinkgewoonte aan te voer. Meestal is die proefpersoon self ook nie bewus van die werklike rede waarom hy drank gebruik nie. In hoeverre hierdie subjektiewe elemente in die onderhawige ondersoek opgeneem is, kan ongelukkig nie bepaal word nie, en daarom word die gegewens in hierdie hoofstuk met daardie voorbehoud aangebied.

Die redes wat deur die proefpersone vir hul drinkgewoonte aangevoer is, is om bogemelde redes slegs in twee hoofgroepe saamgevat naamlik fisiologiese en nie-fisiologiese redes. Eersgenoemde groep sluit motiewe soos „omdat dit dors les“, „omdat dit voedsel is“, „omdat dit lekker smaak“ in terwyl die nie-fisiologiese motiewe redes soos „vergemakliking van sosiale verkeer“, „verligting van spanning en bekommernis“ insluit.

Vervolgens word daar ook in hierdie hoofstuk ingegaan op die moontlike verband tussen die drankmotief en ander maatskaplike faktore.

4.2 DIE DRINKMOTIEF VOLGENS GESLAG

In tabel 4.1 word aangedui in hoeverre die twee geslagte dieselfde of verskillende drinkmotiewe het.

TABEL 4.1
REDES VIR DRANKGEBRUIK VOLGENS GESLAG

Drinkmotief	Manlik		Vroulik		Totaal	
	G	%	G	%	G	%
Fisiologiese redes	192	48.9	66	30.1	258	42.2
Nie-fisiologiese redes	201	51.1	153	69.9	354	57.8
TOTAAL	393	100.0	219	100.0	612	100.0

$$X^2 = 20.2059; P < .1\%$$

Uit tabel 4.1 blyk dit dat 42.2 persent van die ondersoekgroep fisiologiese redes as drinkmotief aangedui het, terwyl die res, nl. 57.8 persent, nie-fisiologiese redes aangedui het vir hul gewoonte om drank te gebruik.

Verder blyk dit dat 'n heelwat groter persentasie van die vroue nie-fisiologiese drinkmotiewe het as wat die geval by die totale groep is, naamlik 69.9 persent teenoor 57.8 persent. By mans geld die teenoorgestelde (51.1% teenoor 57.8%). Die rede hiervoor is waarskynlik daarin geleë dat vroue, wat oor die algemeen (dit sal ook later bewys word) 'n ligte drinkpatroon het, slegs by geleenthede drank gebruik en dus meer sosiale drinkers is.

4.3

REDES VIR DRANKGEBRUIK VOLGENS OUDERDOM

In tabel 4.2 word aangedui in hoeverre die ouderdom van die proefpersoon 'n verband toon met sy drinkmotief.

TABEL 4.2
REDES VIR DRANKGEBRUIK VOLGENS OUDERDOM

Drinkmotief	18 - 30 jaar		31 - 50 jaar		51 jaar en ouer		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%
Fisiologiese redes	69	36.9	132	43.3	57	47.5	258	42.2
Nie-fisiologiese redes	118	63.1	173	56.7	63	52.5	354	57.8
TOTAAL	187	100.0	305	100.0	120	100.0	612	100.0

$$X^2 = 3.6825; 20\% > P > 10\%$$

Uit tabel 4.2 blyk dit dat die persentasie persone wat fisiologiese drinkmotiewe het, reëlmatig toeneem namate die ouderdom van die ouderdomsgroep hoër is en wel vanaf 36.9 persent en 43.3 persent na 47.5 persent vir die onderskeie ouderdomsgroepe. Ooreenkomstig daal die persentasie persone met nie-fisiologiese drinkmotiewe.

Ter verklaring van hierdie tendense kan daarop gewys word dat die Kleurlinge in die hoër ouderdomsgroepe waarskynlik meer persone insluit met 'n relatiewe geringe skoolopleiding as die jonger ouderdomsgroepe omdat die onderwysfasiliteite vir Kleurlinge in die afgelope jare baie verbeter het (7, bl. 94). Die onderwyspeil is volgens die ondersoek van Sheila Patterson een van die belangrikste determinante in die bepaling van klasse-onderskeid (7, bl. 163). Daar kan dus aanvaar word dat daar in die hoër ouderdomsgroepe, volgens die voorgenoemde norm, waarskynlik meer Kleurlinge is wat meer ingestel is op die bloot liggaamlike genietinge en meer

dikwels om fisiologiese redes drank gebruik en dus nie so gesofistikeerd in hulle drinkgewoontes is as die hoër ontwikkelde groepe nie (vgl. ook tabel 4.6).

'n Ander moontlike verklaring lê in die feit dat die jongste ouderdomsgroep in 'n groter mate as die ander ouderdomsgroepe, nog geen vaste drinkpatroon ontwikkel het nie en dus selde die drank vir fisiologiese redes gebruik, maar meer dikwels onder die invloed van hul vriende in groepverband en dus om sosiale redes drank gebruik.

4.4

REDES VIR DRANKGEBRUIK VOLGENS HUISTAAL

Tabel 4.3 het betrekking op die drinkmotief soos dit by die twee huistaalgroepe aangetref word.

TABEL 4.3
REDES VIR DRANKGEBRUIK VOLGENS
HUISTAAL

Drinkmotief	Afrikaans		Engels		Totaal	
	G	%	G	%	G	%
Fisiologiese redes	243	45.8	15	18.5	258	42.2
Nie_fisiologiese redes	288	54.2	66	81.5	354	57.8
TOTAAL	531	100.0	81	100.0	612	100.0

$$\chi^2 = 3.6130; 10\% > P > 5\%$$

Volgens tabel 4.3 dui 'n veel groter persentasie Afrikaanssprekendes fisiologiese redes as drinkmotief aan as wat die geval by Engelssprekendes is, naamlik 45.8 persent teenoor 18.5 persent. Ten einde 'n verklaring hiervoor te vind, word die twee huistaalgroepe met mekaar vergelyk ten opsigte van inkomste, onderwyspeil en geletterdheid (kyk bylaag 2).

Daar sal later in hierdie hoofstuk aangetoon word dat die meer goeie en betergestelde Kleurlinge minder dikwels alkoholiese drank bloot om fisiologiese redes gebruik. Verder blyk dit uit die voorgenoemde tabelle in bylaag 2 dat die Engelssprekende Kleurling oor die algemeen 'n hoër ontwikkelingspeil en ook 'n hoër inkomste het as die Afrikaanssprekende groep en daarom kan verwag word dat suiwer liggaamlike genot by die Engelssprekende groep se motivering vir drankgebruik 'n geringer rol behoort te speel. Die fisiologiese genotsaspek het dus by hierdie groep al in 'n mate verdwyn deurdat hulle op 'n „hoër vlak" leef waar die psigologiese_sosiale redes 'n belangriker rol speel.

Die verband tussen huwelikstaat en drinkmotief word in tabel 4.4 aangedui.

TABEL 4.4
REDES VIR DRANKGEBRUIK VOLGENS HUWELIKSTAAT

Drinkmotief	Nog nie getrou nie		Getrou		Was getrou, nou geskei of verlaat		Woon saam met man/vrou		Wewenaar/Weduwee		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Fisiologiese redes	39	33,9	168	43,8	4	30,8	35	50,7	12	38,7	258	42,2
Nie-fisiologiese redes	76	66,1	216	56,2	9	69,2	34	49,3	19	61,3	354	57,8
Totaal	115	100,0	384	100,0	13	100,0	69	100,0	31	100,0	612	100,0

$$X^2 = 6,5235; 20\% > P > 10\%$$

Uit tabel 4.4 blyk dit dat fisiologiese redes verreweg die grootste persentasie-aandeel het by die groep persone wat nie getrou is nie, maar saamwoon. Die persone in hierdie huwelikstaatgroep behoort ongetwyfeld in die meerderheid gevalle tot die laer stande in die Kleurlingbevolking. Hoewel daar nie beweer word dat buite-egtelike verhoudings nie by die hoër stande aangetref word nie, kan tog genoeg word dat dit beslis nie as wenslik beskou word by die hoër stande nie (7, bl. 150). Volgens A.G. Weiss keur die hoër stand buite-egtelike verhoudings streng af, terwyl die middelklas 'n meer gematigde houding en die laer klasse 'n feitlik onverskillige houding daarteenoor inneem (8, bl. 44 - 45). Met inagneming van die besprekings van die voorafgaande tabelle is dit dus geensins verbasend dat hierdie huwelikstaatgroep, in so 'n groot persentasie gevalle fisiologiese drinkmotiewe aandui nie, aangesien die groep blykbaar uit die minder gesofistikeerde Kleurlinge bestaan.

Die getalle vir die groepe „was getrou,” „nou geskei of verlaat” en „wewenaar/weduwee” is baie gering en word dus nie verder by die bespreking en ontleding betrek nie.

Sover dit die getroude groep betref, blyk dit dat 43,8 persent fisiologiese redes as drinkmotief aandui, terwyl dit by slegs 33,9 persent van die ongetroudes die geval is. Die kleiner persentasie ongetroudes wat fisiologiese drinkmotiewe aandui, kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat hulle gemiddeld jonger persone insluit as die getroude groep en soos dit reeds uit tabel 4.2 geblyk het, drink 'n kleiner persentasie van die jonger persone as gevolg van fisiologiese redes alkoholiese drank. Dieselfde verklaring as wat in tabel 4.2 aangebied is, kan dus in hierdie geval ook geld.

Die redes vir drankgebruik word vervolgens in verband gebring met die woonplek van die proefpersoon.

TABEL 4. 5
REDES VIR DRANKGEBRUIK VOLGENS WOONPLEK

Drinkmotief	Stedelik ¹⁾		Platteland		Totaal	
	G	%	G	%	G	%
Fisiologiese redes	138	35.3	120	54.3	258	42.2
Nie-fisiologiese redes	253	64.7	101	45.7	354	57.8
TOTAAL	391	100.0	221	100.0	612	100.0

$$\chi^2 = 20.9127; \quad P < .1\%$$

1) Die stedelike groep sluit behalwe waar anders vermeld, ook diegene wat in dorpe en op kleinboewes woon, in.

Uit tabel 4. 5 blyk dit dat meer as die helfte, nl. 54.3 persent, van diegene wat op die platteland woonagtig was, fisiologiese redes as die belangrikste drinkmotief aandui, terwyl slegs 35.3 persent stedelinge en 42.2 persent van die totale groep motiewe van dié aard het. Soos reeds gemeld, is die Engelssprekendes feitlik uitsluitlik in stede aangetref en dit het ook geblyk dat hulle baie meer ontwikkel is as die Afrikaanssprekendes en ook in 'n mindere mate fisiologiese drinkmotiewe het. Na aanleiding hiervan verbaas die groot verskil in drinkmotief tussen die stedelike en plattelandse groep dus glad nie. 'n Verdere faktor waarmee daar in hierdie verband rekening gehou moet word, is dat die stedelike groep 'n groter persentasie van die meer verfynde Kleurlinge insluit, die tipe Kleurling wat spanning ondervind in sy beroep en posisie in die samelewing en dus waarskynlik drank nuttig om tydelike verligting van die spanning te kry.

In hoe 'n mate daar 'n verband tussen die drinkmotief en die onderwyspeil van die ondersoekgroep is, word in tabel 4. 6 aangedui.

TABEL 4.6
REDES VIR DRANKGEBRUIK VOLGENS ONDERWYSPEIL

Drinkmotief	Nooit skoolge- gaan of geen stan- derd geslaag nie		Laerskool- kwalifikasies		Hoërskool- kwalifikasies		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%
Fisiologiese redes	126	55.5	123	37.4	9	16.1	258	42.2
Nie-fisiologiese redes	101	44.5	206	62.6	47	83.9	354	57.8
TOTAAL	227	100.0	329	100.0	56	100.0	612	100.0

$$X^2 = 35.2875; P < .1\%$$

Ut tabel 4.6 blyk dit dat die belangrikheid van fisiologiese redes as drinkmotief afneem namate die onderwyspeil van die onderwyspeilgroep hoër is. In tabel 4.2 is reeds aangetoon dat fisiologiese redes 'n groter rol speel by die hoër ouderdomsgroepe en daar is daarop gewys dat dit waarskynlik saamhang met die swakker onderwyspeil van hierdie groep. Volgens die tendens in tabel 4.6 skyn laasgenoemde afleiding uit tabel 4.2 geregverdig te wees.

Die gegewens in tabel 4.6 is weer eens 'n bewys dat die meer verfynde Kleurling met die hoër lewenspeil ietwat weg staan van die suiwer liggaamlike genietinge wat uit drankgebruik verkry word terwyl dit by die minder verfynde Kleurling waarskynlik die belangrikste plek inneem. Dit kan ook weer genoem word dat die hoër onderwyspeil-groepe meer stedelinge insluit wat in situasies betrek word waar hulle om psigologies-sosiale redes drank gebruik, met ander woorde nie-fisiologiese redes.

4.8 REDES VIR DRANKGEBRUIK VOLGENS BEROEP

In tabel 4.7 is die drinkmotiewe van die proefpersone in verband gebring met hul beroepe.

TABEL 4.7
REDES VIR DRANKGEBRUIK VOLGENS BEROEP

Drinkmotief	Ongeskoolde werkers en werkloses		Veiligheids-dienste, pri-vaat onder-nemings, ge-skoolde vak-manne		Huisvrouens, nie-ekono-mies bedrywige persone		Professionele, tegniese en verwante beroepe		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Fisiologiese redes	192	47.1	15	36.6	49	33.1	2	13.3	258	42.2
Nie-fisiologiese redes	216	52.9	26	63.4	99	66.9	13	86.7	354	57.8
TOTAAL	408	100.0	41	100.0	148	100.0	15	100.0	612	100.0

$$X^2 = 14.6222; 1\% > P > .1\%$$

Uit tabel 4.7 blyk dit dat fisiologiese redes, by die ongeskoolde beroepe, van al die beroepsgroepe, verreweg die grootste rol speel met ander woorde die groep wat waarskynlik gemiddeld die laagste onderwyspeil het. Die nie-fisiologiese redes het die grootste persentasie-aandeel by professionele, tegniese en aanverwante beroepe (86,7%) en die tweede grootste by huisvrouens en nie-ekonomiese bedrywige persone (66,9%) teenoor 57,8 persent by die totale groep. Laasgenoemde beroepsgroep sluit baie vroue in en dit het reeds geblyk dat vroue in 'n veel geringer mate as mans fisiologiese drinkmotiewe het. Die professionele en tegniese beroepe, wat die meer gesofistikeerde Kleurlinge in die ondersoekgroep insluit, het in 'n groot mate nie-fisiologiese redes aangedui. Ter samevatting van die gegewens in tabel 4.7 kan weer eens herhaal word dat die meer ontwikkelde Kleurlinge ander redes aangevoer het waarom hulle alkoholiese drank gebruik as die bloot fisiologiese wat by die minder ontwikkeldes weer 'n baie belangrike rol speel.

4.9 REDES VIR DRANKGEBRUIK VOLGENS INKOMSTE

Vervolgens word die drinkmotief ontleed volgens die weeklikse gesinsinkomste van die proefpersoon.

TABEL 4.8
REDES VIR DRANKGEBRUIK VOLGENS
INKOMSTE

Drinkmotief	Geen		Minder as R5		R5-R10.99		R11-R25.99		R26 en meer		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Fisiologiese redes	1	14.3	64	47.4	131	51.2	50	32.7	12	19.7	258	42.2
Nie-fisiologiese redes	6	85.7	71	52.6	125	48.8	103	67.3	49	80.3	354	57.8
TOTAAL	7	100.0	135	100.0	256	100.0	153	100.0	61	100.0	612	100.0

$$X^2 = 30.5700; P < .1\%$$

Uit tabel 4.8 blyk daar nie 'n duidelike tendens nie, omdat dit waarskynlik, soos reeds gemeld, die weeklikse inkomste van die gesin en nie van die proefpersoon alleen is nie. Dit wil egter tog voorkom asof die twee hoogste inkomstegroepe meer dikwels om nie-fisiologiese redes drank gebruik as die laer inkomstegroepe - 'n neiging wat strook met die algemene afleidings in hierdie hoofstuk.

4.10 REDES VIR DRANKGEBRUIK VOLGENS DIE WAARDE VAN DIE DRANK WAT DIE PROEFPERSOON ALLEEN PER WEEK VERBRUIK

In tabel 4.9 word die redes vir drankgebruik in verband gebring met die waarde van die drank wat die proefpersoon alleen gemiddeld per week verbruik.

TABEL 4.9
REDES VIR DRANKGEBRUIK VOLGENS DIE WAARDE VAN DIE
DRANK WAT DIE PROEFPERSOON ALLEEN PER WEEK VERBRUIK

Drinkmotief	Minder as R1		R1.00 - R2.99		R3 en meer		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%
Fisiologiese redes	205	42.8	46	42.6	7	28.0	258	42.2
Nie-fisiologiese redes	274	57.2	62	57.4	18	72.0	354	57.8
TOTAAL	479	100.0	108	100.0	25	100.0	612	100.0

$$X^2 = 2.1435; 50\% > P > 30\%$$

Uit tabel 4.9 blyk dit dat die persentasie persone wat fisiologiese drinkmotiewe het, daal namate die waarde van die drank wat die persoon alleen per week verbruik, styg, en wel soos volg: 42.8 persent, 42.6 persent en 28.0 persent vir die onderskeie groepe. Daar kan ook afgelei word dat die groep wat R3.00 of meer se drank per week

verbruik óf die duurder dranksoorte gebruik óf groter hoeveelhede drank gebruik. Dit sal uit verdere hoofstukke aan die lig kom dat die hoogste beroepsgroep in 'n groter mate as die ander beroepsgroepe voorkeur gee aan die duurder dranksoorte waarskynlik veral omdat hulle dit kan bekostig. Die gevolg is dan ook dat die nie-fisiologiese redes wat 'n groter rol by die gegoede Kleurlinge as by die mindergegoedes speel, ook by daardie groep wat 'n relatief groot bedrag se alkoholiese drank per week verbruik, 'n groter rol speel as by daardie groepe wat 'n relatief klein bedrag se drank verbruik.

4.11 REDES VIR DRANKGEBRUIK VOLGENS DIE GETAL DRANKIES WAT DIE PROEF-PERSOON DIE AFGELOPE SEWE DAE GEDRINK HET

In tabel 4.10 word die redes vir drankgebruik ontleed volgens die getal drankies wat die proefpersoon gedurende die sewe dae wat die ondersoek voorafgegaan het, gebruik het.

TABEL 4.10
REDES VIR DRANKGEBRUIK VOLGENS DIE TOTALE GETAL DRANKIES DIE AFGELOPE SEWE DAE GEDRINK

Drink-motief	Niks		1-3 eenhede		4-6 eenhede		7-9 eenhede		10-15 eenhede		16 eenhede en meer		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Fisiologiese redes	29	22,0	45	42,9	75	56,4	17	37,0	19	36,5	73	50,7	258	42,2
Nie-fisiologiese redes	103	78,0	60	57,1	58	43,6	29	63,0	33	63,5	71	49,3	354	57,8
TOTAAL	132	100,0	105	100,0	133	100,0	46	100,0	52	100,0	144	100,0	612	100,0

$$\chi^2 = 38,6189 : P < .1\%$$

Uit tabel 4.10 blyk daar nie 'n duidelike wetmatigheid nie want die persentasie persone wat om fisiologiese redes drank gebruik, styg namate die getal drankies wat per week genuttig is, toeneem vanaf 22,0 persent by diegene wat niks gedrink het nie, tot 56,4 persent by daardie groep wat vier tot ses drankies in die betrokke week genuttig het. Daarna daal dit weer tot 37,0 persent en 36,5 persent onderskeidelik by daardie groepe wat in die vierde en vyfde kategorieë val.

4.12 REDES VIR DRANKGEBRUIK VOLGENS DIE GETAL JARE OP SKOOL

Die gegewens in tabel 4.11 gee 'n ontleding van die drinkmotiewe volgens die getal jare wat die proefpersoon op skool deurgebring het.

TABEL 4.11
REDES VIR DRANKGEBRUIK VOLGENS DIE GETAL
JARE OP SKOOL

Drinkmotief	Geen		1 - 8 jaar		9 jaar en langer		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%
Fisiologiese redes	122	55.2	128	38.3	8	14.0	258	42.2
Nie-fisiologiese redes	99	44.8	206	61.7	49	86.0	354	57.8
TOTAAL	221	100.0	334	100.0	57	100.0	612	100.0

$$X^2 = 35.9255; P < .1\%$$

Uit tabel 4.11 blyk dit dat die persentasie persone met fisiologiese drinkmotiewe daal namate die aantal jare wat die proefpersoon op skool was, toeneem en wel soos volg: 55.2 persent, 38.3 persent en 14.0 persent vir die onderskeie groepe. Die bostaande gegewens bevestig dié in tabel 4.6 waar geblyk het dat die persentasie persone met fisiologiese drinkmotiewe snel daal namate die onderwyspeil van die onderwyspeilgroep hoër word.

4.13 REDES VIR DRANKGEBRUIK VOLGENS LEES- EN SKRYFKENNIS

In tabel 4.12 word die drinkmotiewe in verband gebring met die lees - en skryfkennis van die proefpersone.

TABEL 4.12
REDES VIR DRANKGEBRUIK VOLGENS LEES- EN SKRYFKENNIS

Drinkmotief	Kan lees en skryf		Kan nie lees en skryf nie		Totaal	
	G	%	G	%	G	%
Fisiologiese redes	125	34.4	133	53.4	258	42.2
Nie-fisiologiese redes	238	65.6	116	46.6	354	57.8
TOTAAL	363	100.0	249	100.0	612	100.0

$$X^2 = 21.8148; P < .1\%$$

Ook die gegewens in tabel 4.12 bevestig die verklaring wat vir die gegewens in tabel 4.2 gegee is, want dit blyk naamlik dat 'n veel groter persentasie analfabete fisiologiese drinkmotiewe het as wat die geval is by die groep wat kan lees en skryf, naamlik 53.4 persent teenoor 34.4 persent. Dieselfde verklaring wat reeds voorheen

aangebied is, (afdeling 4.8) skyn hier ook geldig te wees naamlik dat 'n hoër ontwikkeling by die Kleurling gepaard gaan met 'n geringer gerigtheid op die direkte fisiologiese en 'n sterker gerigtheid op die psigologies-sosiale behoeftes.

4.14 REDES VIR DRANKGEBRUIK VOLGENS DIE DRANKSOORT WAT DIE PROEFPERSOON DIE MEESTE GEBRUIK

In tabel 4.13 is die drinkmotief van die proefpersoon in verband gebring met die dranksoort wat hy mees dikwels gebruik.

TABEL 4.13

REDES VIR DRANKGEBRUIK VOLGENS DRANKSOORTE WAT DIE MEESTE GEBRUIK WORD

Drinkmotief	Drink slegs een keer in 3 maande of minder ^{a)}		Wyn		Bier		Sterk-drink		Gemengde keuse		Bantoebier		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
	Fisiologiese redes	28	21.2	169	53.5	6	60.0	5	29.4	40	33.9	10	52.6	258
Nie-fisiologiese redes	104	78.8	147	46.5	4	40.0	12	70.6	78	66.1	9	47.4	354	57.8
TOTAAL	132	100.0	316	100.0	10	100.0	17	100.0	118	100.0	19	100.0	612	100.0

$$X^2 = 16.2984; 1\% > P > .1\%$$

a) Hierdie kolom is by die berekening van die chi-kwadraatwaarde buite rekening gelaat.

Uit tabel 4.13 blyk dit dat nie-fisiologiese drinkmotiewe die grootste persentasie-aandeel het by die groep wat slegs een keer in drie maande of minder dikwels drank gebruik. Dit kan lig begryp word aangesien hierdie persone moontlik in die meeste gevalle slegs tydens spesiale geleenthede drank gebruik en dit nie as gevolg van 'n fisiologiese behoefte is nie. Nie-fisiologiese redes lewer die tweede grootste bydrae tot sterk drank, naamlik 70.6 persent. Daar kan verwag word dat persone wat drank veral gebruik om die verdowende uitwerking daarvan, die sterker dranksoorte sal verkies - vandaar die groot persentasie spiritueel-drinkers met nie-fisiologiese motiewe. Hierteenoor sal persone wat drank gebruik vir die smaak daarvan of om dors te les, waarskynlik onderskeidelik wyn en bier verkies. Dit blyk dan ook uit die tabel dat die persentasies persone wat gewoonlik bier, wyn of Bantoebier drink, baie hoog is by die fisiologiese motiewe, naamlik 60.0 persent, 53.5 persent en 52.6 persent onderskeidelik teenoor die totaal van 42.2 persent.

By tabel 4.13 moet daar egter in ag geneem word dat die getalle in sommige kategorieë baie klein is, soms te klein om enige afleiding te maak, en alle verklarings

word dus slegs met voorbehoud aangebied.

4.15 SAMEVATTING

- 4.15.1 Mans sluit 'n groter persentasie persone met fisiologiese drinkmotiewe in, as wat by vroue die geval is.
- 4.15.2 Fisiologiese motiewe vir drankgebruik neem toe namate die ouderdom van die ouderdomsgroep hoër is.
- 4.15.3 Die persentasie Afrikaanssprekendes wat fisiologiese redes as drinkmotief aandui, is heelwat groter as die persentasie by die Engelsprekendes.
- 4.15.4 Fisiologiese drinkmotiewe het die grootste persentasie-aandeel by persone wat saamwoon, maar nie getroud is nie.
- 4.15.5 Meer as vyftig persent plattelanders drink om fisiologiese redes terwyl slegs 35,3 persent stedelinge dié drinkmotief aandui.
- 4.15.6 Namate die onderwyspeil van die onderwyspeilgroep hoër is, is die persentasie persone wat fisiologiese drinkmotiewe aandui, laer en die persentasie met nie-fisiologiese motiewe, hoër.
- 4.15.7 Professionele persone en ook diegene in tegniese en verwante beroepe sluit die kleinste persentasie persone in wat fisiologiese redes as drinkmotief aandui. Fisiologiese redes het die grootste persentasie-aandeel by ongeskooldes en werkloses.
- 4.15.8 Tussen inkomste en drinkmotief is daar geen duidelike verband nie.
- 4.15.9 Namate die waarde van die drank wat die proefpersoon alleen per week verbruik, hoër is, is daar 'n afname in die persentasie persone met fisiologiese drinkmotiewe.
- 4.15.10 Nie-fisiologiese drinkmotiewe lewer die grootste persentuele bydrae tot die groep wat gedurende die sewe dae wat die ondersoek voorafgegaan het, geen drankies gebruik het nie.
- 4.15.11 Die persentasie persone wat fisiologiese drinkmotiewe aandui, daal namate die aantal jare wat die persoon skoolgegaan het, vermeerder.
- 4.15.12 Ongeletterdes dui vir 'n groter persentasie fisiologiese drinkmotiewe aan as wat die geval is by persone wat kan lees en skryf.
- 4.15.13 Nie-fisiologiese redes vir drankgebruik lewer die grootste bydrae tot die groep wat gewoonlik sterk drank gebruik.

HOOFSTUK 5
DRANKVOORKEUR

5.1 INLEIDING

'n Verdere aspek van die drinkpatroon wat bespreek moet word, is die drank-voorkeur van die ondersoekgroep. Met die drankvoorkeur van 'n persoon word in hierdie verslag bedoel daardie dranksoort wat hy mees dikwels gebruik. Dranksoorte is ingedeel in wyn, spiritualieë, bier en Bantoebier.

Die drankvoorkeur van die drankgebruikers in die ondersoekgroep word volgens ontleed en bespreek.

5.2 DRANKVOORKEUR VOLGENS GESLAG

Tabel 5.1 dui aan in hoeverre daar verskil of ooreenkoms by die twee geslagte in hul drankvoorkeur is.

TABEL 5.1
DRANKVOORKEUR VOLGENS GESLAG

Drankvoorkeur	Manlik		Vroulik		Totaal	
	G	%	G	%	G	%
Spiritualieë	31	7.9	22	10.1	53	8.7
Wyn	329	83.7	171	78.1	500	81.7
Bier	22	5.6	7	3.2	29	4.7
Bantoebier	11	2.8	19	8.7	30	4.9
TOTAAL	393	100.0	219	100.0	612	100.0

$$\chi^2 = 12.9222; 1\% > P > .1\%$$

Uit tabel 5.1 blyk dat verreweg die grootste persentasie van die ondersoekgroep, naamlik 81.7 persent voorkeur gee aan wyn, terwyl spiritualieë die tweede plek inneem met 8.7 persent. Baie klein persentasies gee voorkeur aan bier of Bantoebier (4.7 en 4.9 % onderskeidelik). Dit moet in gedagte gehou word dat 'n groot gedeelte van die gebied waar die ondersoek plaasgevind het, wynproduserend is en dat dit moontlik die drankvoorkeur van die proefpersone kan beïnvloed omdat wyn in die betrokke gebied relatief goedkoop is en ook dikwels kragtens die dopstelsel gratis verskaf word.

Verder blyk dit dat 'n groter persentasie mans voorkeur gee aan wyn as wat die geval by vroue is, naamlik 83.7 persent teenoor 78.1 persent. Daar moet in ag geneem word dat die dopstelsel net op mans van toepassing is en dit verklaar moontlik waarom 'n groter persentasie mans as vroue voorkeur aan wyn gee. Groter

persentasies van die vroue in die ondergroep gee voorkeur aan spiritualieë en Bantobier as wat die geval by mans is, terwyl mans weer vir 'n groter persentasie voorkeur gee aan bier.

As die bevindings van die ondersoek ten opsigte van die Blanke drinkpatroon met dié van hierdie ondersoek vergelyk word, blyk dit dat daar 'n groot verskil is tussen die drankvoorkeur van Blankes en dié van Kleurlinge. In eersgenoemde ondersoek word bevind dat Blanke vroue veral voorkeur gee aan wyn terwyl bier en spiritualieë in 'n groter mate deur mans verkies word (3, bl. 64). Die dopstelsel waarna daar reeds in hierdie bespreking verwys is, speel sonder twyfel 'n groot rol met betrekking tot die verskille in drankvoorkeur tussen die twee rasse-groepe. 'n Verdere faktor wat hier moontlik 'n bydrae lewer, is dat die ondersoek na die drinkpatroon van die Blankes landswyd was, terwyl hierdie ondersoek beperk is tot twee provinsies, waarvan die een waaruit verreweg die meeste proefpersone getrek is, wynproduserend is.

5.3 DRANKVOORKEUR VOLGENS OUDERDOM

In tabel 5.2 is die drankvoorkeur met die ouderdom van die proefpersoon in verband gebring.

TABEL 5.2
DRANKVOORKEUR VOLGENS OUDERDOM

Drankvoorkeur	18-30 jaar		31-50 jaar		51 jaar en ouer		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%
Wyn	156	83.4	248	81.3	96	80.0	500	81.7
Spiritualieë	13	7.0	32	10.5	8	6.7	53	8.7
Bier	6	3.2	13	4.3	10	8.3	29	4.7
Bantobier	12	6.4	12	3.9	6	5.0	30	4.9
TOTAAL	187	100.0	305	100.0	120	100.0	612	100.0

$$X^2 = 8.2812; 30\% > P > 20\%$$

Uit die chi-kwadraatwaarde vir tabel 5.2 wil dit voorkom asof drankvoorkeur nie 'n definitiewe verband met ouderdom toon nie.

Uit die tabel blyk egter dat wynvoorkeur in 'n geringe mate daal namate die ouderdom van die ouderdomsgroep hoër is. By die jongste ouderdomsgroep gee 83.4 persent voorkeur aan wyn, 81.3 persent in die ouderdomsgroep 31 tot 50 jaar en 80.0 persent in die hoogste ouderdomsgroep. Biervoorkeur styg weer vanaf 3.2 persent by die jongste groep na 4.3 persent en 8.3 persent onderskeidelik by die ouderdomsgroepe 31 tot 50 jaar en 51 jaar en ouer.

Soos reeds in tabel 3.3 aangetoon is, is daar by Engelssprekendes 'n groter persentasie drankgebruikers as by Afrikaanssprekendes. Vervolgens word die drankvoorkeur van die proefpersoon met sy huistaal in verband gebring.

TABEL 5.3
DRANKVOORKEUR VOLGENS HUISTAAL

Drankvoorkeur	Afrikaans		Engels		Totaal	
	G	%	G	%	G	%
Wyn	459	86.4	41	50.6	500	81.7
Spiritualieë	24	4.5	29	35.8	53	8.7
Bier	19	3.6	10	12.3	29	4.7
Bantobier	29	5.5	1	1.2	30	4.9
TOTAAL	531	100.0	81	100.0	612	100.0

$$X^2 = 104.4183; P < .1\%$$

Uit tabel 5.3 blyk dit dat Afrikaanssprekendes oor die algemeen wyndrinkers is. Ses-en-tagtig punt vier persent van die Afrikaanssprekendes teenoor 50.6 persent van die Engelssprekendes gee voorkeur aan wyn. Hierteenoor gee 'n veel groter persentasie van die Engelssprekendes aan spiritualieë (35.8%) en bier (12.3%) voorkeur as wat die geval by Afrikaanssprekendes is, waar die ooreenstemmende persentasies respektiewelik op 4.5 persent en 3.6 persent te staan kom.

Dit blyk dus dat Engelssprekendes in 'n groter mate as Afrikaanssprekendes, voorkeur gee aan spiritualieë en aan bier. Daar is reeds aangedui dat die Engelssprekendes in die ondersoekgroep hoofsaaklik in stedelike gebiede woonagtig was. Indien dft nou in ag geneem word, skyn dit asof die bekom'baarheid van die dranksoort 'n groot rol speel in die verskille tussen die twee huistaalgroepe in sover dit die drankvoorkeur raak. As gevolg van die dopstelsel is wyn vir die plaasarbeider, en dus in 'n groot mate vir die Afrikaanssprekende, maklik bekombaar. Dieselfde geld vir Bantobier. Drankwinkels en ander plekke waar drank gekoop kan word, is vir die stedeling makliker bereikbaar as vir persone in landelike gebiede; lang afstande beperk die plaasarbeider, en dus 'n groot persentasie Afrikaanssprekendes, ten opsigte van sommige dranksoorte.

By die verklaring van die verskille in drankvoorkeur by die twee huistaalgroepe in die onderhawige ondersoek, kan verder gemeld word dat die Engelssprekendes wat oor die algemeen 'n hoër onderwyspeil en hoër inkomste het as die Afrikaanssprekendes,

spiritualieë en bier moontlik as meer „gesofistikeerde" dranksoorte beskou, met ander woorde dranksoorte wat by hul status pas. Omdat die hoër stande hulle steeds van die laer stande wil distansieer, drink hulle in 'n geringer mate wyn omdat wyn die dranksoort is wat deur die minder ontwikkelde Kleurlinge op plase gebruik word. Die geringe persentasie Engelssprekendes wat aan Bantoebier voorkeur gee, hang waarskynlik ook met die hoër inkomste- en onderwyspeil van hierdie groep saam. Hulle beskou hulself waarskynlik as van 'n hoër status as die Bantoe en wil die verskil handhaaf (4, bl. 176). Na aanleiding hiervan is dit dus moontlik vir baie Kleurlinge 'n simbool van verlaging van sy status indien hy Bantoebier drink. Die verklaring vir groter persentasie Afrikaanssprekendes wat voorkeur gee aan Bantoebier lê in die gemiddeld laer sosio-ekonomiese peil van dié huistaalgroep opgesluit. Uit die aard van hul ontwikkelingspeil en werksomstandighede kom hulle waarskynlik veel meer met die Bantoe in aanraking as die Engelssprekende met die gevolg dat die gevoel van „verskil" wat hulle teenoor die Bantoe het, verswak.

5.5 DRANKVOORKEUR VOLGENS DIE WOONPLEK VAN DIE PROEFPERSOON

In tabel 5.4 word die drankvoorkeur volgens die woonplek van die proefpersoon ontleed om vas te stel of daar verskille tussen die stedelinge en plattelanders is.

TABEL 5.4
DRANKVOORKEUR VOLGENS WOONPLEK

Drankvoorkeur	Stedelik		Landelik		Totaal	
	G	%	G	%	G	%
Wyn	307	78,5	193	87,3	500	81,7
Spiritualieë	47	12,0	6	2,7	53	8,7
Bier	27	6,9	2	0,9	29	4,7
Bantoebier	10	2,6	20	9,0	30	4,9
TOTAAL	391	100,0	221	100,0	612	100,0

$$\chi^2 = 38,3289; \quad P < .1\%$$

Uit tabel 5.4 blyk dit dat die persentasie persone in stedelike gebiede wat aan wyn en aan Bantoebier voorkeur gee, veel kleiner is as die ooreenstemmende persentasies op die platteland. Stedelinge sluit weer baie groter persentasies in wat aan spiritualieë of bier voorkeur gee as wat die geval by plattelanders is. Hiervolgens skyn die afleiding dat die beskikbaarstelling van wyn en Bantoebier op die platteland volgens die dopstelsel, wel 'n groot rol speel in die drankvoorkeur van die proefpersone. Dit skyn dus geregverdig te wees om aan te neem dat die bekikbaarheid van

'n betrokke dranksoort, 'n belangrike rol speel in die drankvoorkeur. Die verskil in die sosio-ekonomiese peil by die landelike en stedelike groepe speel waarskynlik ook 'n belangrike rol.

5.6 DRANKVOORKEUR VOLGENS ONDERWYSPEIL

Drankvoorkeur word in tabel 5.5 in verband gebring met die onderwyspeil en daarvolgens ontleed.

TABEL 5.5
DRANKVOORKEUR VOLGENS ONDERWYSPEIL

Drankvoorkeur	Nooit skoolge- gaan of geen standerd ge- slaag nie		Laerskool- kwalifikasies		Hoërskool- kwalifikasies		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%
Wyn	199	87.7	264	80.2	37	66.1	500	81.7
Spiritualieë	4	1.8	36	10.9	13	23.2	53	8.7
Bier	4	1.8	19	5.8	6	10.7	29	4.7
Bantoebier	20	8.8	10	3.0	-	-	30	4.9
TOTAAL	227	100.0	329	100.0	56	100.0	612	100.0

$$X^2 = 52.2534; P < .1\%$$

Uit tabel 5.5 blyk dit dat namate die onderwyspeil van die onderwyspeilgroep hoër is, die persentasie persone wat voorkeur aan wyn gee, afneem, vanaf 87.7 persent na 80.2 persent en 66.1 persent vir die onderskeie onderwyspeilgroepe. Daar kan aangeneem word dat diegene met relatief hoër skoolkwalifikasies in 'n groter mate in dorpe en stede aangetref sal word as persone wat geen skoolopleiding ontvang het nie. Uit tabel 5.4 het reeds geblyk dat persone in stedelike gebiede in 'n mindere mate voorkeur gee aan wyn as persone wat in landelike gebiede woon. Dieselfde verklaring as wat reeds aangebied is, skyn ook hier van toepassing te wees, naamlik dat die beskikbaarstelling van wyn onder die dopstelsel 'n invloed uitoeven.

Dit blyk verder dat namate die onderwyspeil van die onderwyspeilgroep hoër is, dit 'n groter persentasie persone insluit wat voorkeur gee aan bier en spiritualieë. Persone met 'n hoër onderwyspeil het moontlik gemiddeld ook 'n hoër inkomste en kan dus makliker die duurder dranksoorte bekostig; vandaar die voorkeur aan spiritualieë en bier.

Die persentasie persone wat aan Bantoebier voorkeur gee, daal namate die onderwyspeil van die onderwyspeilgroep hoër is. By die laagste onderwyspeilgroep

gee 8,8 persent voorkeur aan Bantoebier en dit daal na 3,0 persent by die groep met laerskoolkwalifikasies terwyl geeneen in die hoogste onderwyspeilgroep aan hierdie dranksoort voorkeur gee nie. Die verklaring lê waarskynlik daarin dat namate die Kleurling se onderwyspeil styg, sy sosiale status ook styg en hy hom steeds in 'n mindere mate met die Bantoe wil identifiseer en daarom ook nie Bantoe drank wil drink nie.

5.7 DRANKVOORKEUR VOLGENS BEROEP

Of daar by die verskillende beroepsgroepe verskille ten opsigte van hul drankvoorkeur bestaan, word in tabel 5.6 aangedui.

TABEL 5.6
DRANKVOORKEUR VOLGENS BEROEP

Drankvoorkeur	Ongeskoolde werkers en werkloses		Veiligheidsdienste, privaat ondernemings, geskoolde vakmanne		Huisvrouens, nie-ekonomiese bedrywige persone		Professionele, tegniese en verwante beroepe		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Wyn	355	87,0	25	61,0	112	75,7	8	53,3	500	81,7
Spiritualieë	27	6,6	7	17,1	16	10,8	3	20,0	53	8,7
Bier	11	2,7	8	19,5	6	4,1	4	26,7	29	4,7
Bantoebier	15	3,7	1	2,4	14	9,5	-	-	30	4,9
TOTAAL	408	100,0	41	100,0	148	100,0	15	100,0	612	100,0

Uit tabel 5.6 blyk dat ongeskooldes, van al die beroepsgroepe, die grootste persentasie persone insluit wat mees dikwels wyn gebruik, naamlik 87,0 persent. Persone in professionele, tegniese en verwante beroepe sluit die kleinste persentasie (53,3%) persone in wat wyn verkies. Persone in laasgenoemde beroepe het egter groter persentasies as enige ander beroepsgroep wat spiritualieë en bier verkies, naamlik 20,0 persent en 26,7 persent onderskeidelik. (Die klein getalle moet in hierdie kategorie egter in gedagte gehou word.) Van die persone in veiligheidsdienste, dié met privaat ondernemings of geskoolde vakmanne, verkies 19,5 persent bier en 17,1 persent spiritualieë. Die afleiding kan dus gemaak word dat persone in die hoër of meer geskoolde beroepe meer geneig is om aan spiritualieë of bier voorkeur te gee en minder aan wyn. Hierdie bevindings staaf dan ook die afleidings uit sommige van die voorgaande tabelle, naamlik dat diegene uit die hoër sosio-ekonomiese lae voorkeur gee aan die relatief duurder, en ook sterker dranksoorte. Die waarskynlike rede mag

wees dat hulle dit makliker kan bekostig en ook omdat dit statusgewend is. Die makliker bekombaarheid van spiritualieë en bier in die stede, waar voorgenoemde beroepsgroepe veral voorkom, mag ook 'n rol speel.

Huisvrouens en nie-ekonomies bedrywige persone sluit 9,5 persent persone in (en dit is die grootste persentasie in hierdie kategorie) wat aan Bantoebier voorkeur gee. Die ekonomiese posisie van diegene wat nie-ekonomies bedrywig is nie, speel waarskynlik hier 'n rol by die aankoop van die goedkoopste van al die dranksoorte naamlik Bantoebier. Dit blyk dat die hoogste beroepsgroep (professionele, tegniese en verwante beroepe) geen enkele Bantoebierdrinker onder hul geledere tel nie. Hierdie bevinding sluit aan by wat reeds gesê is, naamlik dat die betergestelde Kleurling hom nie met die Bantoe wil identifiseer nie en dus ook nie Bantoebier wil drink nie.

5,8 DRANKVOORKEUR VOLGENS INKOMSTE

Die drankvoorkeur word in tabel 5.7 met die proefpersoon se inkomste in verband gebring.

TABEL 5.7
DRANKVOORKEUR VOLGENS INKOMSTE

Drankvoorkeur	Minder as R5		R5 – R10,99		R11 – R25,99		R26 en meer		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Wyn	125	88,0	223	87,1	116	75,8	36	59,0	500	81,7
Spiritualieë	2	1,4	9	3,5	25	16,3	17	27,9	53	8,7
Bier	2	1,4	8	3,1	11	7,2	8	13,1	29	4,7
Bantoebier	13	9,2	16	6,3	1	0,7	–	–	30	4,9
TOTAAL	142	100,0	256	100,0	153	100,0	61	100,0	612	100,0

Soos wat op grond van gegewens in vorige tabelle verwag kan word, blyk dit uit tabel 5.7 dat die hoër inkomstegroepe relatief meer voorkeur gee aan die duurder dranksoorte naamlik spiritualieë en bier en relatief minder aan wyn, want namate die inkomste van die inkomstegroep hoër is, neem die persentasie wat voorkeur aan wyn gee geleidelik af van 88,0 persent in die laagste inkomstegroep tot 59,0 persent in die hoogste inkomstegroep terwyl die persentasie wat voorkeur gee aan spiritualieë toeneem vanaf 1,4 persent in die laagste groep tot 27,9 persent in die hoogste inkomstegroep. By bier is daar ook 'n toename namate die inkomste van die inkomstegroep hoër is en by Bantoebier 'n skerp daling. By die groep wat R11,00 tot R25,99 per week verdien, was daar slegs een persoon (0,7%) wat Bantoebier verkies terwyl

geeneen in die hoogste inkomstegroep voorkeur aan hierdie dranksoort gee nie. Soos reeds voorheen aangedui, is die prys van die drank teenoor die inkomste 'n bepalende faktor. Vanweë die prys is spiritueel en bier haas buite die bereik van die laer besoldigde groep Kleurlinge en daarom kan verwag word dat die goedkoper drank by hulle voorkeur sal geniet. Kragtens die dopstelsel ontvang Kleurlinge wyn gratis en dit is reeds hierdie groep, naamlik sommige arbeiders wat oorwegend in die lae inkomstegroepe val.

5.9 DRANKVOORKEUR VOLGENS DIE GETAL JARE OP SKOOL

In tabel 5.8 word drankvoorkeur in verband gebring met die getal jare wat die ondervraagde persoon op skool was.

TABEL 5.8
DRANKVOORKEUR VOLGENS GETAL JARE OP SKOOL

Drank- voorkeur	Geen		1 - 4 jaar		5 - 6 jaar		7 - 10 jaar		11 jaar en meer		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Wyn	193	87.3	68	88.3	96	80.0	136	76.4	7	43.8	500	81.7
Spiri- tualieë	4	1.8	3	3.9	14	11.7	27	15.2	5	31.3	53	8.7
Bier	4	1.8	4	5.2	6	5.0	11	6.2	4	25.0	29	4.7
Bantoe- bier	20	9.0	2	2.6	4	3.3	4	5.2	-	-	30	4.9
TOTAAL	221	100.0	77	100.0	120	100.0	178	100.0	16	100.0	612	100.0

Uit tabel 5.8 blyk dit dat namate die persoon langer op skool was, die persentasie wat voorkeur aan spiritueel gee, hoër word. Slegs 1.8 persent van die persone in die groep wat nie skoolgegaan het nie, verkies spiritueel en dit styg geleidelik na 3.9 persent, 11.7 persent en 15.2 persent tot 31.3 persent by die groep wat 11 jaar of langer op skool was. Namate die aantal jare op skool toeneem, daal met uitsondering van diegene wat glad nie skoolgegaan het nie, die persentasies wat aan wyn voorkeur gee en styg die persentasie wat bier verkies.

Uit tabel 5.7 is reeds afgelei dat daar waarskynlik 'n verband tussen inkomste en die voorkeur aan spiritueel en bier bestaan. Dit is moontlik dat die inkomste tot 'n mate beïnvloed word deur die getal jare wat die proefpersoon opleiding ontvang het en as gevolg daarvan is daar 'n verband tussen die getal jare op skool deurgebring en die drankvoorkeur. Daar bestaan ook nog die moontlikheid dat die hoër ontwikkelde Kleurling hom van die onderste lae van sy eie rassegroep wil losmaak en daarom ook op wyn neersien vanweë die status wat aan die gebruik daarvan verbonde is.

5. 10 DRANKVOORKEUR VOLGENS LEES- EN SKRYFKENNIS

Die drankvoorkeur word in tabel 5.9 met die lees- en skryfkennis van die ondervraagde persoon in verband gebring.

TABEL 5.9
DRANKVOORKEUR VOLGENS LEES- EN SKRYFKENNIS

Drankvoorkeur	Kan lees en skryf		Kan nie lees en skryf nie		Totaal	
	G	%	G	%	G	%
Wyn	280	77.1	220	88.4	500	81.7
Spiritualieë	49	13.5	4	1.6	53	8.7
Bier	24	6.6	5	2.0	29	4.7
Bantoebier	10	2.8	20	8.0	30	4.9
TOTAAL	363	100.0	249	100.0	612	100.0

$$X^2 = 41.3900; P < .1\%$$

In aansluiting by verskeie voorafgaande tabelle blyk dit dat die geletterdheid van die persoon sy drankkeuse beïnvloed, want 13.5 persent van die geletterdes teenoor 8.7 persent van die totale groep en 1.6 persent van die analfabete verkies spiritualieë. By bier kom 'n soortgelyke tendens voor (6.6% teenoor 4.7% en 2.0%) terwyl analfabete vir 'n groter persentasie (88.4%) wyn verkies as die geletterdes (77.1%). Geletterdheid hang saam met beroep en inkomste en is bepalend vir die persoon se sosio-ekonomiese status. Soos reeds op gewys, hang 'n relatief hoë sosio-ekonomiese status saam met 'n voorkeur aan die duurder dranksoorte, soos spiritualieë en bier, omdat dit waarskynlik as statusgewend beskou word, en ook makliker bekostig kan word as deur die laer inkomstegroepe.

5. 11 SAMEVATTING

5. 11.1 Meer as vier-vyftes van die drankgebruikers in die ondersoekgroep gee voorkeur aan wyn. Die persentasie mans wat voorkeur aan wyn gee, is hoër as die persentasie vroue met dié voorkeur, en dit is waarskynlik toe te skryf aan die dopstelsel.

5. 11.2 Namate die ouderdom van die ouderdomsgroep waarin die proefpersoon val, hoër is, is die persentasie persone wat voorkeur gee aan wyn kleiner en die persentasie wat voorkeur gee aan bier, groter.

5. 11.3 Afrikaanssprekendes in die ondersoekgroep gee in 'n groter mate as Engels-sprekendes voorkeur aan wyn en Bantoebier, terwyl laasgenoemde huistaalgroep sterker verteenwoordig is by die groepe wat voorkeur gee aan spiritualieë en bier

as Afrikaanssprekendes.

- 5.11.4 Die spiritualieë- en biervoorkeurgroepe lewer 'n groter persentasiebydrae tot stedelinge as tot plattelanders. Die omgekeerde is waar ten opsigte van die wyn- en Bantoebiervoorkeurgroepe.
- 5.11.5 Namate die onderwyspeil van die onderwyspeilgroep hoër is, daal die persentasie persone wat meer dikwels wyn of Bantoebier gebruik en styg die persentasies wat mees dikwels spiritualieë of bier gebruik.
- 5.11.6 Die spiritualieë- en biervoorkeurgroepe het by professionele, tegniese en verwante beroepe die grootste persentasie-aandeel. Die Bantoebiervoorkeurgroep lewer die grootste persentasiebydrae tot huisvrouens en nie-ekonomies bedrywige persone en die wynvoorkeurgroep weer tot ongeskooldes en werkloses.
- 5.11.7 Die persentasie persone wat voorkeur gee aan spiritualieë en aan bier, styg namate die inkomste van die inkomstegroep hoër is, terwyl die omgekeerde ten opsigte van wyn en Bantoebier geld.
- 5.11.8 Namate die aantal jare wat die proefpersone skoolgegaan het, toeneem, styg die persentasie persone wat voorkeur gee aan spiritualieë.
- 5.11.9 Analfabete verkies in 'n groter mate wyn en Bantoebier as persone wat kan lees en skryf, terwyl laasgenoemdes in 'n groter mate spiritualieë en bier verkies.

HOOFSTUK 6
DRINKFREKWENSIE

6.1 INLEIDING

In 'n vorige hoofstuk is daar reeds op ingegaan of die proefpersoon alkoholiese drank gebruik al dan nie, maar die frekwensie van alkoholiese drankgebruik is nie bespreek nie. Hierdie aspek van die vraagstuk word in die onderhawige hoofstuk bespreek. Ten einde gegewens oor die drinkfrekwensie te bekom, is aan die proefpersone gevra hoe dikwels hulle alkoholiese drank (Bantoebier ingesluit) gebruik.

6.2 DRINKFREKWENSIE VOLGENS GESLAG

In tabel 6.1 word die drinkfrekwensie met die geslag van die proefpersoon in verband gebring.

TABEL 6.1
DRINKFREKWENSIE VOLGENS GESLAG

Drinkfrekwensie	Manlik		Vroulik		Totaal	
	G	%	G	%	G	%
4-7 keer per week	95	24.2	16	7.3	111	18.1
2-3 keer per week	91	23.2	27	12.3	118	19.2
Een keer per week	120	30.5	78	35.6	198	32.4
Sub-totaal	306	77.9	121	55.2	427	69.7
Een keer per maand	34	8.7	19	8.7	53	8.7
Een keer in drie maande of minder	53	13.5	79	36.1	132	21.6
TOTAAL	393	100.0	219	100.0	612	100.0

$$X^2 = 64.9960; \quad P < .1\%$$

Uit hoofstuk 3 het reeds geblyk dat 61.2 persent van die ondersoekgroep gebruikers van alkoholiese drank is. Uit bogenoemde tabel is dit duidelik dat 21.6 persent van die drankgebruikers gemiddeld slegs een keer in drie maande of minder dikwels alkoholiese drank gebruik terwyl 'n verdere 8.7 persent slegs een keer per maand drank gebruik. Hierdie twee groepe kan as betreklik ongereelde drinkers beskou word. Dit is dus uit tabel 6.1 duidelik dat 69.7 persent van die drankgebruikers gereelde drinkers is, terwyl 30.3 persent betreklik ongereeld drank gebruik.

In die ondersoek na die drinkgewoontes van Blankes, is bevind dat 45.2 persent van die drankgebruikers betreklik gereeld drank gebruik; dit wil sê een of meer kere per week. (3, bl. 78). By Kleurlinge blyk die persentasie gereelde drinkers dus heelwat hoër te wees.

Tussen mans en vroue is daar merkbare verskille in die drinkfrekwensie. Dit blyk dat soveel as 77.9 persent van die mans gereelde drinkers is teenoor slegs 55.2 persent van die vroue. Die grootste enkele persentasie vroue (36.1%) drink slegs een keer in drie maande of minder dikwels alkoholiese drank. By Blankes het dit ook geblyk dat die grootste enkele persentasie vroue een keer in drie maande of minder dikwels drank gebruik (3, bl. 78).

6.3 DRINKFREKWENSIE VOLGENS OUDERDOM

Die drinkfrekwensie van die ondersoekgroep word in tabel 6.2 volgens ouderdom ontleed.

TABEL 6.2
DRINKFREKWENSIE VOLGENS OUDERDOM

Drinkfrekwensie	18 - 30 jaar		31 - 50 jaar		51 jaar en ouer		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%
4-7 keer per week	31	16.6	58	19.0	22	18.3	111	18.1
2-3 keer per week	39	20.9	59	19.3	20	16.7	118	19.2
Een keer per week	63	33.7	99	32.5	36	30.0	198	32.4
Sub-totaal	133	71.2	216	70.8	78	65.0	427	69.7
Een keer per maand	17	9.1	25	8.2	11	9.2	53	8.7
Een keer in drie maande of minder	37	19.8	64	21.0	31	25.8	132	21.5
TOTAAL	187	100.0	305	100.0	120	100.0	612	100.0

$$X^2 = 2.8466; 95\% > P > 90\%$$

Uit die gegewens in bostaande tabel blyk dit dat daar geen betekenisvolle verband tussen die ouderdom en die drinkfrekwensie van die ondersoekgroep bestaan nie.

6.4 DRINKFREKWENSIE VOLGENS HUISTAAL

In tabel 6.3 word die drinkfrekwensie met die huistaal van die proefpersoon in verband gebring.

TABEL 6.3
DRINKFREKWENSIE VOLGENS HUISTAAL

Drinkfrekwensie	Afrikaans		Engels		Totaal	
	G	%	G	%	G	%
4-7 keer per week	102	19.2	9	11.1	111	18.1
2-3 keer per week	105	19.8	13	16.0	118	19.2
Een keer per week	177	33.3	21	25.9	198	32.4
Sub-totaal	384	72.3	43	53.0	427	69.7
Een keer per maand	49	9.2	4	4.9	53	8.7
Een keer in drie maande of minder	98	18.5	34	42.0	132	21.5
TOTAAL	531	100.0	81	100.0	612	100.0

$$X^2 = 23.7564; P < .1\%$$

Uit tabel 6,3 blyk dit dat veel meer Afrikaanssprekendes (72.3%) as Engels-sprekendes (53.0%) gereelde drinkers is, dit wil sê een of meer kere per week alkoholiese drank gebruik. Dit beteken dus dat daar by die Engelssprekendes 'n groter persentasie ligte drinkers as by Afrikaanssprekendes is. Daar moet egter in gedagte gehou word dat die drinkfrekwensie nie 'n aanduiding is van die aantal drankies wat verbruik word nie, maar wel van die aantal geleenthede waarop die proefpersoon drank gebruik, afgesien van die hoeveelheid wat hy gebruik. In 'n vorige hoofstuk is reeds daarop gewys dat Engelssprekendes meer in stede aangetref is as op die platteland en drank dus minder dikwels volgens die dopstelsel ontvang. Die dopstelsel bepaal dat 'n werknemer selfs elke dag drank kan ontvang en daar kan dus aangeneem word dat dit in 'n groot mate Afrikaanssprekendes is wat hiervoor in aanmerking kom, en daarom kan verwag word dat die Afrikaanssprekendes 'n hoër drinkfrekwensie as die Engelssprekendes sal openbaar.

Die groot persentasie Engelssprekendes wat slegs een keer in drie maande of minder dikwels drank gebruik, kan moontlik ook saamhang met hul hoër ontwikkelingspeil en die feit dat hulle in 'n groot mate die baie gereelde gebruik van drank of dronkenskap met die swakker tipe Kleurling assosieer en omdat hulle op laasgenoemdes neersien, hulleself doelbewus van hierdie groep wil onderskei. (4, bl. 184) (9, bl. 92).

6.5 DRINKFREKWENSIE VOLGENS HUWELIKSTAAT

In tabel 6.4 is die drinkfrekwensie in verband gebring met die huwelikstaat van die proefpersone.

TABEL 6.4
DRINKFREKWENSIE VOLGENS HUWELIKSTAAT

Drinkfrekwensie	Nog nie getroud nie		Getroud		Was getroud, nou geskei of verlaat		Nie getroud nie maar woon saam met 'n man/vrou		Wewenaar/ Weduwee		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
4 - 7 keer per week	26	22.6	64	16.7	3	23.1	10	14.5	8	25.8	111	18.1
2 - 3 keer per week	20	17.4	81	21.1	2	15.4	11	15.9	4	12.9	118	19.2
Een keer per week	36	31.3	124	32.3	4	30.8	28	40.6	6	19.4	198	32.4
Sub-totaal	82	71.3	269	70.1	9	69.3	49	71.0	18	58.1	427	69.7
Een keer per maand	9	7.8	31	8.1	1	7.7	9	13.0	3	9.7	53	8.7
Een keer in drie maande of minder	24	20.9	84	21.9	3	23.1	11	15.9	10	32.3	132	21.5
TOTAAL	115	100.0	384	100.0	13	100.0	69	100.0	31	100.0	612	100.0

Behalwe die wewenaars en weduwees, wat 'n effens kleiner persentasie gereelde drinkers insluit, is daar nie noemenswaardige verskille tussen die verskillende huwelik - staatgroepe sover dit hul drinkfrekwensie aangaan nie. Die uitsonderings by die wewenaars en weduwees is waarskynlik aan die relatief hoë gemiddelde ouderdom van hierdie groep toe te skryf.

6.6 DRINKFREKWENSIE VOLGENS WOONPLEK

In tabel 6.5 word die drinkfrekwensie met die woonplek van die proefpersoon in verband gebring.

TABEL 6.5
DRINKFREKWENSIE VOLGENS WOONPLEK

Drinkfrekwensie	Stedelik		Landelik		Totaal	
	G	%	G	%	G	%
4-7 keer per week	59	15.1	52	23.5	111	18.1
2-3 keer per week	86	22.0	32	14.5	118	19.3
Een keer per week	121	30.9	77	34.8	198	32.3
Sub-totaal	266	68.0	161	72.8	427	69.7
Een keer per maand	28	7.2	25	11.3	53	8.7
Een keer in drie maande of minder	97	24.8	35	15.8	132	21.6
TOTAAL	391	100.0	221	100.0	612	100.0

$$\chi^2 = 18.4209; 1\% > P > .1\%$$

Uit tabel 6.5 blyk dit dat 'n kleiner persentasie stedelinge as plattelanders een keer per week of meer dikwels drank gebruik (68.0% teenoor 72.8%). Die stedelinge behoort waarskynlik in 'n groter mate tot die hoër onderwyspeil en hoër inkomste - groepe as die landelike groep en soos reeds op gewys, is hierdie hoër sosio - ekonomiese lae geneig om 'n ligter drinkpatroon te hê as die laer groepe. Verder is daar reeds op gewys dat die Engelssprekende Kleurlinge wat drinkfrekwensie betref, 'n ligter drinkpatroon openbaar as die Afrikaanssprekende groep (kyk tabel 6.3). Die stedelike groep sluit ook meer Engelssprekendes as Afrikaanssprekendes in. Die feit dat die plattelandse groep vir 'n groot deel volgens die dopstelsel gereeld drank bekom, lewer waarskynlik die belangrikste bydrae tot die tendense in tabel 6.5.

6.7 DRINKFREKWENSIE VOLGENS ONDERWYSPEIL

In tabel 6.6 word die drinkfrekwensie van die ondersoekgroep met die onderwys - peil in verband gebring.

TABEL 6.6
DRINKFREKWENSIE VOLGENS ONDERWYSPEIL

Drinkfrekwensie	Nooit skoolge- gaan of geen standerd ge- slaag nie		Laerskool - kwalifikasies		Hoërskool - kwalifikasies		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%
4-7 keer per week	46	20.3	56	17.0	9	16.1	111	18.1
2-3 keer per week	40	17.6	70	21.3	8	14.3	118	19.2
Eenkeer per week	81	35.7	98	29.8	19	33.9	198	32.4
Sub-totaal	167	73.6	224	68.1	36	64.3	427	69.7
Een keer per maand	26	11.5	22	6.7	5	8.9	53	8.7
Een keer in drie maande of minder	34	15.0	83	25.2	15	26.8	132	21.5
TOTAAL	227	100.0	329	100.0	56	100.0	612	100.0

$$X^2 = 14.9932; 10\% > P > 5\%$$

Uit tabel 6.6 blyk 'n dalende neiging in die persentasie gereelde drinkers namate die onderwyspeil van die onderwyspeilgroep hoër is, want by die groep wat geen skoolkwalifikasies het nie, drink 73.6 persent gereeld, by dié met laerskoolkwalifikasies 68.1 persent en by dié met hoër kwalifikasies slegs 64.3 persent. Uit tabel 3.6 het reeds geblyk dat die persentasie gebruikers van alkoholiese drank afneem namate die onderwyspeilgroep hoër is. Dit blyk dus dat namate die onderwyspeil hoër is, nie net die persentasie drankgebruikers afneem nie, maar ook dat dié wat wel drink, minder gereeld drank gebruik. Hierdie bevinding is heeltemal die teenoorgestelde as wat by die Blankes bevind is (3, bl. 87).

Een van die moontlike verklarings vir die tendens by Kleurlinge soos reeds op gewys is waarskynlik dat die opgevoede (meer ontwikkelde) Kleurlinge 'n hoër drinkfrekwensie met die onderste laag van die Kleurlingbevolking assosieer en hy, omdat hy hom nie met hierdie groep wil identifiseer nie, bewustelik of onbewustelik minder gereeld drank gebruik. H. W. van der Merwe stel dit soos volg: „According to the standards of the community it is hardly possible to imagine an upper class person to be seen drunk in the street or anywhere in public" (9, bl. 92). Verder moet onthou word dat die laer ontwikkelde groep 'n groot persentasie arbeiders en ook plaasarbeiders insluit. Hierdie laasgenoemde groep sluit persone in wat kragtens die dopstelsel gereeld alkoholiese drank ontvang.

Uit die hoofstuk waar die drankvoorkeur van die ondergroep bespreek is (kyk tabel 5.5) het aan die lig gekom dat die hoër onderwyspeilgroepe in 'n meerdere mate as diegene met laer kwalifikasies, voorkeur gee aan spiritualieë. Omdat spiritualieë 'n hoër alkoholgehalte as ander dranksoorte het en ook heelwat duurder is, kan verwag word dat diegene wat hoofsaaklik hierdie dranksoorte gebruik, dit nie so gereeld sal gebruik as persone wat gewoonlik ligter en goedkoper dranksoorte gebruik nie.

6.8 DRINKFREKWENSIE VOLGENS BEROEP

Die drinkfrekwensie word in tabel 6.7 volgens die verskillende beroepsgroepe ontleed.

TABEL 6.7
DRINKFREKWENSIE VOLGENS BEROEP

Drink - frekwensie	Ongeskoolde werkers en werkloos		Veiligheids- dienste, pri- vate onder- nemings, ge- skoolde vak- manne		Huisvrouens, nie-ekonomies bedrywige persone		Professionele, tegniese en verwante beroepe		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
4-7 keer per week	94	23.0	8	19.5	8	5.4	1	6.7	111	18.1
2-3 keer per week	81	19.9	11	26.8	26	17.6	-	-	118	19.2
Een keer per week	138	33.8	10	24.4	43	29.1	7	46.7	198	32.4
Sub-totaal	313	76.7	29	70.7	77	52.1	8	53.4	427	69.7
Een keer per maand	33	8.1	1	2.4	16	10.8	3	20.0	53	8.7
Een keer in drie maande of minder	62	15.2	11	26.8	55	37.2	4	26.7	132	21.5
TOTAAL	408	100.0	41	100.0	148	100.0	15	100.0	612	100.0

Uit tabel 6.7 blyk dit dat professionele, tegniese en verwante beroepe asook huisvrouens en persone wat nie ekonomies bedrywig is nie, kleiner persentasies gereelde drinkers insluit as die totaal, naamlik 53,4 persent en 52,1 persent teenoor die totaal van 69,7 persent.

Ongeskoolde werkers sluit verreweg die grootste persentasie gereelde drinkers in (76,7%) terwyl hulle die kleinste persentasie persone insluit wat slegs een keer in drie maande of minder dikwels drank gebruik. Huisvrouens en persone wat nie ekonomies bedrywig is nie, het die grootste persentasie van al die beroepsgroepe wat slegs een keer in drie maande of minder dikwels drank gebruik, ingesluit.

Daar kan verwag word dat die hoër beroepsgroepe ook meer persone met 'n hoër opleiding sal insluit en daarom geld dieselfde faktore wat onder afdeling 6.7 genoem is, waarskynlik ook hier.

6.9 DRINKFREKWENSIE VOLGENS INKOMSTE

Tabel 6.8 dui die drinkfrekwensie van die proefpersoon volgens sy inkomste aan.

TABEL 6.8

DRINKFREKWENSIE VOLGENS INKOMSTE

Drinkfrekwensie	Minder as R5		R5 - R25,99		R26 en meer		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%
4-7 keer per week	29	20.4	66	16.1	16	26.2	111	18.1
2-3 keer per week	24	16.9	85	20.8	9	14.8	118	19.3
Een keer per week	47	33.1	136	33.2	15	24.6	198	32.3
Sub-totaal	100	70.4	287	70.1	40	65.6	427	69.7
Een keer per maand	17	12.0	31	7.6	5	8.2	53	8.7
Een keer in drie maande of minder	25	17.6	91	22.2	16	26.2	132	21.6
TOTAAL	142	100.0	409	100.0	61	100.0	612	100.0

$$X^2 = 10.4204; 30\% > P > 20\%$$

Uit tabel 6.8 blyk dit dat die persentasie persone wat een of meer kere per week drank gebruik, in 'n geringe mate daal namate die inkomste van die inkomstegroep hoër is. Ooreenstemmend styg die persentasie ongereelde drinkers. Hoewel inkomste nie sonder voorbehoud as 'n aanduiding van die sosiale status van 'n persoon aanvaar kan word nie, skyn dit dus tog asof persone van 'n hoër status minder gereeld drank gebruik.

6.10 DRINKFREKWENSIE VOLGENS DRANKVOORKEUR

In tabel 6.9 word die drinkfrekwensie met die drankvoorkeur in verband gebring.

Onder drankvoorkeur, soos reeds gemeld, word verstaan die dranksoort wat die proefpersoon mees dikwels gebruik. Uit tabel 6.9 blyk dit dat diegene wat wyn verkies, 'n groter persentasie gereelde drinkers insluit as die totale groep (71.6% teenoor 69.7%) terwyl die teenoorgestelde geld vir die spiritualieë- en bierdrinkers waar die ooreenstemmende persentasies respektiewelik 45.3 en 51.7 persent is. Waarskynlik is die dopstelsel in 'n groot mate hiervoor verantwoordelik want 'n gedeelte van die ondersoekgroep kan daagliks wyn kragtens hierdie stelsel ontvang. Verder is wyn

ook 'n relatief goedkoop drank, veral in groot dele van die gebied waarin hierdie ondersoek gedoen is, en daarom kan die Kleurling bekostig om gereeld te drink.

TABEL 6.9
DRINKFREKWENSIE VOLGENS DRANKVOORKEUR

Drinkfrekwensie	Wyn		Spiritualieë		Bier		Bantoebier		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
4-7 keer per week	102	20.4	6	11.3	-	-	3	10.0	111	18.1
2-3 keer per week	95	19.0	7	13.2	4	13.8	12	40.0	118	19.2
Een keer per week	161	32.2	11	20.8	11	37.9	15	50.0	198	32.4
Sub-totaal	358	71.6	24	45.3	15	51.7	30	100.0	427	69.7
Een keer per maand	44	8.8	6	11.3	3	10.3	-	-	53	8.7
Een keer in drie maande of minder	98	19.6	23	43.4	11	37.9	-	-	132	21.5
TOTAAL	500	100.0	53	100.0	29	100.0	30	100.0	612	100.0

Die dertig Bantoebierdrinkers drink almal betreklik gereeld, waarskynlik omdat dit 'n goedkoop drank is wat maklik bekostig en gebrou kan word en tweedens omdat dit waarskynlik die laagste sosio-ekonomiese laag is, wat gewoonlik 'n betreklike swaar drinkpatroon openbaar, wat Bantoebier verkies.

6.11 DRINKFREKWENSIE VOLGENS DIE WAARDE VAN DIE DRANK WAT DIE PROEFPERSOON GEMIDDELD PER WEEK VERBRUIK

In tabel 6.10 word die drinkfrekwensie in verband gebring met die waarde van die drank wat die proefpersoon gemiddeld per week verbruik.

TABEL 6.10
DRINKFREKWENSIE VOLGENS DIE WAARDE VAN DIE DRANK WAT DIE PROEFPERSOON GEMIDDELD PER WEEK VERBRUIK

Drinkfrekwensie	Minder as R1.00		R1.00- R2.99		R3.00 en meer		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%
4-7 keer per week	32	6.7	59	54.6	20	80.0	111	18.1
2-3 keer per week	82	17.1	32	29.6	4	16.0	118	19.3
Een keer per week	182	38.0	15	13.9	1	4.0	198	32.3
Sub-totaal	296	61.8	106	98.1	25	100.0	427	69.7
Een keer per maand	53	11.1	-	-	-	-	53	8.7
Een keer in drie maande of minder	130	27.1	2	1.9	-	-	132	21.6
TOTAAL	479	100.0	108	100.0	25	100.0	612	100.0

$$\chi^2 = 242.7848; P < .1\%$$

Uit tabel 6.10 blyk dit dat die persentasie bydrae van die hoër drinkfrekwensie-groepe snel styg namate die waarde van die drank wat deur die persoon self verbruik word, styg.

Indien die subtotaal in oënskou geneem word, blyk dit dat namate die waarde van die drank styg, die persentasie gereelde drinkers toeneem van 61.8 persent in die minder as R1-groep na 98.1 persent en 100.0 persent in die R1.00 tot R2.99-en R3.00-en-meer-groepe onderskeidelik.

Dit blyk ook dat die groep persone wat R3.00 en meer se waarde aan drank verbruik, geen ligte drinkers insluit nie. Dit blyk dus dat diegene wat gereeld drank gebruik, ook betreklike groot bedrae se drank verbruik.

Die twee persone wat beweer dat hulle slegs een keer in drie maande of minder dikwels drank gebruik en tog in die groep val wat gemiddeld per week drank ter waarde van R1.00 tot R2.99 verbruik, het of foutiewe inligting verskaf of is dipsomaniese drinkers.

6.12 DRINKFREKWENSIE VOLGENS HUISHOUDELIKE UITGAWE AAN DRANK

In tabel 6.11 word die drinkfrekwensie in verband gebring met die weeklikse huishoudelike uitgawe aan drank.

TABEL 6.11

DRINKFREKWENSIE VOLGENS DIE HUISHOUDELIKE UITGAWE AAN DRANK

Drinkfrekwensie	Geen		Minder as R1.00		R1.00 – R4.99		R5.00 en meer		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
4-7 keer per week	13	11.7	43	12.8	39	26.9	16	76.1	111	18.1
2-3 keer per week	4	3.6	59	17.6	53	36.5	2	9.5	118	19.2
Een keer per week	3	2.7	158	47.2	36	24.8	1	4.8	198	32.4
Sub-totaal	20	18.0	260	77.6	128	88.2	19	90.4	427	69.7
Een keer per maand	18	16.2	30	9.0	4	2.8	1	4.8	53	8.7
Een keer in drie maande of minder	73	65.8	45	13.4	13	9.0	1	4.8	132	21.6
TOTAAL	111	100.0	335	100.0	145	100.0	21	100.0	612	100.0

'n Duidelike verband tussen drinkfrekwensie en weeklikse huishoudelike uitgawe aan drank is in tabel 6.11 waarneembaar. Namate die uitgawe aan drank hoër word, styg die persentasie gereelde drinkers. Slegs 18.0 persent van die groep wat geen uitgawe het nie, drink gemiddeld een of meer kere per week en dit styg na 77.6 persent, 88.2 persent en 90.4 persent in die groepe met 'n gesinsuitgawe van minder as R1.00, R1.00 tot R4.99 en R5.00 en meer, onderskeidelik.

Die hoë persentasie gereelde drinkers in die groep sonder uitgawes aan drank, kan verklaar word deur die gebruik van boere om drank gratis aan hulle nie-Blanke werknemers te verskaf. Weer eens dui die tendense in bostaande tabel op betroubare gegewens.

6.13 SAMEVATTING

- 6.13.1 Meer as twee-derdes van die drankgebruikers in die ondersoekgroep kan as gereelde drinkers geklassifiseer word. Die persentasie gereelde drinkers by mans is heelwat hoër as by vroue.
- 6.13.2 Tussen ouderdom en drinkfrekwensie is daar nie 'n betekenisvolle verband nie.
- 6.13.3 Afrikaanssprekendes het 'n groter persentasie gereelde drinkers as Engels-sprekendes terwyl laasgenoemde 'n baie groter persentasie persone insluit wat slegs een keer in drie maande of minder dikwels drank gebruik.
- 6.13.4 Tussen drinkfrekwensie en huwelikstaat is daar nie 'n betekenisvolle verband nie.
- 6.13.5 Stedelinge sluit 'n kleiner persentasie gereelde drinkers in as die landelike groep.
- 6.13.6 Dit blyk dat die persentasie gereelde drinkers afneem en die persentasie onge-reelde drinkers toeneem namate die onderwyspeil van die onderwyspeilgroep hoër is.
- 6.13.7 Ongeskoolde werkers sluit die grootste persentasie gereelde drinkers in en professionele, tegniese en verwante beroepe die kleinste.
- 6.13.8 Drinkfrekwensie toon nie 'n duidelike verband met inkomste nie.
- 6.13.9 Alle drankgebruikers in die ondersoekgroep wat voorkeur gee aan Bantoebier, is gereelde drinkers, terwyl dié wat voorkeur gee aan wyn 'n groot persentasie gereelde drinkers insluit. Diegene wat voorkeur gee aan die sterk dranksoorte, dit wil sê spiritueelieë, sluit die kleinste persentasie gereelde drinkers in.
- 6.13.10 Soos verwag kan word, neem die persentasie gereelde drinkers toe namate die waarde van die drank wat deur die proefpersoon alleen per week verbruik word, hoër is.
- 6.13.11 Die drinkfrekwensie toon 'n verband met die huishoudelike uitgawe aan drank want gereelde drinkers neem toe namate die huishoudelike uitgawe aan drank hoër is.

HOOFSTUK 7
DIE DRINKPLEK

7.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word 'n ontleding gemaak van die mees algemene plek waar die proefpersoon sy drankies nuttig en na hierdie plek sal deurgaans as die drinkplek verwys word. Die sosiale verband waarbinne die gebruiker hom bevind tydens die gebruik van die drankies word nie hier beklemtoon nie, maar slegs die lokaliteit as sodanig.

Omdat daar gepoog is om die drinkplek van slegs die meer gereelde drankgebruikers te ontleed, is diegene wat gemiddeld minder as een keer in drie maande drank gebruik, by die ontleding van die drinkplek buite rekening gelaat. Tesame met die 132 proefpersone wat deur die genoemde maatreël uitgeskakel is, is 'n verdere 16 persone nie in aanmerking geneem nie en wel omdat hulle slegs Bantodrank gebruik en die bedoeling hier is om die onderhawige ontleding slegs ten opsigte van Blankedrank te doen. Slegs 464 proefpersone kwalifiseer dus vir insluiting in hierdie faset van die ondersoek.

7.2 DRINKPLEK VOLGENS GESLAG

In tabel 7.1 word die drinkplek van die proefpersone ontleed en met hul geslag in verband gebring.

TABEL 7.1
DRINKPLEK VOLGENS GESLAG

Drinkplek	Manlik		Vroulik		Totaal	
	G	%	G	%	G	%
Tuis	203	60.2	95	74.8	298	64.2
Aan huis van ander	25	7.4	16	12.6	41	8.8
In 'n kroeg of hotel	64	19.0	7	5.5	71	15.3
By huis van werkgewer	45	13.4	9	7.1	54	11.6
TOTAAL	337	100.0	127	100.0	464	100.0

$$X^2 = 19.909; P < .1\%$$

Opvallend uit tabel 7.1 is die groot persentasie (64.2%) gebruikers van Blankedrank wat dit tuis nuttig. 'n Kroeg of hotel (15.3%) is die tweede mees algemene drinkplek, terwyl daar in 'n nog mindere mate gedrink word by die huis van die werkgewer (11.6%) en aan huis van ander mense (8.8%).

Dit val verder uit tabel 7.1 op dat vroue meer as mans tuis of by iemand anders se huis drank gebruik, naamlik 74.8 persent en 12.6 persent by vroue respektiewelik teenoor 60.2 persent en 7.4 persent by mans. Hierdie verspreiding hang waarskynlik met die groter mate van huisgebondenheid van die vrou saam.

In aansluiting by voorgenoemde tendens drink 'n groter persentasie mans as vroue buitenshuis naamlik in kroeg en hotelle (19.0% teenoor 5.5% respektiewelik) en by die werkgewer se huis (13.4% teenoor 7.1% respektiewelik). Die voorgenoemde verskille tussen mans en vroue is waarskynlik daaraan toe te skryf dat vroue ten tye van die ondersoek nie in kroeg toegelaat is nie en dat die dopstelsel slegs op mans van toepassing is.

7.3 DRINKPLEK VOLGENS OUDERDOM

In onderstaande tabel word die drinkplek volgens die ouderdom van die proefpersoon ontleed.

TABEL 7.2
DRINKPLEK VOLGENS OUDERDOM

Drinkplek	18 - 30 jaar		31 - 50 jaar		51 jaar en ouer		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%
Tuis	83	56.8	157	66.8	58	69.9	298	64.2
Aan huis van ander	21	14.4	16	6.8	4	4.8	41	8.8
In 'n kroeg of hotel	27	18.5	35	14.9	9	10.8	71	15.3
By huis van werkgewer	15	10.3	27	11.5	12	14.5	54	11.6
TOTAAL	146	100.0	235	100.0	83	100.0	464	100.0

$$X^2 = 8.7735 ; 20\% > P > 10\%$$

Uit bostaande tabel blyk dit dat die eie woning en in 'n mindere mate ook die werkgewer se huis, as drinkplek in gewildheid toeneem met stygende ouderdom; by die eie woning vanaf 56.8 persent by die 18 tot 30 jarige groep tot 66.8 en 69.9 persent by die groepe 31 tot 50 jaar en 51 jaar en ouer, respektiewelik. Die groter mate van huisvastheid asook die huislike verpligtinge van die ouer persone mag redes vir hierdie verskynsel wees. Hierteenoor is jongmense dikwels meer uithuisig en daarom kom buitenshuise drinkery by die jonger groepe dan ook meer algemeen voor en wel 18.5 persent by die jongste ouderdomsgroep teenoor 14.9 persent en 10.8 persent onderskeidelik by die twee hoër ouderdomsgroepe. Ten opsigte van drankgebruik by iemand anders se huis kom 'n soortgelyke dalende tendens voor namate die ouderdom van die ouderdomsgroep hoër is.

7.4 DRINKPLEK VOLGENS HUISTAAL

In tabel 7.3 word aangedui of daar verskil of ooreenkoms is by die twee taalgroepe ten opsigte van hulle drinkplek.

TABEL 7.3
DRINKPLEK VOLGENS HUISTAAL

Drinkplek	Afrikaans		Engels		Totaal	
	G	%	G	%	G	%
Tuis	270	64.7	28	59.6	298	64.2
Aan huis van ander	36	8.6	5	10.6	41	8.8
In 'n kroeg of hotel	58	13.9	13	27.7	71	15.3
By huis van werkgewer	53	12.7	1	2.1	54	11.6
TOTAAL	417	100.0	47	100.0	464	100.0

$$X^2 = 9.6519; 5\% > P > 2\%$$

Uit tabel 7.3 blyk eerstens dat Engelssprekendes (27.7%) in 'n groter mate as Afrikaanssprekendes (13.9%) in 'n kroeg of hotel drink, terwyl nog opvallender die verskil is by diegene wat by die huis van 'n werkgewer drink, naamlik 12.7 persent Afrikaanssprekendes teenoor slegs 2.1 persent by Engelssprekendes. (Alhoewel die getalle klein is by die Engelstaliges, is die verskil so ooglopend dat 'n afleiding wel gemaak kan word). 'n Verklaring kan daarin gesoek word dat kroeg- en hoteldrinkery meer op die dorpenaar en stedeling betrekking het waar in verhouding meer Engels-sprekendes woonagtig is terwyl die werkgewer se huis as drinkplek meer verband hou met die platteland en die dopstelsel waar merendeel Afrikaans gepraat word.

Vervolgens word ook 'n geringe verskil tussen die taalgroepe aangetref waar die eie huis as drinkplek aangegee is, en wel 64.7 persent Afrikaanssprekendes teenoor 59.6 persent Engelssprekendes.

7.5 DRINKPLEK VOLGENS HUWELIKSTAAT

Die drinkplek word hier ontleed volgens twee kombinasies van huwelikstaat-groepe, naamlik diegene wat getroud is of saamwoon ('n gebruik by die Kleurlinge wat byna dieselfde gewig as die huwelik dra) en die groep buite huweliksverband, dit wil sê ongetroud, geskei of verlaat, of in wewenaar- of weduweeskap verkeer.

TABEL 7.4
DRINKPLEK VOLGENS HUWELIKSTAAT

Drinkplek	Getroud of woon saam met man/vrou		Ongetroud, geskei of verlaat, of wewenaar of weduwee		Totaal	
	G	%	G	%	G	%
Tuis	246	70.9	52	44.4	298	64.2
Aan huis van ander	15	4.3	26	22.2	41	8.8
In 'n kroeg of hotel	51	14.7	20	17.1	71	15.3
By huis van werkgewer	35	10.1	19	16.2	54	11.6
TOTAAL	347	100.0	117	100.0	464	100.0

$$X^2 = 44.4302 ; P < .1\%$$

Opvallend uit tabel 7.4 is dat 70.9 persent van die proefpersone wat getroud is of saamwoon, tuis drink teenoor 44.4 persent van diegene wat, hetsy ongetroud, geskei of verlaat, of wewenaar of weduwee is. Hierteenoer maak meer ongetroudes (17.1%) van kroeg en hotelle gebruik as getroudes (14.7%). Dieselfde geld ten opsigte van ander mense se wonings waar die ooreenstemmende persentasies respektiewelik 22.2 persent en 4.3 persent is. Die voorgenoemde verspreiding kan waarskynlik toegeskryf word aan die eenvoudige feit dat talle ongetroudes nie oor eie wonings beskik nie en dus van ander geriewe vir die gebruik van alkoholiese drank moet gebruik maak.

Die hoër persentasie persone by die ongetroudes, geskeies, wewenaars, weduwees ens. wat by die werkgewer se huis drank gebruik, is teen die verwagting in en geen afdoende verklaring kan daarvoor gegee word nie.

7.6 DRINKPLEK VOLGENS ONDERWYSPEIL

In tabel 7.5 word die verband tussen die drinkplek en die hoogste onderwyskwalifikasies wat die persoon verwerf het, ontleed.

TABEL 7.5
DRINKPLEK VOLGENS ONDERWYSPEIL

Drinkplek	Nooit skool - gegaan of geen standerd ge - slaag nie		Laerskool - kwalifikasies		Hoërskool - kwalifikasies		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%
Tuis	124	68.9	151	62.1	23	56.1	298	64.2
Aan huis van ander	8	4.4	26	10.7	7	17.1	41	8.8
In 'n kroeg of hotel	14	7.8	46	18.9	11	26.8	71	15.3
By huis van werkgewer	34	18.9	20	8.2	-	-	54	11.6
TOTAAL	180	100.0	243	100.0	41	100.0	464	100.0

$$X^2 = 36.8655; P < .1\%$$

Dit blyk uit bostaande tabel dat 'n toename in onderwyspeil gepaard gaan met 'n afname in die voorkoms van die eie huis as mees gereelde drinkplek en wel vanaf 68.9 persent by die laagste onderwyspeilgroep, dit wil sê nooit skoolgegaan of geen standerd geslaag nie tot 62.1 persent by diegene met laerskoolopleiding en 56.1 persent by die met 'n hoërskoolopleiding. Daar moet in gedagte gehou word dat akademiese opleiding in noue verband staan met beroepstatus en inkomste. Persone uit die hoër sosio-ekonomiese lae is waarskynlik meer geneig om hulle vriende in openbare drinkplekke te trakteer as tuis. Bevestiging hiervoor blyk uit die toenemende persentasies kroeg- en hoteldrinkers in die hoër onderwyspeilgroepe, naamlik 7.8 persent by die met geen skoolopleiding of geen standerd geslaag nie, 18.9 persent by diegene met laerskoolkwalifikasies, en 26.8 persent waar 'n hoërskoolopleiding geniet is.

Namate die opleidingspeil hoër word, neem die huis van ander as drinkplek toe in gewildheid vanaf 4.4 persent by die laagste gekwalifiseerde groep tot 10.7 persent by diegene wat slegs die laerskool deurloop het en 17.1 persent by dié met 'n hoërskoolkwalifikasie. 'n Verklaring hiervoor hang waarskynlik saam met die moontlikheid dat die jonger ouderdomsgroepe gemiddeld beter skoolopleiding ontvang het en dit is dikwels hierdie ouderdomsgroepe wat nog nie 'n eie woning het nie en daarom veral aan huis by vriende gesellig verkeer en drank gebruik.

Waar die mees gereelde drinkplek aangegee is as die werkgewer se huis, vind 'n skerp daling in persentasie plaas vanaf die laer na die hoër gekwalifiseerde groepe. Agtien punt nege persent van diegene wat nooit enige standerd geslaag het nie, drink hier, met 8.2 persent in die groep met laerskoolopleiding, terwyl geen persoon met

'n hoërskoolkwalifikasie dié drinkplek as die mees gereelde aangegee het nie. Persone met laer akademiese kwalifikasies is dikwels op half- en ongeskoolde beroepe, waarin plaasarbeid 'n vername rol speel, aangewese en dit is juis hierdie arbeiders wat in-gevolge die dopstelsel drank ontvang.

7.7 DRINKPLEK VOLGENS BEROEP

In onderstaande tabel word die drinkplek in verband gebring met die beroepe van die proefpersone.

TABEL 7.6
DRINKPLEK VOLGENS BEROEP

Drinkplek	Ongeskoolde werkers en werkloses		Veiligheids- dienste, ge- skoolde vak- manne en persone met privaat on- dernemings		Huisvrouens nie-ekono- mies be- drywige per- sone		Professionele, tegniese en verwante beroepe		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Tuis	199	58.7	21	70.0	74	88.1	4	36.4	298	64.2
Aan huis van ander	26	7.7	3	10.0	8	9.5	4	36.4	41	8.8
In 'n kroeg of hotel	60	17.7	6	20.0	2	2.4	3	27.2	71	15.3
By huis van werkgever	54	15.9	-	-	-	-	-	-	54	11.6
TOTAAL	339	100.0	30	100.0	84	100.0	11	100.0	464	100.0

In twee van bostaande beroepsgroepe, naamlik veiligheidsdienste, geskoolde vakmanne en persone met privaat ondernemings asook die groep professionele, teg- niese en verwante beroepe, is die getalle s6 klein dat afleidings met groot versigtig- heid gemaak moet word. Opvallend by laasgenoemde groep is die betreklike groot persentasie (27.2%) wat kroeg en hotelle as drinkplek aangee teenoor die 2,4 persent, 20,0 persent en 17,7 persent onderskeidelik by die huisvroue, veiligheidsdienste en vakmannegroep en die ongeskoolde werkers. Die hoër beroepsgroepe verkies waar- skynlik openbare drinkplekke. Dit mag ook wees dat hulle dit eerder as die laer groepe kan bekostig om hulle drankies sopiegewys in hotelle of kroeg te nuttig.

Soos verwag kan word, is dit slegs by die ongeskoolde werkers waaronder ook die plaasarbeiders val, waar drinkery by die werkgever se huis voorkom.

Die huisgebondenheid van die vroue spreek ook meer uit die betreklike groot persentasie (88,1%) huisvroue en nie-ekonomies bedrywige persone wat tuis hul drank gebruik.

7.8 DRINKPLEK VOLGENS INKOMSTE

Die mees gereelde drinkplek van die proefpersone word met hul inkomste in verband gebring in tabel 7.7.

TABEL 7.7
DRINKPLEK VOLGENS INKOMSTE

Drinkplek	Geen		Minder as R5		R5-R10.99		R11 en meer		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Tuis	4	66.7	62	60.2	120	64.2	112	66.7	298	64.2
Aan huis van ander	1	16.7	9	8.7	15	8.0	16	9.5	41	8.8
In 'n kroeg of hotel	-	-	11	10.7	20	10.7	40	23.8	71	15.3
By huis van werkgewer	1	16.7	21	20.4	32	17.1	-	-	54	11.6
TOTAAL	6	100.0	103	100.0	187	100.0	168	100.0	464	100.0

Die groep met geen inkomste, in bostaande tabel, sal nie bespreek word nie as gevolg van té klein getalle.

Met enkele uitsonderings is daar geen noemenswaardige verskil in die drinkplek van die verskillende inkomstegroepe nie. Die uitsonderings waarna verwys word, kom voor by die laagste en hoogste inkomstegroepe, want die kroeg en hotel is as die mees gereelde drinkplek aangedui by 23.8 persent van die hoogste inkomstegroep teenoor 10.7 persent in elk van die twee laer inkomstegroepe onder bespreking. Waarskynlik kan die voorgenoemde tendens daaraan toegeskryf word dat die hoër inkomstegroep kan bekostig om by 'n binne-verbruik drinkplek, waar drank sopiegewys, en dus teen 'n hoër prys, bekom word, hulle drank te nuttig.

Voorts blyk dit ook dat drinkery by die werkgewer se huis (dopstelsel) by die laer inkomstegroepe, waaronder waarskynlik die plaaswerkers, meer algemeen voorkom naamlik 20.4 persent en 17.1 persent teenoor geeneen by die hoogste inkomstegroep nie.

7.9 SAMEVATTING

7.9.1 Die eie woning as drinkplek blyk die mees populêre te wees met 'n groter persentasie vroue as mans wat hier drink, terwyl mans weer meer gebruik maak van 'n kroeg of hotel en die huis van die werkgewer. Die tweede mees gebruiklike drinkplek is 'n kroeg of hotel, gevolg deur die huis van die werkgewer en laastens die huis van ander persone.

- 7.9.2 Die hoër ouderdomsgroepe toon 'n toename in die gebruik van die woning as drinkplek terwyl persone in die jonger groepe weer in meerdere mate aan huis van ander en in 'n kroeg of hotel drink.
- 7.9.3 Die huis van die werkgewer is by ontleding volgens huistaal in oorwegende mate die drinkplek van Afrikaanssprekendes in vergelyking met Engelssprekendes, waar laasgenoemde groep egter groter persentasies lewer wat aan die huis van ander of in 'n kroeg of hotel drink.
- 7.9.4 Daar word gevind dat tuisdrinkers 'n groter persentasie lewer tot diegene wat nie getroud is nie, terwyl 'n omgekeerde tendens waargeneem word ten opsigte van die huis van ander as drinkplek, dit wil sê diegene wat getroud is of saam leef, drink minder by ander mense as diegene wat ongetroud, geskei of verlaat, of wewenaar of weduwee is.
- 7.9.5 Gepaard met 'n toename in onderwyskwalifikasies word 'n styging in die gebruik van sowel die huis van ander mense asook 'n kroeg of hotel aangetref. 'n Omgekeerde tendens is waarneembaar by die eie tuiste en die huis van die werkgewer.
- 7.9.6 Ten opsigte van beroep is gevind dat die groep huisvroue en nie-ekonomies bedrywige persone byna uitsluitlik tuisdrinkers is. Die huis van die werkgewer is slegs deur die groep ongeskoolde werkers en werkloses as mees gereelde drinkplek aangedui.
- 7.9.7 'n Toename in inkomste dui op 'n afname in die gewildheid van die werkgewer se huis as drinkplek, terwyl meer persone uit die hoogste inkomstegroep in 'n kroeg of hotel drink as diegene in die ander groepe.

HOOFSTUK 8

DIE HOEVEELHEID DRANK WAT GEDURENDE DIE SEWE DAE WAT DIE ONDERSOEK VOORAFGEGAAN HET, VERBRUIK IS

8.1 INLEIDING

Die drinkfrekwensie van die ondersoekgroep is reeds in hoofstuk ses bespreek. Aangesien die drinkfrekwensie nie noodwendig 'n aanduiding is van die hoeveelheid drank wat verbruik is nie, word die getal drankies wat gedurende die sewe dae wat die onderhoud onmiddellik voorafgegaan het, verbruik is, in hierdie hoofstuk behandel.

Ten einde 'n vergelykbare basis ten opsigte van die hoeveelheid alkohol wat verbruik is, te vind, is een pint bier gelyk gestel aan twee pinte Bantobier of een glas wyn of een sopie spiritualieë.

By die ontleding in hierdie hoofstuk word daar dus verwys na die getal drankeenhede wat die proefpersone gedurende dié bepaalde tyd verbruik het.

8.2 DIE GETAL DRANKIES WAT GEDURENDE DIE SEWE DAE VERBRUIK IS VOLGENS GESLAG

In tabel 8.1 word die getal drankies wat gedurende die sewe dae wat die onderhoud onmiddellik voorafgegaan het deur die proefpersone verbruik is, met die geslag van die proefpersone in verband gebring.

TABEL 8.1
GETAL DRANKIES GEDURENDE DIE SEWE
DAE VERBRUIK VOLGENS GESLAG

Getal drank- eenhede	Manlik		Vroulik		Totaal	
	G	%	G	%	G	%
Geen	58	14.8	74	33.8	132	21.6
Klein hoeveelhede (1 - 3 eenhede)	53	13.5	52	23.7	105	17.1
Medium hoeveelhede (4 - 12 eenhede)	125	31.8	66	30.1	191	31.2
Groot hoeveelhede (13 eenhede of meer)	157	39.9	27	12.3	184	30.1
TOTAAL	393	100.0	219	100.0	612	100.0

$$X^2 = 72.3112; P < .1\%$$

Uit bostaande tabel blyk dat 21.6 persent van die ondersoekgroep gedurende die sewe dae wat die onderhoud voorafgegaan het, geen drank gebruik het nie, terwyl 17.1 persent klein, 31.2 persent medium en 30.1 persent groot hoeveelhede alkoholiese drank genuttig het.

Volgens die gegewens het ongeveer een derde (33.8%) van die vroulike groep geen drankies gebruik nie, terwyl ongeveer 'n verdere kwart (23.7%) slegs klein hoeveelhede alkoholiese drank verbruik het. Hierteenoor het 30.1 persent medium hoeveelhede en

12.3 persent groot hoeveelhede alkoholiese drank verbruik. By die manlike groep blyk die drinkpatroon heelwat swaarder te wees aangesien slegs 14.8 persent geen drank verbruik het nie teenoor 13.5 persent wat klein hoeveelhede, 31.8 persent wat medium hoeveelhede en 39.9 persent wat groot hoeveelhede alkoholiese drank verbruik het. Uit die voorgaande blyk dit dus dat die vroulike groep van die ondersoekgroep volgens die hoeveelheid drank wat oor 'n bepaalde tydperk verbruik is, 'n ligter drinkpatroon as die mans openbaar.

Die dopstelsel is 'n belangrike faktor in hierdie verband deurdat werkgewers alleen aan manlike werknemers drank mag verskaf. Verder speel die feit dat daar gewoonlik verwag word dat vroue glad nie of slegs matig moet drink, waarskynlik ook hier 'n rol.

8.3

GETAL DRANKIES GEDURENDE DIÉ SEWE DAE VERBRUIK
VOLGENS OUDERDOM

In tabel 8.2 word die getal drankies wat die proefpersone gedurende die sewe dae, wat die ondersoek onmiddellik voorafgegaan het, gebruik het, in verband gebring met die ouderdomme van die proefpersone.

TABEL 8.2
GETAL DRANKIES GEDURENDE DIÉ SEWE DAE VERBRUIK
VOLGENS OUDERDOM

Getal drank- eenhede	18 - 30 jaar		31 - 50 jaar		51 jaar en ouer		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%
Geen	31	16.6	68	22.3	33	27.5	132	21.6
Klein hoeveelhede (1-3 eenhede)	36	19.3	50	16.4	19	15.8	105	17.1
Medium hoeveelhede (4-12 eenhede)	67	35.8	83	27.2	41	34.2	191	31.2
Groot hoeveelheid (13 eenhede of meer)	53	28.3	104	34.1	27	22.5	184	30.1
TOTAAL	187	100.0	305	100.0	120	100.0	612	100.0

$$X^2 = 11.3576; 10\% > P > 5\%$$

Die berekende chi-kwadraatwaarde van tabel 8.2 dui daarop dat die ouderdomsverskille ten opsigte van die getal drankies wat gedurende die sewe dae wat die ondersoek voorafgegaan het, gedrink is, nie statisties betekenisvol is nie dog 'n besondere wetmatigheid kom tog voor.

Indien die rye vir „geen” en klein hoeveelhede drank aan die een kant en die medium en groot hoeveelhede, aan die ander kant, saamgegroepeer word, blyk dit egter dat

die proefpersone wat in die groep dertig jaar en jonger is, die swaarste drinkpatroon openbaar het van al die ouderdomsgroepe, want onderskeidelik 35.9 persent het geen of klein hoeveelhede drank verbruik in die tydperk onder bespreking teenoor 64.1 persent wat medium en groot hoeveelhede drank verbruik het. By die ouderdomsgroep 31 tot 50 jaar het 38.7 persent geen of klein hoeveelhede drank gebruik teenoor 61.3 persent wat medium en groot hoeveelhede verbruik het. By die hoogste ouderdomsgroep is die drinkpatroon die ligste van al die groepe want die ooreenstemmende persentasies is respektiewelik 43.3 en 56.7 persent.

8.4 GETAL DRANKIES GEDURENDE DIE SEWE DAE VERBRUIK VOLGENS HUISTAAL

Die getal drankies wat verbruik is, word in tabel 8.3 met die huistaal van die ondersoekgroep in verband gebring.

TABEL 8.3
GETAL DRANKIES GEDURENDE DIE SEWE DAE
VERBRUIK VOLGENS HUISTAAL

Getal drankeenhede	Afrikaans		Engels		Totaal	
	G	%	G	%	G	%
Geen	107	20.1	25	30.9	132	21.6
Klein hoeveelhede (1 - 3 eenhede)	90	16.9	15	18.5	105	17.1
Medium hoeveelhede (4 - 12 eenhede)	170	32.0	21	25.9	191	31.2
Groot hoeveelhede (13 eenhede of meer)	164	30.9	20	24.7	184	30.1
TOTAAL	531	100.0	81	100.0	612	100.0

$$X^2 = 6.3712; 20\% > P > 10\%$$

Blykens die chi-kwadraatwaarde van tabel 8.3 bestaan daar nie 'n statisties betekenisvolle verskil tussen die getal drankies wat in die bepaalde tydperk genuttig is deur die onderskeie huistaalgroepe nie. Indien die eerste twee rye saamgevoeg word en dan met die totaal van die twee laaste saamgevoegde rye vergelyk word, blyk dit tog dat die Engelssprekendes 'n ligter drinkpatroon openbaar het want slegs 50.6 persent het medium tot groot hoeveelhede drank gebruik in die betrokke periode teenoor 62.9 persent by die Afrikaanssprekendes. Waarskynlik is die dopstelsel in 'n mate vir die bogemelde verskil verantwoordelik want die plaasarbeiders in die ondersoekgroep bestaan in 'n groot mate uit Afrikaanssprekendes.

8.5 GETAL DRANKIES GEDURENDE DIE SEWE DAE VERBRUIK VOLGENS WOONPLEK

In tabel 8.4 word die getal drankies wat gedurende dié sewe dae wat die onderhoud voorafgegaan het, verbruik is, in verband gebring met die woonplek van die proefpersoon.

TABEL 8.4
GETAL DRANKIES GEDURENDE DIE SEWE DAE VERBRUIK VOLGENS WOONPLEK

Getal drankeeenhede	Stedelik				Sub-totaal		Landelik				Sub-totaal		Totaal	
	Stad		Kleinhoewe		G	%	Dorp		Plaas		G	%	G	%
	G	%	G	%			G	%	G	%				
Geen	64	24.6	1	6.7	65	23.6	19	16.4	48	21.7	67	19.9	132	21.6
Klein hoeveel-hede (1-3 een-hede)	40	15.4	3	20.0	43	15.6	22	19.0	40	18.1	62	18.4	105	17.1
Medium hoeveel-hede (4-12 eenhede)	67	25.8	5	33.3	72	26.2	50	43.1	69	31.2	119	35.3	191	31.2
Groot hoeveel-hede (13 een-hede of meer)	89	34.2	6	40.0	95	34.5	25	21.6	64	29.0	89	26.4	184	30.1
TOTAAL	260	100.0	15	100.0	275	100.0	116	100.0	221	100.0	337	100.0	612	100.0

$$X^2 = 15.7590; 10\% > P > 5\%$$

Soos dit blyk uit sowel die persentasies in tabel 8.4 en die berekende chi-kwaadraatwaarde, kan geen betekenisvolle verband aangetoon word tussen die hoeveelheid drank wat die proefpersone gedurende die bepaalde tydperk verbruik het en die landelik-stedelike aard van hulle woonplek nie, want 39.2 persent van die stedelike groep het geen of klein hoeveelhede drank verbruik terwyl 38.3 persent van die landelike groep geen of klein hoeveelhede drank in die bepaalde tydperk verbruik het. Hierteenoor het die stedelike groep 60.7 persent en die landelike groep 61.7 persent medium en groot hoeveelhede drank in dié tydperk verbruik.

8.6 GETAL DRANKIES GEDURENDE DIE SEWE DAE VERBRUIK VOLGENS ONDERWYSPEIL

In tabel 8.5 word die onderwyspeil van die proefpersone met die hoeveelheid drankies wat hulle gedurende dié sewe dae gedrink het, in verband gebring.

TABEL 8.5
GETAL DRANKIES GEDURENDE DIE
SEWE DAE VERBRUIK VOLGENS ONDERWYSPEIL

Getal drankeenhede	Nooit skool- gegaan of geen standerd geslaag nie		Laerskool- kwalifika- sies		Hoërskool- kwalifikasies		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%
Geen	49	21.6	70	21.3	13	23.2	132	21.6
Klein hoeveelhede (1-3 eenhede)	36	15.9	62	18.8	7	12.5	105	17.1
Medium hoeveelhede (4-12 eenhede)	81	35.7	92	28.0	18	32.1	191	31.2
Groot hoeveelhede (13 eenhede en meer)	61	26.9	105	31.9	18	32.1	184	30.1
TOTAAL	227	100.0	329	100.0	56	100.0	612	100.0

$$X^2 = 5.3669; 50\% > P > 30\%$$

Die chi-kwadraatwaarde in tabel 8.5 toon geen beduidende verband tussen die getal drankies wat in die bepaalde tydperk gedrink is en die onderwyspeil van die ondersoekgroep nie. Indien die rye vir geen en klein hoeveelhede drank, aan die een kant, en dié vir medium en groot hoeveelhede drank aan die anderkant saam gegroepeer word, blyk dit dat die Kleurlinge met laerskoolkwalifikasies die ligste drinkpatroon toon (40,1% teenoor 59,9%), gevolg deur die wat nooit skoolgegaan of geen standerd geslaag het nie (37,5% teenoor 62,6%) en die met hoërskoolkwalifikasies (35,7% teenoor 64,2%). Hierdie verspreiding is interessant as daarop gelet word dat die hoër onderwyspeilgroep volgens tabel 6.6 'n laer drinkfrekwensiepatroon as die ander twee groepe geopenbaar het. Die vermoede wat hieruit ontstaan, is dat die hoër onderwyspeilgroep, wat meesal in die stede woonagtig is, minder dikwels maar meer drankies per geleentheid verbruik. Die verskille tussen die groepe is egter nie so groot dat baie duidelike afleidings gemaak kan word nie. Die gegewens in die volgende afdeling dui reeds op 'n teenoorgestelde neiging.

8.7 GETAL DRANKIES GEDURENDE DIÉ SEWE DAE VERBRUIK VOLGENS BEROEP

Die getal drankies, wat in die afgelope sewe dae gebruik is, word in tabel 8.6 met die beroep van die proefpersoon in verband gebring.

TABEL 8.6
GETAL DRANKIES GEDURENDE DIE SEWE DAE VER-
BRUIK VOLGENS BEROEP

Getal drankeenhede	Ongeskoolde werkers en werk- loses		Geskoolde vakmanne, veiligheids- dienste, per- sone met 'n privaat on- derneming		Huisvrou- ens, nie- ekonomies bedrywige persone		Profes- sionele, tegniese en ver- wante beroepe		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Geen	61	14.9	8	19.5	59	39.9	4	26.7	132	21.6
Klein hoeveelhede (1 - 3 eenhede)	66	16.2	5	12.2	30	20.3	4	26.7	105	17.1
Medium hoeveelhede (4 - 12 eenhede)	128	31.4	14	34.1	43	29.1	6	40.0	191	31.2
Groot hoeveelhede (13 eenhede of meer)	153	37.5	14	34.1	16	10.8	1	6.7	184	30.1
TOTAAL	408	100.0	41	100.0	148	100.0	15	100.0	612	100.0

Uit tabel 8,6 blyk dat persone in die professionele, tegniese en verwante beroepe asook huisvrouens en persone wat nie ekonomies bedrywig is nie, minder drankies gebruik as die ander groepe. Eersgenoemde twee groepe het in 26,7 persent en 39,9 persent van die gevalle respektiewelik geen drank gedurende die sewe dae gebruik nie teenoor die 14,9 persent en 19,5 persent respektiewelik van dié wat ongeskoolde werk verrig of werkloos was en die groep geskoolde vakmanne, veiligheidsdienste, en persone wat 'n privaat onderneming besit. Voorts blyk dit dat slegs 10,8 persent voltydse huisvrouens en nie-ekonomies bedrywige persone en 6,7 persent persone wat professionele en tegniese of verwante beroepe beoefen, groot hoeveelhede drank verbruik het teenoor 37,5 persent en 34,1 persent respektiewelik van die ongeskooldes en werkloos en die geskoolde vakmanne, veiligheidsdienste en persone wat 'n privaat onderneming besit. Volgens tabel 6,7 is die drinkfrekwensie by professionele en tegniese beroepe sowel as huisvrouens ook ligter as by die ander twee groepe.

Die afleiding waartoe hierdie bevindinge voer, is dat persone in professionele en tegniese beroepe sowel as huisvrouens en nie-ekonomies bedrywiges, nie net alleen minder dikwels drank gebruik nie, maar ook kleiner hoeveelhede verbruik as die ander beroepsgroepe.

Faktore wat hier waarskynlik 'n rol speel is:

- (a) Huisvrouens is in 'n groot mate afhanklik van hulle mans vir drank-
verskaffing omdat hulle gewoonlik self geen inkomste het nie.

Verder is daar reeds op gewys dat vroue oor die algemeen 'n ligter drinkpatroon as mans het.

- (b) Die nie-ekonomies bedrywiges het waarskynlik geen of slegs 'n geringe inkomste en kan drank moeilik bekostig.
- (c) Die houding van die Kleurlinge in die hoër beroepsgroepe soos byvoorbeeld in die professies wat oormatige drankverbruik met die onderste laag van die Kleurlingbevolking assosieer en hulle nie met hierdie groep wil identifiseer nie, weerhou hulle om baie alkoholiese drank te gebruik.

8.8 GETAL DRANKIES GEDURENDE DIE SEWE DAE VERBRUIK VOLGENS DIE DRANKSOORT WAT DIE AFGELOPE MAAND GEBRUIK IS

In tabel 8.7 word die getal drankies ontleed volgens die dranksoort wat oorwegend deur die proefpersone gedurende die maand wat die onderhoud voorafgegaan het, verbruik is. Indien meer as een soort drank gebruik is, is dit onder die hoof „Gemengde keuse” aangetoon.

TABEL 8.7
GETAL DRANKIES GEDURENDE DIE SEWE DAE VERBRUIK VOLGENS DRANKSOORT WAT DIE AFGELOPE MAAND GEBRUIK IS

Getal drankeenhede	Wyn		Bier		Sterk drank		Gemengde keuse		Bantoebier		Drink slegs een keer in 3 maande of minder		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Geen	24	7.6	1	10.0	5	29.4	6	5.1	1	5.3	95	72.0	132	21.6
Klein hoeveelhede (1-3 eenhede)	60	19.0	5	50.0	3	17.6	6	5.1	5	26.3	26	19.7	105	17.1
Medium hoeveelhede (4-12 eenhede)	108	34.2	4	40.0	9	52.9	46	39.0	13	68.4	11	8.3	191	31.2
Groot hoeveelhede (13 eenhede of meer)	124	39.2	-	-	-	-	60	50.8	-	-	-	-	184	30.1
TOTAAL	316	100.0	10	100.0	17	100.0	118	100.0	19	100.0	132	100.0	612	100.0

Uit tabel 8.7 blyk dat geen persone wat slegs bier, slegs sterk drank of slegs Bantoebier gebruik het gedurende die maand wat die onderhoud voorafgegaan het, meer as 12 drankeenhede verbruik het gedurende die sewe dae wat die onderhoud voorafgegaan het nie. (Die syfers in hierdie twee kategorieë is egter baie klein.) Hierteenoor het onderskeidelik 39.2 persent en 50.8 persent van die wyndrinkers en diegene wat gedurende die afgelope maand meer as een soort drank gebruik het, in hierdie kategorie geval. Die voorafgaande moet gesien word teen die bevindinge van tabelle

5, 5, 5.6 en 5.7 naamlik dat die hoër sosio-ekonomiese lae meer dikwels bier en spiritueel verkies. Dit is ook hierdie groepe wat die ligste drinkpatroon openbaar. Die betreklike hoë pryse van bier en spiritueel mag ook daartoe bydra dat die swaar drinkers wyn verkies. Verder moet ook in gedagte gehou word dat gewoonlik slegs wyn by die dopstelsel gebruik word.

8.9 GETAL DRANKIES GEDURENDE DIE SEWE DAE VERBRUIK VOLGENS DIE DRINKPLEK VIR BLANKEDRANK

Die getal drankies wat gebruik is deur die proefpersone gedurende die sewe dae wat die onderhoud onmiddellik voorafgegaan het, word in tabel 8.8 in verband gebring met die drinkplek vir Blankedrank.

Uit tabel 8.8 kom veral twee feite baie duidelik na vore.

Eerstens is dit opvallend dat geeneen van die ondersoekgroep wat nie Blankedrank gebruik nie, meer as twaalf drankeenhede gedurende die sewe dae verbruik het nie. In 75.0 persent van die gevalle is medium hoeveelhede (4 - 12 drankeenhede) Bantoe-drink gedrink. Aangesien die getalle in hierdie kategorie te klein is, kan geen afdoende verklaring hiervoor gegee word nie.

Die tweede aspek wat opvallend is, is dat 81.4 persent van die groep wat by die werkgewer se huis drink, dertien of meer drankeenhede gedurende die voorafgaande week gebruik het. Die dopstelsel speel in hierdie verband waarskynlik 'n prominente rol. Indien in ag geneem word dat die werkgewer $1\frac{1}{2}$ pint wyn per dag aan sy nie-Blanke plaasarbeider mag verskaf, kan die situasie maklik begryp word aangesien $1\frac{1}{2}$ pint wyn gelyk is aan minstens drie drankeenhede. As in ag geneem word dat die persone moontlik nog self drank aankoop, is dit duidelik waarom die hoeveelheid so hoog kan wees.

Indien die groep wat slegs een keer in drie maande of minder Blankedrank drink, buite rekening gelaat word, blyk dit dat die grootste persentuele bydrae van die groep wat geen drank gedurende die onderhawige tydperk gebruik het nie, gelewer word tot die proefpersone wat by ander mense se huis drink, naamlik 14.6 persent.

Die persone van die groep wat gemiddeld slegs een keer in drie maande of minder Blankedrank gebruik en wat aangedui het dat hulle medium of klein hoeveelhede drank gedurende die sewe dae gebruik het, het moontlik foutiewe inligting verstreëk of het toevallig in daardie tydperk reeds hul gewone kwota drank genuttig.

TABEL 8.8
 GETAL DRANKIES GEDURENDE DIE SEWE DAE VERBRUIK VOLGENS DIE
 DRINKPLEK VIR BLANKEDRANK

Getal drank - eenhede	By eie huis		By ander mense se huis		In 'n kroeg of hotel		Werkgewer se huis of plek nog nie genoem nie		Drink slegs 1 keer in 3 maande of minder Blankedrank		Drink nie Blankedrank nie		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Geen	24	8.1	6	14.6	5	7.0	1	1.9	95	72.0	1	6.3	132	21.6
Klein hoeveelhede (1 - 3 eenhede)	57	19.1	9	22.0	9	12.7	1	1.9	26	19.7	3	18.8	105	17.1
Medium hoeveelhede (4 - 12 eenhede)	118	39.6	13	31.7	29	40.8	8	14.8	11	8.3	12	75.0	191	31.2
Groot hoeveelhede (13 eenhede of meer)	99	33.2	13	31.7	28	39.5	44	81.4	-	-	-	-	184	30.1
TOTAAL	298	100.0	41	100.0	71	100.0	54	100.0	132	100.0	16	100.0	612	100.0

$$X^2 = 345.8553; P < 0.1\%$$

8.10 SAMEVATTING

- 8.10.1 Die grootste enkele persentasie van die ondersoekgroep het gedurende die sewe dae wat die ondersoek voorafgegaan het, medium hoeveelhede (31.2%) drank gebruik. Meer as die helfte (57.5%) van die vroue het gedurende dié tydperk geen of klein hoeveelhede alkoholiese drank gebruik teenoor die mans wat in 71.7 persent van die gevalle medium of groot hoeveelhede alkoholiese drank verbruik het.
- 8.10.2 Alhoewel die berekende chi-kwadraatwaarde daarop dui dat daar geen betekenisvolle verband bestaan tussen die getal drankies wat gedurende die bepaalde tydperk gedrink is en die ouderdom van die ondersoekgroep nie, skyn dit asof die ouderdomsgroep dertigjaar en jonger 'n effens swaarder en die ouderdomsgroep een-en- vyftig jaar en ouer 'n effens ligter drinkpatroon openbaar as die ander ouderdomsgroep.
- 8.10.3 Dit blyk verder dat daar nie 'n beduidende verband bestaan tussen die getal drankies wat gedrink is en die huistaal van die ondersoekgroep nie, behalwe dat Afrikaanssprekendes 'n effens swaarder drinkpatroon openbaar as die Engelsprekendes.
- 8.10.4 Die geringe verskil in drankgebruik tussen die landelik-stedelike groepe van die ondersoekgroep bied geen basis om betekenisvolle afleidings te maak nie.
- 8.10.5 Daar is nie 'n betekenisvolle verband tussen die getal drankies wat die proefpersoon verbruik het en sy onderwyspeil nie.
- 8.10.6 Dit blyk dat die professionele, tegniese en verwante beroepsgroepe asook voltydse huisvrouens en nie-ekonomies bedrywige persone 'n ligter drinkpatroon openbaar as ongeskooldes, geskoolde vakmanne, veiligheidsdienste en persone wat 'n private onderneming besit.
- 8.10.7 Persone met 'n gemengde drankkeuse, sluit die grootste persentasie in wat groot hoeveelhede drank gebruik het, terwyl persone wat slegs bier, slegs Bantobier of slegs sterk drank gedrink het, nie meer as 12 drankeenhede in die betrokke sewe dae verbruik het nie.
- 8.10.8 Teenoor die 30.1 persent van die totaal wat 'n groot hoeveelheid drank in die betrokke tydperk gebruik het, het 81.4 persent van die wat drank by die huis van hul werkgewer genuttig het, in hierdie kategorie geval. Hierdie feit word hoofsaaklik aan die dopstelsel toegeskryf.

HOOFSTUK 9
DIE WEEKLIKSE HUISHOUDELIKE UITGAWE AAN ALKOHOLIESE DRANK

9.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die gemiddelde weeklikse uitgawe aan alkoholie se drank van die huishouding waaraan die proefpersoon behoort, afgesien daarvan of die drank deur lede van die huishouding of ander persone gebruik is, bespreek. Soos in hoofstuk een uiteengesit word onder huishouding verstaan die ekonomiese en sosiale eenheid wat uit daardie persone bestaan wat in dieselfde woning woon, aan dieselfde tafel eet en dieselfde begroting het.

Vir die doel van die bespreking word die bedrae van onder R1 as klein, dié vanaf R1 tot R4,99 as medium en bedrae van R5 en meer per week as groot bedrae beskryf. Daardie groep wat geen uitgawe aan drank het nie, ontvang die drank wat deur die huishouding verbruik word klaarblyklik gratis want die ontledings in hierdie hoofstuk het nie op geheelonthouers betrekking nie.

Bantoebier word vir die doeleindes van hierdie hoofstuk ook as 'n alkoholie se drank beskou aangesien die totale huishoudelike uitgawe aan drank ontleed word.

9.2 HUISHOUDELIKE UITGAWE AAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS HUISTAAL

In tabel 9.1 word die weeklikse huishoudelike uitgawe aan alkoholie se drank van die huishoudings van die proefpersone volgens hul huistaal ontleed.

TABEL 9.1
HUISHOUDELIKE UITGAWE AAN ALKOHOLIESE DRANK
VOLGENS HUISTAAL

Weeklikse huishoudelike uitgawe aan alkoholie se drank	Afrikaans		Engels		Totaal	
	G	%	G	%	G	%
Geen	89	16,8	22	27,2	111	18,1
Minder as R1	311	58,6	24	29,6	335	54,7
Sub-totaal	400	75,4	46	56,8	446	72,8
R1 - R4,99	115	21,7	30	37,0	145	23,7
R5 en meer	16	3,0	5	6,2	21	3,4
TOTAAL	531	100,0	81	100,0	612	100,0

$$\chi^2 = 24,0043; P < .1\%$$

Uit tabel 9.1 blyk dat 18,1 persent van die **ondersoek**groep se huishoudings geen uitgawe aan alkoholiese drank het nie. Die proefpersoon of die lede van die huishouding ontvang dus die drank wat hulle gebruik, gratis. Verder toon die tabel dat 54,7 persent wekliks gemiddeld klein, 23,7 persent medium en 3,4 persent groot bedrae aan drank bestee. Uit hierdie gegewens blyk dat net meer as 'n kwart (27,1%) van die huishoudings 6f medium bedrae 6f groot bedrae aan drank bestee.

Wanneer die gemiddelde weeklikse uitgawe van die huishoudings waaraan die proefpersone behoort, volgens huistaal ontleed word, blyk die volgende: 'n Groter persentasie van die Engelssprekendes (37,0% en 6,2% onderskeidelik) as Afrikaanssprekendes (21,7% en 3,0%) bestee medium en groot bedrae gemiddeld per week aan drank. Die Afrikaanssprekendes (58,6%) bestee weer in 'n groter mate as die Engelssprekendes (29,6%) gemiddeld wekliks klein bedrae aan drank. Dit is verder belangrik om te onthou dat die Engelssprekende Kleurlinge 'n effens ligter drinkpatroon as die Afrikaanssprekendes het (kyk tabelle 6.3 en 8.3). Uit die voorafgaande verhoudinge wil dit dus voorkom asof die Engelssprekende Kleurling meer gereeld met alkoholiese drank onthaal. Uit tabel 5.3 het reeds geblyk dat 'n veel groter persentasie van die Engelssprekendes as Afrikaanssprekendes voorkeur gee aan spiritualieë. Omdat spiritualieë die duurste dranksoorte insluit, kan die groter weeklikse huishoudelike uitgawe aan drank van die Engelssprekendes moontlik verder aan hul drankvoorkeur toegeskryf word.

9.3 HUISHOUDELIKE UITGAWE AAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS HUWELIKSTAAT

Die huishoudelike uitgawe aan alkoholiese drank word in tabel 9.2 met die huwelikstaat van die proefpersoon in verband gebring.

TABEL 9.2
HUISHOUDELIKE UITGAWE AAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS HUWELIKSTAAT

Weeklikse huishoudelike uitgawe aan alkoholiese drank	Nog nie getroud nie		Getroud		Was getroud, nou geskei of verlaat		Nie getroud nie maar woon saam met man/vrou		Wewenaar of Weduwee		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Geen	29	25.2	58	15.1	4	30.8	10	14.5	10	32.3	111	18.1
Minder as R1	58	50.4	210	54.7	7	53.8	44	63.8	16	51.6	335	54.7
Sub-totaal	87	75.6	268	69.8	11	84.6	54	78.3	26	83.9	446	72.8
R1-R4,99	27	23.5	98	25.5	1	7.7	14	20.3	5	16.1	145	23.7
R5 en meer	1	0.9	18	4.7	1	7.7	1	1.4	-	-	21	3.4
TOTAAL	115	100.0	384	100.0	13	100.0	69	100.0	31	100.0	612	100.0

$$\chi^2 = 14.3387; 10\% > P > 5\%$$

By berekening van die chi-kwadraat is die groep "R5.00 en meer" nie in berekening gebring nie.

Uit tabel 9.2 blyk dat slegs die huishoudings van getroude persone 'n kleiner persentasie (69,8%) insluit wat geen of klein uitgawes aan drank het as wat die geval by die totale groep (72,8%) is. Die getroudes lewer dus die grootste persentasie bydrae tot die huishoudings wat medium en groot bedrae aan drank bestee. Dit blyk verder dat persone wat geskei of verlaat is of weduwees en wewenaars is, die kleinste persentuele bydrae lewer tot die twee hoogste uitgawegroepe. Die verskynsel kan moontlik soos volg verklaar word:

- (a) Hierdie laasgenoemde groepe bestaan in 'n groter mate as die getroudes uit klein huishoudings.
- (b) Onder die groep weduwees en wewenaars kan talle pensioenarisse voorkom. Die pensioen wat hulle ontvang, is sodanig dat nie veel aan alkoholiese drank bestee kan word nie.
- (c) Daar kan verwag word dat getroudes waarskynlik meer dikwels onthaal as enkelinge soos geskeides, ongetroudes en wewenaars en weduwees.

9.4 HUISHOUDELIKE UITGAWE AAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS WOONPLEK

Die huishoudelike uitgawe aan alkoholiese drank word in tabel 9.3 met die woonplek van die proefpersoon in verband gebring.

TABEL 9.3

HUISHOUDELIKE UITGAWE AAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS WOONPLEK

Weeklikse huishoudelike uitgawe aan alkoholiese drank	Stad		Dorp		Plaas		Kleinhoewe		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Geen	41	15.8	19	16.4	50	22.6	1	6.7	111	18.1
Minder as R1	107	41.2	69	59.5	149	67.4	10	66.7	335	54.7
Sub-totaal	148	57.0	88	75.9	199	90.0	11	73.4	446	72.8
R1 - R4,99	92	35.4	27	23.3	22	10.0	4	26.7	145	23.7
R5 en meer	20	7.7	1	0.9	-	-	-	-	21	3.4
TOTAAL	260	100.0	116	100.0	221	100.0	15	100.0	612	100.0

$$\chi^2 = 52.6255; P < .1\%$$

By berekening van die chi-kwadraat is die groep „R5.00 en meer“ nie in berekening gebring nie.

Uit bostaande gegewens blyk dit dat 'n groter persentasie van die huishoudings van die proefpersone in die stad medium en groot bedrae aan drank bestee (43.1%) as wat die geval by die ander woonplekgroepe is waar die persentasies vir die dorp-, plaas- en kleinhoewegroep onderskeidelik 24.2 persent, 10.0 persent en 26.7 persent is.

Die groep wat op 'n plaas woonagtig is, bestee vir 90.0 persent niks, of slegs klein bedrae per huishouding aan drank, terwyl die persentasies van die ander woonplekgroepe wat in hierdie kategorie val, veel kleiner is. Hierdie verskynsel kan moontlik aan twee redes toegeskryf word. Eerstens is die lone van hierdie persone moontlik veel laer as dié van die ander woonplekgroepe en daarom kan hulle dit nie maklik bekostig om groot bedrae aan drank te bestee nie; tweedens moet in gedagte gehou word dat die dopstelsel wat op plase aangetref word, die huishoudelike uitgawe aan drank laag kan hou.

9.5 HUISHOUDELIKE UITGAWE AAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS ONDERWYSPEIL

In tabel 9.4 word die huishoudelike uitgawe aan alkoholiese drank met die onderwyspeil van die proefpersoon in verband gebring.

TABEL 9.4
HUISHOUDELIKE UITGAWE AAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS ONDERWYSPEIL

Weeklikse huishoudelike uitgawe aan alkoholiese drank	Nooit skoolgegaan of geen standerd geslaag nie		Laerskoolkwalifikasies		Hoërskoolkwalifikasies		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%
Geen	42	18.5	58	17.6	11	19.6	111	18.1
Minder as R1	163	71.8	154	46.8	18	32.1	335	54.7
Sub-totaal	205	90.3	212	64.4	29	51.7	446	72.8
R1 -R4.99	20	8.8	102	31.0	23	41.1	145	23.7
R5 en meer	2	0.9	15	4.6	4	7.1	21	3.4
TOTAAL	227	100.0	329	100.0	56	100.0	612	100.0

$$X^2 = 64.7664; P < .1\%$$

Blykens die gegewens in bostaande tabel is daar waarskynlik 'n verband tussen die huishoudelike uitgawe aan drank en die onderwyspeil, want namate die onderwyspeil van die onderwyspeilgroep waarin die proefpersoon val, hoër is, neem die persentasie waarvan die huishoudelike uitgawe aan drank niks of 'n klein bedrag behoort, af. Die groep sonder enige skoolkwalifikasies sluit 90.3 persent, dié met laerskoolkwalifikasies

64,4 persent en dié met hoërskoolkwalifikasies 51,7 persent persone in wie se huishoudings geen of gemiddeld klein bedrae aan drank bestee.

In die voorafgaande afdeling is reeds genoem dat laagbesoldigde persone met 'n relatief lae onderwyspeil moontlik meer of dikwels op plase aangetref word, waar drank soms gratis ontvang word. Verder moet in ag geneem word dat persone met hoër kwalifikasies moontlik in beter betalende beroepe staan en dus kan bekostig om heelwat aan drank te bestee. Hierdie persone onthaal ook moontlik meer dikwels en gee moontlik voorkeur aan duurder dranksoorte wat prestigewaarde het. Die onthaal van gaste en die gebruik van duur dranksoorte word moontlik met die hoër status wat sommige Blankes beklee, in verband gebring en die Kleurling neig „to be in all respects as much like the Whites as possible" (6, bl. 27).

9.6 HUISHOUDELIKE UITGAWE AAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS BEROEP

In tabel 9.5 word die huishoudelike uitgawe aan alkoholiese drank volgens die beroep van die proefpersoon ontleed.

TABEL 9.5

HUISHOUDELIKE UITGAWE AAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS BEROEP

Weeklikse huishoudelike uitgawe aan alkoholiese drank	Ongeskoolde werkers en werkloses		Geskoolde vakmanne, veiligheidsdienste en persone met privaat ondernemings		Huisvrouens, ekonomies bedrywige persone		Professionele, tegniese en verwante beroepe		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Geen	68	16,7	9	22,0	31	20,9	3	20,0	111	18,1
Minder as R1	229	56,1	14	34,1	83	56,1	9	60,0	335	54,7
Sub-totaal	297	72,8	23	56,1	114	77,0	12	80,0	446	72,8
R1 - R4,99	98	24,0	15	36,6	29	19,6	3	20,0	145	23,7
R5 en meer	13	3,2	3	7,3	5	3,4	-	-	21	3,4
TOTAAL	408	100,0	41	100,0	148	100,0	15	100,0	612	100,0

$$\chi^2 = 9,1338; 20\% > P > 10\%$$

Die chi-kwadraat is slegs vir die drie laagste uitgawegroepe bereken.

Uit die chi-kwadraatwaarde vir bostaande tabel blyk dit dat die huishoudelike uitgawe aan drank nie 'n beduidende verband met die beroepsgroep waarin die proefpersoon val, het nie. Dit is hier natuurlik nodig om weer eens daarop te wys dat die oudste vrou of die jongste man van 18 jaar en ouer in 'n huishouding ondervra is,

met die gevolg dat dit hier nie gaan om die beroep van die hoof van die huishouding nie.

9.7 HUISHOUDELIKE UITGAWE AAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS DIE INKOMSTE

Die huishoudelike uitgawe aan drank is in tabel 9.6 met die weeklikse inkomste van die proefpersoon in verband gebring.

TABEL 9.6
HUISHOUDELIKE UITGAWE AAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS INKOMSTE

Weeklikse huishoudelike uitgawe aan alkoholiese drank	Geen		Minder as R5		R5 - R10,99		R11 R25,99		R26 en meer		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Geen	4	57.1	39	28.9	43	16.8	18	11.8	7	11.5	111	18.1
Minder as R1	2	28.6	90	66.7	167	65.2	60	39.2	16	26.2	335	54.7
Sub-totaal	6	85.7	129	95.6	210	82.0	78	51.0	23	37.7	446	72.8
R1 -R4,99	1	14.3	5	3.7	46	18.0	66	43.1	27	44.3	145	23.7
R5 en meer	-	-	1	0.7	-	-	9	5.9	11	18.0	21	3.4
TOTAAL	7	100.0	135	100.0	256	100.0	153	100.0	61	100.0	612	100.0

Indien die groep sonder enige inkomste in tabel 9.6 buite rekening gelaat word, is dit duidelik dat daar 'n definitiewe verband tussen huishoudelike uitgawe aan alkoholiese drank en inkomste is. Dit blyk dat namate die inkomste van die inkomste-groep hoër is, is die huishoudelike uitgawe aan drank ook hoër. So byvoorbeeld het 95.6 persent van diegene met 'n weeklikse inkomste van minder as R5.00 geen of 'n klein uitgawe aan drank terwyl dit by 82.0 persent van die groep met 'n inkomste van R5 tot R10.99 per week, 51.0 persent van diegene wat R11 tot R25.99 per week verdien en 37.7 persent van daardie groep wat 'n inkomste van R26.00 en meer per week het, van toepassing is.

In 'n soortgelyke ondersoek na die drinkgewoontes van Blankes in Suid-Afrika, is ook 'n verband tussen inkomste en huishoudelike uitgawe aan alkoholiese drank aangetref en ter verklaring word gemeld dat „dit wil voorkom asof die hoër inkomste-groepe meer geld tot hul beskikking het om aan weelde-artikels soos alkoholiese drank te bestee en daarom ook 'n groter bedrag uit die gesinsbegroting hiervoor afsonder as waartoe die persoon met die laer inkomste in staat is" (3, bl. 166). Dieselfde verklaring geld waarskynlik ook ten opsigte van die Kleurling.

Dit is ook waarskynlik so dat 'n groot gedeelte van die laagbesoldigde groep plaas - arbeiders is, wat vir die dopstelsel in aanmerking kom.

9.8 HUISHOUDELIKE UITGAWE AAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS DIE GEMIDDELDE WEEKLIKSE UITGAWE VAN DIE HUISHOUDING AAN VOEDSEL

In hierdie afdeling word die uitgawe aan alkoholiese drank en die voedseluitgawes van die huishoudings van die proefpersone met mekaar in verband gebring.

TABEL 9.7
HUISHOUDELIKE UITGAWE AAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS
HUISHOUDELIKE UITGAWE AAN VOEDSEL

Weeklikse huis - houdelike uit- gawe aan alko- holiese drank	Gemiddelde weeklikse uitgawe aan voedsel									
	Minder as R1.00		R1 - R2.99		R3 - R6.99		R7 en meer		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Geen	11	52.4	35	24.5	47	14.3	18	15.0	111	18.1
Minder as R1	10	47.6	91	63.6	186	56.7	48	40.0	335	54.7
Sub-totaal	21	100.0	126	88.1	233	71.0	66	55.0	446	72.8
R1 -R4.99	-	-	17	11.9	83	25.3	45	37.5	145	23.7
R5 en meer	-	-	-	-	12	3.7	9	7.5	21	3.4
TOTAAL	21	100.0	143	100.0	328	100.0	120	100.0	612	100.0

Uit die gegewens van tabel 9.7 blyk dit dat daar 'n positiewe verband tussen die gemiddelde weeklikse uitgawe aan voedsel en die huishoudelike uitgawe aan alkoholiese drank is. Namate die huishoudelike uitgawe aan voedsel styg, neem die persentasie persone wat geen of klein bedrae aan drank bestee, af vanaf 100.0 persent by diegene wat minder as R1 per week aan voedsel bestee, na 88.1 persent by diegene wat R1 tot R2.99, 71.0 persent by diegene wat R3 tot R6.99 en tot 55.0 persent by diegene wat R7 en meer per week bestee. By die huishoudings wat medium of groot bedrae aan drank bestee, styg die persentasies namate die uitgawe aan voedsel hoër is.

'n Verklaring vir hierdie ooreenkoms lê moontlik daarin dat die groot huishoudings groter aankope van sowel voedsel as alkoholiese drank maak as die kleiner huishoudings. Verder ook kan daardie huishoudings met groter inkomstes meer aan voedsel en dan ook aan alkoholiese drank (kyk tabel 9.6) bestee terwyl dit nie die geval by die huishoudings met die kleiner inkomste is nie.

Die verskynsel word natuurlik ook by die Kleurling gevind dat die hoeveelheid alkoholiese drank wat aangekoop word, nie in verhouding is met die inkomste nie. In die verslag van die Kommissie van Onderzoek insake die Kaapse Kleurlingbevolking van die Unie word onder andere die volgende ten opsigte van die Kleurlingbevolking gemeld: „The money spent on drink, even when it is not bought and consumed in such quantities as to produce intoxication, is often sorely needed for meeting essential requirements" (10, bl.23).

9.9 SAMEVATTING

- 9.9.1 Dit blyk dat meer as die helfte (54.7%) van die huishoudings van die ondersoekgroep minder as R1 per week en net meer as 'n kwart (27.1%) meer as R1 per week aan alkoholiese drank bestee terwyl die res (18.1%) geen uitgawe aan drank het nie. Meer Engelssprekendes as Afrikaanssprekendes bestee medium of groot bedrae geld aan alkoholiese drank.
- 9.9.2 Die groep wie se huishoudings niks of minder as R1.00 per week aan drank bestee, het die grootste aandeel by geskeides en/of hulle wat eggenote(s) verlaat het asook die tweede grootste by wewenaars en weduwees. Getroudes sluit die kleinste persentasie persone uit hierdie uitgawegroepe in.
- 9.9.3 Daardie proefpersone wat in stede woonagtig is, se huishoudelike uitgawe aan alkoholiese drank is veel hoër as die wat op dorpe, plase of kleinhowes woonagtig is terwyl die plaasbewoners die kleinste persentasie persone insluit met 'n medium of groot huishoudelike uitgawe aan drank.
- 9.9.4 Namate die onderwyspeil van die onderwyspeilgroepe hoër is, daal die persentasie proefpersone wie se huishoudelike uitgawe aan alkoholiese drank niks of slegs 'n klein bedrag is, terwyl die persentasie huishoudings met 'n uitgawe van meer as R1 toeneem. Hierdie verskynsel hang waarskynlik saam met die gratis beskikbaarstelling van drank op die platteland waar hoofsaaklik die laer besoldigde groep met 'n laer onderwyspeil woonagtig is.
- 9.9.5 Dit blyk dat daar geen verband bestaan tussen die beroepsgroepe van die proefpersone soos in hierdie verslag ingedeel en die huishoudelike uitgawe aan alkoholiese drank nie.
- 9.9.6 Namate die inkomste van die inkomstegroep hoër is, is daar 'n daling in die persentasie persone in wie se huishouding niks of 'n klein bedrag aan alkoholiese drank bestee word, terwyl daar 'n styging is by die groep wat medium of groot bedrae bestee.

9.9.7 Namate die weeklikse huishoudelike uitgawe van die proefpersoon aan voedsel styg, neem die persentasie huishoudings wat medium of groot bedrae aan alkoholiese drank bestee, toe. Die verskynsel hang moontlik saam met groter beskikbaarheid van geld by die groep wat relatief meer aan voedsel bestee. Die grootte van die huishouding mag ook 'n rol speel.

HOOFSTUK 10

DIE DRINKSITUASIE

10.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die aard van die sosiale verband waarin die proefpersoon gewoonlik verkeer wanneer hy sy alkoholiese drank nuttig, ontleed.

Die drinksituasie is in vier kategorieë ingedeel, naamlik diegene wat saam met hul huisgenote drink, die wat met ander persone ¹⁾ saam drink, dié wat saam met huisgenote en ander persone hul drankies nuttig en laastens die groep wat alleen en sonder geselskap hul drank nuttig. Die eerste drie groepe is in die sub-totaal saamgevat om aan te dui watter persentasie persone sosiale drinkers is.

Omdat daar hoofsaaklik in betreklik gereelde drinkers belang gestel word, is dié groep drankgebruikers wat slegs een maal in drie maande of minder dikwels drank gebruik, naamlik 132 (21,4%) uit die totaal van 612, by die ontleding van die drinksituasie buite rekening gelaat.

10.2 DIE DRINKSITUASIE VOLGENS GESLAG

In tabel 10.1 word die drinksituasie van die proefpersone volgens geslag ontleed.

TABEL 10.1
DRINKSITUASIE VOLGENS GESLAG

Drinksituasie	Manlik		Vroulik		Totaal	
	G	%	G	%	G	%
Slegs saam met huisgenote	35	10.3	81	57.9	116	24.2
Slegs saam met ander persone	159	46.8	27	19.3	186	38.7
Saam met huisgenote en ander persone	31	9.1	23	16.4	54	11.3
Sub-totaal	225	66.2	131	93.6	356	74.2
Alleen	115	33.8	9	6.4	124	25.8
TOTAAL	340	100.0	140	100.0	480	100.0

$$X^2 = 146.2962 \quad P < .1\%$$

1) Onder "ander persone" word verstaan vriende, kennisse, bure, familie, besigheidskennisse, ens. maar nie lede van die eie huishouding nie.

Uit tabel 10.1 blyk dat 25.8 persent van die ondersoekgroep alleendrinkers is, terwyl 74.2 persent in geselskap van ander persone drink; 24.2 persent drink saam met huisgenote, 38.7 persent saam met ander persone en 11.3 persent saam met huisgenote en ander persone.

Die feit dat byna driekwart (74.2%) van die proefpersone in sosiale verband drank gebruik, dui daarop dat alkoholiese drank vir die Kleurling, onder andere, ook 'n sosiale funksie het.

In 'n soortgelyke ondersoek met betrekking tot Blankes het J.D. Venter gevind dat slegs 8.2 persent van die proefpersone alleen gedrink het (3, bl. 102). (Die gegewens vir Blankes het slegs betrekking op die drie maande wat die ondersoek voorafgegaan het.) Die rede vir die groot verskil tussen die twee rasse ten opsigte van alleendrinkery, is moontlik geleë in die verskil in inkomste wat by lede van die twee groepe voorkom. Kleurlinge beskik moontlik nie oor die finansiële vermoë om dikwels te onthaal en in sosiale verband drank te gebruik nie.

Verder kom alleendrinkery ongeveer vyf keer meer by mans (33.8%) voor as wat die geval by vroue (6.4%) is. Die omgekeerde geld ten opsigte van drankgebruik saam met huisgenote. Die groter mate van huisgebondenheid van die vrou en veral die huisvrou is moontlik die rede waarom sy in 'n meerdere mate saam met huisgenote drink (57.9% teenoor 10.3% by mans). Ten slotte drink byna die helfte van die mans (46.8%) meestal saam met ander persone terwyl nie eers een vyfde van die vroue (19.3%) in hierdie kategorie val nie. Die voorgenoemde verskil kan waarskynlik daaraan toegeskryf word dat mans deur hul groter deelname aan die beroepslewe meer dikwels met ander persone in aanraking kom.

10.3 DIE DRINKSITUASIE VOLGENS OUDERDOM

In tabel 10.2 word die drinksituasie met die ouderdom van die proefpersone in verband gebring.

TABEL 10.2
DRINKSITUASIE VOLGENS OUDERDOM

Drinksituasie	18 - 30 jaar		31 - 50 jaar		51 jaar en ouer		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%
Slegs saam met huisgenote	34	22.7	67	27.8	15	16.9	116	24.2
Slegs saam met ander persone	76	50.7	87	36.1	23	25.8	186	38.7
Saam met huisgenote en ander persone	14	9.3	30	12.4	10	11.2	54	11.3
Sub-totaal	124	82.7	184	76.3	48	53.9	356	74.2
Alleen	26	17.3	57	23.6	41	46.1	124	25.8
TOTAAL	150	100.0	241	100.0	89	100.0	480	100.0

$$X^2 = 32.7282; P < .1\%$$

Uit tabel 10.2 blyk dat die persentasie persone wat in sosiale verband drink, geleidelik daal, terwyl dié wat alleen en sonder geselskap drink geleidelik styg, namate die ouderdom van die ouderdomsgroep hoër word. Terwyl 82.7 persent van die 18-tot 30-jariges en 76.3 persent van die 31-tot 50-jariges om sosiale redes drink, geld hierdie oorweging slegs by 53.9 persent van die persone van 51 jaar en ouer. Die moontlike verklaring is dat die drinkgewoonte by jonger persone nog nie so vasgewortel is dat alleen vir die effek van die drank geënk word nie, maar veral vir die sosiale verkeer wat daarmee saamgaan.

10.4 DIE DRINKSITUASIE VOLGENS HUISTAAL

In tabel 10.3 word die drinksituasie volgens die huistaal van die proefpersoon ontleed.

TABEL 10.3
DRINKSITUASIE VOLGENS HUISTAAL

Drinksituasie	Afrikaans		Engels		Totaal	
	G	%	G	%	G	%
Slegs saam met huisgenote	110	25.4	6	12.8	116	24.2
Slegs saam met ander persone	167	38.6	19	40.4	186	38.7
Saam met huisgenote en ander persone	44	10.2	10	21.3	54	11.3
Sub-totaal	321	74.2	35	74.5	356	74.2
Alleen	112	25.9	12	25.5	124	25.8
TOTAAL	433	100.0	47	100.0	480	100.0

$$X^2 = 7.4977; 10\% > P > 5\%$$

Uit tabel 10.3 blyk dat huistaal nie 'n duidelike verband toon met die drinksituasie van die proefpersone nie, aangesien daardie groep wat in sosiale verband drink nouliks by die twee taalgroepe verskil (74.2% Afrikaanssprekendes teenoor 74.5% Engels-sprekendes).

Wat egter dadelik in die tabel opval, is die verskil tussen die huistaalgroepe ten opsigte van drankgebruik saam met huisgenote want ongeveer twee keer meer Afrikaanssprekendes (25.4%) as Engelssprekendes (12.8%) gebruik drank in gesinsverband terwyl die Engelssprekende proefpersone in 'n groter mate (21.3%) saam met huisgenote en ander persone as Afrikaanssprekendes (10.2%) hul drank gebruik. Hierdie verskil kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat die Engelssprekendes hoofsaaklik in die stede aangetref word (kyk bylaag 2) en soos uit die volgende tabel sal blyk (tabel 10.4) drink die stedelinge minder as diegene op plase saam met huisgenote.

10.5 DIE DRINKSITUASIE VOLGENS WOONPLEK

In tabel 10.4 word die drinksituasies volgens die landelik-stedelike aard van die woonplek van die proefpersone ontleed.

TABEL 10.4
DRINKSITUASIE VOLGENS WOONPLEK

Drinksituasie	Stad 1)		Dorp		Plaas		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%
Slegs saam met huisgenote	36	18.3	21	21.6	59	31.7	116	24.2
Slegs saam met ander persone	75	38.1	40	41.2	71	38.2	186	38.7
Saam met huisgenote en ander persone	33	16.7	7	7.2	14	7.5	54	11.3
Sub-totaal	144	73.1	68	70.1	144	77.4	356	74.2
Alleen	53	26.9	29	29.9	42	22.6	124	25.8
TOTAAL	197	100.0	97	100.0	186	100.0	480	100.0

$$X^2 = 18.0908; 1\% > P > .1\%$$

1) Die kleinhoewebewoners is weens hul klein getalle saam met die stedelike groep gegroepeer.

Blykens tabel 10.4 gebruik plaasbewoners die meeste van al die woonplekgroepe hul drank saam met huisgenote. Die persentuele bydrae tot plaasbewoners beloop 31.7 persent teenoor 18.3 persent tot die stad, 21.6 persent tot die dorpgroep en 24.2 persent tot die totaal. Hierteenoor drink stedelinge en dorpe (respektiewelik 26.9% en 29.9%) meer dikwels alleen as wat die geval by plaasbewoners (22.6%) is. Waarskynlik is die rede hiervoor dat die stede en dorpe veel meer enkelinge, wat geen gesinslede het om mee saam te drink nie, in die bevolking insluit as die platteland. Openbare drinkplekke waar die persoon weg van sy huisgenote drank kan gebruik is ook net in stede en dorpe bekombaar. Verder is dit waarskynlik ook so dat op die platteland vanweë die yler verspreiding van die bevolking en ander faktore minder dikwels onthaal word.

10.6 DIE DRINKSITUASIE VOLGENS ONDERWYSPEIL

In tabel 10.5 word die drinksituasie met onderwyspeil in verband gebring.

TABEL 10.5
DRINKSITUASIE VOLGENS ONDERWYSPEIL

Drinksituasie	Nooit skoolge- gaan of geen stan- derd geslaag nie		Laerskool- kwalifi- kasies		Hoërskool- kwalifi- kasies		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%
Slegs saam met huisgenote	61	31.6	51	20.7	4	9.8	116	24.2
Slegs saam met ander persone	64	33.2	98	39.8	24	58.5	186	38.7
Saam met huisgenote en ander persone	15	7.8	33	13.4	6	14.6	54	11.3
Sub-totaal	140	72.5	182	74.0	34	82.9	356	74.2
Alleen	53	27.5	64	26.0	7	17.1	124	25.8
TOTAAL	193	100.0	246	100.0	41	100.0	480	100.0

$$X^2 = 19.8541; 1\% > P > .1\%$$

Uit tabel 10.5 is dit opvallend dat drankgebruik saam met huisgenote afneem vanaf 31.6 persent by persone wat geen skoolopleiding het nie, na 20.7 persent vir persone met laerskoolkwalifikasies en 9.8 persent vir persone met hoërskoolkwalifikasies. Aan die ander kant styg drankgebruik saam met ander persone vir die onderwyspeilgroepe namate die onderwyspeil styg. (Respektiewelik 33.2%, 39.8% en 58.5% vir die drie onderwyspeilgroepe.)

Soos die onderwyspeil styg, verminder die getal proefpersone wat alleen sonder geselskap drink van 27.5 persent na 26.0 persent en 17.1 persent vir die drie onderwyspeilgroepe onderskeidelik.

Kleurlinge is beslis statusbewus en die vermoë om te onthaal en vriende te trakteer mag by hulle 'n statusgewende funksie vervul. Lede van die hoër onderwyspeilgroepe is waarskynlik geneig om meer dikwels te onthaal en kan dit ook geredeliker bekostig as die laer onderwyspeilgroepe. Dit mag onder andere van die redes wees waarom drankgebruik in sosiale verband toeneem, en alleendrinkery afneem, met die styging in onderwyspeil. Soos reeds uit tabel 4.6 geblyk het, het die laer onderwyspeilgroepe in 'n groter mate as die ander groepe fisiologiese redes vir hul drankgebruik aangevoer. Sosiale motiewe staan dus nie by hierdie groep sterk op die voorgrond by die gebruik van drank nie en daarom drink hulle in 'n groter mate as die ander groepe alleen.

10.7 DIE DRINKSITUASIE VOLGENS DIE WAARDE VAN DIE DRANK
WAT DIE PROEFPERSON ALLEEN GEMIDDELD PER WEEK VERBRUIK

In die onderstaande tabel word die drinksituasie in verband gebring met die

waarde van die drank wat die proefpersoon alleen gemiddeld per week verbruik.

TABEL 10.6
DRINKSITUASIE VOLGENS DIE WAARDE VAN DIE DRANK WAT DIE
PROEFPERSOON ALLEEN GEMIDDELD PER WEEK VER-
BRUIK

Drinksituasie	Minder as R1		R1 - R2,99		R3 en meer		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%
Slegs saam met huisgenote	102	29.2	12	11.3	2	8.0	116	24.2
Slegs saam met ander persone	118	33.8	58	54.7	10	40.0	186	38.7
Saam met huisgenote en ander persone	32	9.2	12	11.3	10	40.0	54	11.3
Sub-totaal	252	72.2	82	77.4	22	88.0	356	74.2
Alleen	97	27.8	24	22.6	3	12.0	124	25.8
TOTAAL	349	100.0	106	100.0	25	100.0	480	100.0

$$X^2 = 45.3209; P < .1\%$$

Die persentasie persone wat drank saam met hul huisgenote gebruik, neem volgens voorgaande tabel af namate die waarde van die drank wat die proefpersoon persoonlik gebruik, styg, en wel van 29.2 persent by proefpersone wat minder as R1.00 per week se drank gebruik na 11.3 persent en 8.0 persent by dié wat onderskeidelik R1.00 tot R2.99 en R3.00 en meer se drank gebruik. Hierteenoor styg die persentasie persone wat saam met huisgenote sowel as ander persone drank gebruik vanaf 9.2 persent by die laagste tot 40.0 persent by die hoogste verbruikersgroep. Dit wil dus voorkom asof die individu tydens onthale swaarder drink as wat hy sou doen as hy in geselskap van slegs sy huisgenote is.

In die geheel geneem, blyk dit dat die persentasie persone wat in sosiale verband drank gebruik, styg namate die waarde van die drank wat die persone self verbruik styg, naamlik van 72.2 persent by die laagste na 88.0 persent by die hoogste verbruikersgroep.

Die persentasie alleendrinkers daal vanaf 27.8 persent by die groep wat minder as R1.00 se waarde aan drank verbruik na 22.6 persent en 12.0 persent vir die groepe wat onderskeidelik R1.00 tot R2.99 en R3.00 en meer se drank verbruik. Die lae persentasie alleendrinkers by die persone wat R3.00 en meer per week se drank verbruik, lei tot die gevolgtrekking dat die alleendrinkers by die Kleurlinge nie noodwendig drankmisbruikers is nie.

10.8 DIE DRINKSITUASIE VOLGENS DIE WEEKLIKSE HUISHOUDELIKE
UITGAWE AAN DRANK

In tabel 10.7 word die drinksituasie met die weeklikse uitgawe aan drank van die huishouding waartoe die proefpersoon behoort, in verband gebring.

TABEL 10.7
DRINKSITUASIE VOLGENS DIE WEEKLIKSE HUISHOUD-
DELIKE UITGAWE AAN DRANK

Drinksituasie	Geen		Minder as R1		R1 - R4.99		R5 en meer		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Slegs saam met huisgenote	2	5.3	77	26.5	31	23.5	6	30.0	116	24.2
Slegs saam met ander persone	26	68.4	102	35.2	53	40.1	5	25.0	186	38.7
Saam met huisgenote en ander persone	-	-	18	6.2	28	21.2	8	40.0	54	11.3
Sub-totaal	28	73.7	197	67.9	112	84.8	19	95.0	356	74.2
Alleen	10	26.3	93	32.1	20	15.2	1	5.0	124	25.8
TOTAAL	38	100.0	290	100.0	132	100.0	20	100.0	480	100.0

Uit die sub-totaal van tabel 10.7, sonder inagneming van die groep met geen uitgawe aan drank nie, blyk dit dat die persentasie persone wat in sosiale verband drink, styg terwyl die persentasie alleendrinkers daal namate die huishouding se uitgawe aan drank vermeerder. Die sosiale drinkers neem toe vanaf 67.9 persent by huishoudings wat minder as R1.00 per week aan drank bestee na 84.8 persent en 95.0 persent respektiewelik by die wat R1.00 tot R4.99 en R5 en meer per week daar-aan bestee. Die alleendrinkers neem by hierdie uitgawegroepe af van 32.1 persent na 15.2 persent en 5.0 persent respektiewelik.

Die bogenoemde verskynsel kan begryp word aangesien die alleendrinkers se persoonlike uitgawe aan drank moontlik die enigste drankuitgawe van die huishouding kan wees, of dat hy alleen drink omdat hy finansiële nie in staat is om ander persone te trakteeer nie. Die huishouding wat 'n hoë uitgawe aan drank kan bekostig, kan dit ook bekostig om te onthaal en drank met vriende te deel.

10.9 DIE DRINKSITUASIE VOLGENS DIE GETAL EENHEDE DRANK
VERBRUIK

In tabel 10.8 word die drinksituasie met die getal eenhede drank wat die proefpersoon verbruik het in die sewe dae wat die onderhoud voorafgegaan het, in verband gebring.

TABEL 10.8
DRINKSITUASIE VOLGENS DIE GETAL EENHEDE DRANK
PER WEEK VERBRUIK

Drinksituasie	Geen		1 - 3 eenhede		4 - 12 eenhede		13 of meer eenhede		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Slegs saam met huisgenote	19	32.8	29	36.7	37	22.2	31	17.6	116	24.2
Slegs saam met ander persone	20	34.5	21	26.6	59	35.3	86	48.9	186	38.7
Saam met huisgenote en ander persone	7	12.1	9	11.4	16	9.6	22	12.5	54	11.3
Sub-totaal	46	79.3	59	74.7	112	67.1	139	79.0	356	74.2
Alleen	12	20.7	20	25.3	55	32.9	37	21.0	124	25.8
TOTAAL	58	100.0	79	100.0	167	100.0	176	100.0	480	100.0

$$X^2 = 24.8930; 1\% > P > .1\%$$

Geen duidelike wetmatigheid ten opsigte van alleendrinkery kan uit die tabel waargeneem word nie. Die hoogste enkele persentasie (32.9%) kom by die groep wat van 4 tot 12 eenhede drank verbruik het voor en aangesien die persentasie by die hoër verbruikersgroep (21.0%) weer laer is, bestaan daar geen bewys dat die alleendrinker by die Kleurling noodwendig die drankmisbruiker is nie. Ook uit die res van die tabel is geen duidelike tendense waar te neem nie behalwe 'n geringe daling in die persentasie persone wat gewoonlik saam met huisgenote hul drank gebruik namate die hoeveelheid drankies wat gedrink is meer word en wel van 36.7 persent by diegene met een tot drie eenhede, 22.2 persent by dié wat 4 tot 12 eenhede en 17.6 persent by diegene wat meer as 12 eenhede gedurende die betrokke tyd verbruik het.

10.10 SAMEVATTING

- 10.10.1 Die grootste persentasie (38.7%) van die ondersoekgroep het hul drankies saam met ander persone geniet en nie saam met hul huisgenote nie. Vroue drink meer in sosiale verband as mans wat weer meer dikwels alleen drink.
- 10.10.2 Die persentasie persone wat in sosiale verband drink, neem af namate die ouderdom van die groep hoër word. Die persentasie persone wat alleen drink, neem dien-ooreenkomstig toe namate die ouderdom van die ouderdomsgroep toeneem.
- 10.10.3 Afrikaanssprekendes geniet hul drankies persentueel twee keer meer saam met huisgenote as Engelssprekendes - die landelik-stedelike aard van die woonplek kan egter hier 'n rol speel. Daar is geen opvallende verskil tussen die twee taalgroepe

wat alleendrinkery betref nie.

- 10.10.4 Plaasbewoners gebruik drank in 'n meerdere mate saam met hul huisgenote as wat by stedelinge en dorpelinge die geval is. Alleendrinkery kom in 'n meerdere mate by stads- en dorpsbewoners voor.
- 10.10.5 Drankgebruik saam met huisgenote sowel as alleendrinkery neem af namate die onderwyspeil van die ondersoekgroep styg terwyl drankgebruik in sosiale verband in die geheel gesien, toeneem namate die onderwyspeil van die groep styg.
- 10.10.6 Alleendrinkery neem persentueel af namate die waarde van die drank wat persoonlik gebruik word, toeneem terwyl die omgekeerde geld ten opsigte van drankgebruik in sosiale verband.
- 10.10.7 Met uitsondering van die groep van wie die huishouding geen uitgawe aan drank het nie, styg die persentasie persone wat in sosiale verband drink namate die huishouding se uitgawe aan drank vermeerder. Hierteenoor daal die persentasie alleendrinkers namate die huishouding se uitgawe aan drank vermeerder.
- 10.10.8 Alhoewel geen duidelike verband tussen die hoeveelheid drank wat genuttig is en die drinksituasie gevind is nie, is dit te betwyfel of alleendrinkery met 'n swaar drinkpatroon verband hou.

HOOFSTUK 11

HOUDING TEN OPSIGTE VAN VRYSTELLING VAN DRANK EN MOTIEWE VIR DIE HOUDING

11.1 INLEIDING

Soos reeds gemeld, is hierdie ondersoek gedoen voordat die nuwe drankwet (Wet No. 72 van 1961) waardeur drank vryelik aan nie-Blankes beskikbaar gestel word, op 31 September 1962 in werking getree het. Aan die proefpersone is gevra of hulle teen of ten gunste van die vrystelling van drank aan nie-Blankes is en hulle is versoek om hul antwoord of houding te motiveer.

In die volgende tabelle word die proefpersone se houding ten opsigte van die vrystelling van drank aan nie-Blankes met ander faktore, naamlik geslag, beroep, ouderdom, kerkverband, woonplek en huwelikstaat in verband gebring.

11.2 HOUDING TEN OPSIGTE VAN VRYSTELLING VAN DRANK

11.2.1 Houding ten opsigte van vrystelling van drank volgens geslag

In tabel 11.1 word die proefpersone se houding ten opsigte van die vrystelling van drank aan nie-Blankes met hul geslag in verband gebring.

TABEL 11.1
HOUDING TEN OPSIGTE VAN VRYSTELLING VAN DRANK VOL-
GENS GESLAG

Houding ten opsigte van vrystelling	Manlik		Vroulik		Totaal	
	G	%	G	%	G	%
Ten gunste van vrystelling	286	57.2	190	38.0	476	47.6
Teen vrystelling	214	42.8	310	62.0	524	52.4
TOTAAL	500	100.0	500	100.0	1000	100.0

$$X^2 = 36.9488; P < .1\%$$

Uit tabel 11.1 blyk dat meer as die helfte van die steekproef, naamlik 52.4 persent, teen die vrystelling van drank aan nie-Blankes gekant is terwyl 47.6 persent hul ten gunste van die vrystelling van drank verklaar het.

Daar moet egter in gedagte gehou word dat die vrystelling van drank aan Kleurlinge wat by hierdie ondersoek betrek is, slegs neerkom op 'n uitbreiding van hul reg om drank te bekom. Waar hulle voorheen slegs beperkte hoeveelhede drank kon bekom het, sal hulle ingevolge die nuwe drankwet onbeperkte hoeveelhede drank mag koop.

Indien tabel 11.1 verder ten opsigte van die houding van die twee geslagte ontleed word, is dit opvallend dat 57.2 persent van die mans ten gunste van die vrystelling van drank is en minder as die helfte naamlik 42.8 persent daarteen. Hierteenoor geld die teenoorgestelde posisie by die vroue waar 62.0 persent hul teen, en 38.0 persent hul ten gunste van vrystelling van drank verklaar het.

Dit blyk dat dit veral die vrouens is wat meebring dat meer as die helfte van die steekproef hul teen die vrystelling van drank verklaar het. Waar die Kleurlingman as 'n reël meer van drank gebruik maak as die vroue en by baie Kleurlingmans, veral die plaasarbeiders wat gewoon is aan die dopstelsel, drank reeds 'n deel van hul leefwyse geword het, is dit te verwagte dat hulle meer ten gunste van die vrystelling van drank sal wees.

Aan die anderkant is dit moontlik meer die vrou wat te doen kry met die gevolge van drankmisbruik en die sosiale ewels wat daarmee gepaard gaan soos byvoorbeeld armoede, gesinsdesorganisasie en gesinsverlating. Om hierdie rede is sy meer as die man gekant teen die vrystelling van drank.

11.2.2 Houding ten opsigte van vrystelling van drank volgens beroep

Die proefpersone se houding ten opsigte van die vrystelling van drank word in tabel 11.2 volgens hul beroep ontleed.

TABEL 11.2
HOUDING TEN OPSIGTE VAN VRYSTELLING VAN DRANK VOLGENS
BEROEP

Houding ten opsigte van vrystelling van drank	Ongeskoolde werkers en werkloos		Veiligheidsdienste, geskoolde vakmanne, persone met privaat onderneming		Huisvrouens, nie-ekonomiese bedrywige persone		Professionele, tegniese en verwante beroepe		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Ten gunste van vrystelling	294	51.4	32	59.3	136	39.4	14	48.3	476	47.6
Teen vrystelling	278	48.6	22	40.7	209	60.6	15	51.7	524	52.4
TOTAAL	572	100.0	54	100.0	345	100.0	29	100.0	1000	100.0

$$X^2 = 16.5524; P < .1\%$$

Uit tabel 11.2 blyk dat slegs voltydse huisvrouens en persone wat nie ekonomies bedrywig is nie, 'n groter persentasie persone (60.6%) insluit wat teen die vrystelling van drank gekant is, as wat in die groot totaal voorkom (52.4%). Alhoewel 'n sekere persentasie van hierdie beroepsgroep wel mans is, is dit waarskynlik dat dit groten-deels uit vrouens bestaan en daarom kan verwag word dat die tendens ooreen sal kom

met wat reeds in tabel 11.1 bevind is.

Waar die vader dikwels nie sy verantwoordelikheid teenoor sy gesin na behore nakom nie, is die moeder die een wat 'n besondere verantwoordelikeheidsin ten opsigte van haar kinders openbaar en alles in haar vermoë doen om hulle teen nadelige invloed te beskerm. Die Kommissie van Onderzoek insake die Kaapse Kleurlingbevolking skets hierdie besondere eienskap van die moeder soos volg: „Hierdie verantwoordelikeheidsin is veral merkbaar in die geval van die moeder wat dikwels op 'n patetiese wyse dapper stry vir die belang van haar huis en kinders teen ongunstige toestande. Die moeder is gewoonlik die sterkste bindende krag teen die ontbindende invloed wat die gesinslewe van die laerstaande bevolkingsgroepe bedreig, en diegene wat met hierdie deel van die bevolking in nouer aanraking staan, het dikwels getuig van die prysenswaardige hoedanighede van die moeders as instandhouders van die huis onder die armer klasse" (10, bl. 20).

Uit tabel 11.2 blyk verder dat 51.7 persent van diegene wat professionele tegniese of verwante beroepe beoefen, teen die vrystelling van drank gekant is. Dat die grootste groep proefpersone in hierdie beroepsgroep teen die vrystelling van drank is, mag toegeskryf word aan die feit dat hulle intellektueel beter ontwikkel is as diegene in die ander beroepsgroepe en daarom meer besorgd is oor 'n moontlike nadelige uitwerking wat die vrystelling van alkoholiese drank op die Kleurling probleme mag hê. Daar moet in gedagte gehou word dat dit juis hierdie beroepsgroep onder die Kleurlinge is wat blykens tabel 8.6 'n ligter drinkpatroon het. Daarom sal hulle ook na verwagting in 'n meerdere mate as die laer beroepsgroepe teen die vrystelling van drank aan nie-Blankes wees. In teenstelling met die voorafgaande bevat die beroepsgroep wat vakmanne en persone in die veiligheidsdienste en persone met 'n eie onderneming insluit, die kleinste persentasie (40.7%) persone wat teen die vrystelling van drank gekant is.

11.2.3 Houding ten opsigte van vrystelling van drank volgens ouderdom

In tabel 11.3 word die proefpersone se houding ten opsigte van die vrystelling van drank met hul ouderdom in verband gebring.

TABEL 11.3
HOUDING TEN OPSIGTE VAN VRYSTELLING VAN DRANK VOLGENS
OUDERDOM

Houding ten opsigte van vrystelling van drank	18-30 jaar		31-50 jaar		51 jaar en ouer		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%
Ten gunste van vrystelling	162	50.1	223	48.7	91	41.6	476	47.6
Teen vrystelling	161	49.9	235	51.3	128	58.4	524	52.4
TOTAAL	323	100.0	458	100.0	219	100.0	1000	100.0

$$\chi^2 = 4.2743; 20\% > P > 10\%$$

Dit val dadelik uit tabel 11.3 op dat die persentasie proefpersone ten gunste van die vrystelling van drank, geleidelik daal namate die ouderdom van die ouderdomsgroep hoër is, en wel van 50.1 persent vir die groep 18 tot 30 jaar, na 48.7 persent en 41.6 persent vir die groepe 31 tot 50 jaar en 51 jaar en ouer, respektiewelik. Die teenoor-gestelde tendens word aangetref ten opsigte van die proefpersone wat teen die vry-stelling van drank is.

Die rede hiervoor mag wees dat diegene in die ouer ouderdomsgroepe 'n meer konserwatiewe houding ten opsigte van sosiale veranderinge inneem as die persone in die jonger ouderdomsgroep. Dit is egter ook waarskynlik dat daar by die jonger Kleurling 'n sterker aspirasie bestaan om met die Blanke geïdentifiseer te word en dieselfde regte en voorregte as die Blanke te verkry.

11.2.4 Houding ten opsigte van vrystelling van drank volgens kerkverband

Die proefpersone se houding ten opsigte van die vrystelling van drank word in tabel 11.4 volgens hul kerkverband ontleed.

Uit tabel 11.4 blyk dat lidmate van eerstens die Anglikaanse, Congregational en Metodiste kerke, tweedens die Rooms-Katolieke Kerk en derdens die Apostoliese kerke en Volle Evangelie Kerk, groter persentasies persone te wete 50.4 persent, 66.0 persent en 47.9 persent onderskeidelik insluit wat ten gunste van die vrystelling van drank is, as die totaal waar die ooreenstemmende persentasie op 47.6 persent te staan kom.

Die lidmate van die drie Afrikaanse susterskerke en lidmate van ander kerke daarenteen, sluit kleiner persentasies persone, naamlik 36.8 persent en 46.0 persent onderskeidelik in wat ten gunste van die vrystelling van drank is. By die groep wat aan geen kerk behoort nie, is die getal te klein om 'n geldige afleiding te regverdig.

Die rede waarom lidmate van die Rooms-Katolieke Kerk die grootste persentasie persone, en lidmate van die drie Afrikaanse susterskerke die kleinste persentasie persone insluit wat ten gunste van die vrystelling van drank is, mag moontlik saamhang met die betrokke kerke se bepaalde gesindhede ten opsigte van drankgebruik.

11.2.5 Houding ten opsigte van vrystelling van drank volgens woonplek

In tabel 11.5 word die proefpersone se houding ten opsigte van die vrystelling van drank met hul woonplek in verband gebring.

TABEL 11.4
HOUDING TEN OPSIGTE VAN VRYSTELLING VAN DRANK VOLGENS KERKVERBAND

Houding ten opsigte van vrystelling van drank	Afrikaanse Susterskerke		Engelse Protes- tantse kerke		Rooms-Kato- lieke Kerk		Apostoliese kerke en Volle Evangelie Kerk		Ander kerke		Geen kerk		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Ten gunste van vrystelling	96	36.8	226	50.4	62	66.0	23	47.9	63	46.0	6	50.0	476	47.6
Teen vrystelling	165	63.2	222	49.6	32	34.0	25	52.1	74	54.0	6	50.0	524	52.4
TOTAAL	261	100.0	448	100.0	94	100.0	48	100.0	137	100.0	12	100.0	1000	100.0

$$\chi^2 = 26.5748; P < .1\%$$

TABEL 11.5
HOUDING TEN OPSIGTE VAN VRYSTELLING VAN DRANK
VOLGENS WOONPLEK

Houding ten opsigte van vrystelling van drank	Stad		Dorp		Plaas		Kleinhoewe		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Ten gunste van vrystelling	213	53.3	95	44.4	154	42.9	14	51.9	476	47.6
Teen vrystelling	187	46.8	119	55.6	205	57.1	13	48.1	524	52.4
TOTAAL	400	100.0	214	100.0	359	100.0	27	100.0	1000	100.0

$$\chi^2 = 9.3810; 5\% > P > 2\%$$

Blykens tabel 11.5 sluit plaas- en dorpsbewoners kleiner persentasies persone, naamlik 42.9 persent en 44.4 persent, onderskeidelik in wat ten gunste van die vrystelling van drank is as die totaal waar 47.6 persent hierdie houding inneem. Stadsbewoners en kleinhoewebewoners daarenteen sluit groter persentasies persone naamlik 53.3 persent en 51.9 persent onderskeidelik in wat ten gunste van die vrystelling van drank is.

Die volgende verklaring kan moontlik aan hierdie verskynsel gegee word: Die plaas- en die dorpsbewoners met nog 'n konserwatiewe uitkyk, vrees dat die vrystelling van drank die bestaande maatskaplike toestande negatief mag beïnvloed. Die dopstelsel plus die reg om drank vrylik te koop mag die drankkonsumpsie aansienlik laat styg met 'n gevolglike vermeerdering van alkoholisme, aanranding en gesinsdesorganisasie. Die stedelinge en die kleinhoewebewoners is daarenteen waarskynlik minder konserwatief en stel die gevare wat die gebruik van alkoholiëse drank inhou, nie so sterk op die voorgrond nie.

11.2.6 Houding ten opsigte van vrystelling van drank volgens huwelikstaat

Die proefpersone se houding ten opsigte van die vrystelling van drank word in tabel 11.6 volgens hul huwelikstaat ontleed.

TABEL 11.6
HOUDING TEN OPSIGTE VAN VRYSTELLING VAN DRANK
VOLGENS HUWELIKSTAAT

Houding ten opsigte van vrystelling van drank	Nog nie getrou nie		Getroud		Was getroud, nou geskei of verlaat		Woon saam met man/vrou		Wewenaar/Weduwee		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Ten gunste van vrystelling	99	52.4	289	46.1	9	40.9	50	52.6	29	43.3	476	47.6
Teen vrystelling	90	47.6	338	53.9	13	59.1	45	47.4	38	56.7	524	52.4
TOTAAL	189	100.0	627	100.0	22	100.0	95	100.0	67	100.0	1000	100.0

$$X^2 = 4.1624; 50\% > P > 30\%$$

Dit val dadelik op uit tabel 11.6 dat twee huwelikstaatgroepe, naamlik dié wat nog nie getroud is nie sowel as dié groep wat saam met 'n man of 'n vrou woon, groter persentasies persone, naamlik 52.4 persent en 52.6 persent onderskeidelik insluit wat ten gunste van die vrystelling van drank is as die totaal waar die ooreenstemmende persentasie op 47.6 persent te staan kom.

Die ander drie huwelikstaatgroepe, naamlik dié wat getroud is, dié wat wewenaar/weduwee is, en dié wat getroud was maar nou geskei of verlaat is, sluit daarenteen kleiner persentasies persone naamlik 46.1 persent, 43.3 persent en 40.9 persent onderskeidelik wat ten gunste van die vrystelling van drank is, in, as wat die geval by die totale groep is. Die verskille tussen die onderskeie groepe is egter te klein om enige afleidings te maak.

11.3 MOTIEWE VIR HOUDING TEN OPSIGTE VAN DIE VRYSTELLING VAN DRANK

Soos reeds in hierdie hoofstuk gemeld, is die proefpersone nie slegs om hul houding ten opsigte van die vrystelling van drank aan Kleurlinge gevra nie, maar hulle is ook versoek om hul houding te motiveer. Die motiewe wat deur diegene ten gunste van die vrystelling van drank aangevoer is, is in die volgende kategorieë ingedeel:

- (i) Dis 'n reg
- (ii) gunstiger drinkomstandighede sal deur die vrystelling geskep word
- (iii) drank sal op 'n gunstiger wyse bekom kan word
- (iv) ander redes en
- (v) weet nie.

Die motiewe wat aangevoer is deur diegene wat teen die vrystelling van drank is, is soos volg ingedeel:

- (i) Sedelike en godsdienstige besware
- (ii) gesondheidsredes
- (iii) finansiële besware
- (iv) sosiale redes en
- (v) ander redes.

Vervolgens word die proefpersone wat ten gunste van die vrystelling van drank is, sowel as die proefpersone wat teen die vrystelling van drank is, se motiewe vir hul houding in afsonderlike tabelle met hul geslag in verband gebring.

11.3.1 Motiewe vir die houding ten gunste van vrystelling van drank volgens geslag

Die proefpersone se motiewe vir hul houding ten gunste van die vrystelling van drank word in tabel 11.7 volgens hul geslag ontleed.

TABEL 11.7
MOTIEWE VIR HOUDING TEN GUNSTE VAN VRYSTELLING
VAN DRANK VOLGENS GESLAG

Motiewe	Manlik		Vroulik		Totaal	
	G	%	G	%	G	%
Dis 'n reg	21	7.3	3	1.6	24	5.0
Gunstiger drinkomstandighede	110	38.5	57	30.0	167	35.1
Gunstiger wyse van drankver- kryging	34	11.9	24	12.6	58	12.2
Ander redes	32	11.2	12	6.3	44	9.2
Weet nie	89	31.1	94	49.5	183	38.5
TOTAAL	286	100.0	190	100.0	476	100.0

$$X^2 = 22,8390; P < .1\%$$

Uit tabel 11.7 blyk dat die grootste groep proefpersone wat ten gunste van die vrystelling van drank is (38.4%) geen spesifieke motief vir hul houding kan aanvoer nie, met ander woorde hulle is ten gunste van die vrystelling van drank aan Kleurlinge sonder dat hulle juis weet om welke rede dit moet geskied. Die rede vir hierdie toedrag van sake mag wees dat hulle nie self drank gebruik nie of omdat hulle nie op hoogte is van die implikasies van die nuwe drankwet nie.

Die tweede grootste groep proefpersone wat ten gunste van die vrystelling van drank is (35,1%), voer as motief vir hul houding aan dat gunstiger drinkomstandighede deur die vrystelling geskep sal word. Dit mag wees dat hierdie motief aangevoer word omdat die Kleurling in vele opsigte aspireer om met die Blanke geïdentifiseer te word, selfs wat drinkomstandighede betref. Dit is verder opvallend dat die ander motiewe slegs deur klein persentasies proefpersone aangevoer word.

Indien die motief „gunstiger drinkomstandighede" volgens geslag ontleed word, blyk dit dat 'n groter persentasie mans (38,5%) hierdie motief aanvoer as die totaal waar die ooreenstemmende persentasie op 35,1 persent te staan kom. Die persentasie vrouens wat hierdie motief aanvoer (30,0%) is daarenteen kleiner as wat die geval by die totale groep is. Daar moet in gedagte gehou word dat die Kleurlingmans, blykens tabel 3.1, 'n groter persentasie drinkers as die Kleurlingvrouens insluit. Daarom sal die mans ook na verwagting in 'n meerdere mate as die vrouens die betrokke motief aanvoer.

Dit blyk verder uit die tabel dat die persentasie vrouens wat nie 'n spesifieke motief vir hul houding kan aanvoer nie, aansienlik hoër is as die persentasie mans, naamlik 19,5 persent teenoor 31,1 persent. Daar is reeds aangetoon dat die vrouens 'n groter persentasie geheelonthouers as die mans insluit en dit mag die rede wees waarom hulle in 'n meerdere mate as die mans nie 'n spesifieke motief vir hul houding kan aanvoer nie.

Opvallend is dat die persentasie mans wat aanvoer dat die vrystelling van drank 'n reg is aansienlik hoër is as die persentasie vrouens, naamlik 7,3 persent teenoor 1,6 persent respektiewelik. Dit is waarskynlik omdat die mans wat hoofsaaklik in die beroepslewe staan en die broodwinners is, meer daarna aspireer om met die Blanke geïdentifiseer te word en om dieselfde regte en voorregte as die Blanke te verkry as wat die geval is by die vrouens wat hoofsaaklik huisvrouens is.

11.3.2 Motiewe vir die houding teen vrystelling van drank volgens geslag

In tabel 11.8 word die proefpersone se motiewe vir hul houding teen die vrystelling van drank met hul geslag in verband gebring.

TABEL 11.8
MOTIEWE VIR HOUDING TEEN VRYSTELLING VAN DRANK VOLGENS
GESLAG

Motiewe	Manlik		Vroulik		Totaal	
	G	%	G	%	G	%
Sedelike en godsdienstige besware	9	4.2	27	8.7	36	6.9
Gesondheidsredes	8	3.7	4	1.3	12	2.3
Finansiële besware	67	31.3	80	25.8	147	28.0
Sosiale redes	123	57.5	190	61.3	313	59.7
Ander redes	7	3.3	9	2.9	16	3.1
TOTAAL	214	100.0	310	100.0	524	100.0

$$X^2 = 8.7816; 10\% > P > 5\%$$

Uit tabel 11.8 blyk dat die grootste groep proefpersone wat teen die vrystelling van drank is, (59.7%) hierdie houding inneem uit vrees vir sosiale benadeling wat deur die vrystelling veroorsaak mag word. Die feit dat voorgenoemde beswaar by meer as die helfte van die proefpersone aanwesig is, bewys dat 'n aansienlike deel van die Kleurlingbevolking nie onkundig is in verband met die nadelige gevolge van oormatige drankgebruik op hul sosiale lewe nie.

Die tweede grootste groep proefpersone wat teen die vrystelling van drank is (28.0%) neem hierdie houding in uit vrees vir finansiële benadeling wat deur die vrystelling veroorsaak mag word. Genoemde groep proefpersone is dus bevrees dat indien drank vrylik beskikbaar gestel word, die Kleurlinge meer geld aan drank sal bestee as wat hulle in werklikheid kan bekostig, met die gevolg dat die sosiale lewe in die algemeen en die gesinslewe in die besonder, uiteindelik daardeur benadeel sal word.

Indien die motief „sosiale redes“ volgens geslag ontleed word, blyk dit dat 'n groter persentasie vrouens (61.3%) hierdie motief aanvoer as die totaal waar die ooreenstemmende persentasie op 59.7 persent te staan kom. Die persentasie mans wat hierdie motief aanvoer, (57.5%) is daarenteen kleiner as wat die geval by die totale groep is. Die rede vir hierdie verskil mag wees dat die vrouens meer gemoed is met die versorging en die opvoeding van die kinders, en dat die vrees vir die benadeling van die gesinslewe by hulle gevolglik meer aanwesig is as by die mans.

Die persentasie mans wat finansiële benadeling as motief vir hul houding aanvoer, blyk hoër te wees as die persentasie vrouens, naamlik 31.3 persent teenoor

25.8 persent. Die verskil kan moontlik daaraan toegeskryf word dat die mans hoofsaaklik die broodwinners is en dat die verantwoordelikheid vir die gesinsinkomste grotendeels op hul skouers rus en hul dus meer bewus is van die moontlike implikasies indien drank vryelik beskikbaar gestel word.

11.4 SAMEVATTING

- 11.4.1 Meer as die helfte van die steekproef is teen die vrystelling van drank aan Kleurlinge gekant.
- 11.4.2 Die persentasie vroue wat teen die vrystelling van drank is, is aansienlik hoër as die persentasie mans wat hierdie houding inneem.
- 11.4.3 Die beroepsgroep wat geskoolde vakmanne veiligheidsdienste en persone met eie ondernemings insluit, bevat die grootste persentasie persone wat ten gunste van die vrystelling van drank is.
- 11.4.4 Die persentasie persone wat ten gunste van die vrystelling van drank is, daal geleidelik namate die ouderdom van die ouderdomsgroep hoër is.
- 11.4.5 Lidmate van die Rooms-Katolieke Kerk sluit die grootste persentasie persone en lidmate van die drie Afrikaanse susterskerke die kleinste persentasie persone in wat ten gunste van die vrystelling van drank is.
- 11.4.6 Stadsbewoners en kleinhoewebewoners is meer ten gunste van die vrystelling van drank as plaas- en dorpsbewoners.
- 11.4.7 Die groep proefpersone wat saam met 'n man of 'n vrou woon sonder dat hulle getroud is, sluit die grootste persentasie persone, en diegene wat getroud was, maar nou geskei of verlaat is, sluit die kleinste persentasie persone in wat ten gunste van die vrystelling van drank is.
- 11.4.8 Die grootste persentasie persone wat ten gunste van die vrystelling van drank is, kan geen spesifieke motief in hul houding aanvoer nie, terwyl die tweede grootste persentasie aanvoer dat gunstiger drinkomstandighede deur die vrystelling geskep sal word.
- 11.4.9 Die motief „gunstiger drinkomstandighede" word deur 'n groter persentasie mans as vroue beklemtoon.
- 11.4.10 Die grootste persentasie persone wat teen die vrystelling van drank gekant is, neem hierdie houding in uit vrees vir sosiale benadeling wat deur die vrystelling veroorsaak mag word. Hierdie motief word deur 'n groter persentasie vroue as mans aangevoer.

HOOFSTUK 12

MOTIVERING VIR ONTHOUDING VAN DRANK

12.1 INLEIDING

Uit die ondersoek het geblyk dat 38,8 persent van die ondersoekgroep nie alkoholiese drank, Bantoebier ingesluit, gebruik nie. In hoofstuk vier is die redes wat drankgebruikers vir hul drankgebruik aanvoer, bespreek. In hierdie hoofstuk word daar ingegaan op die redes wat geheelonthouers aanbied vir hul onthouding van drank, en die redes word soos volg ingedeel: Morele redes, godsdienstige of sosiale redes, finansiële redes, gesondheidsredes en laastens „ander" redes.

12.2 MOTIVERING VIR ONTHOUDING VOLGENS GESLAG

Die motivering vir onthouding van drank word in tabel 12.1 met die proefpersoon se geslag in verband gebring.

TABEL 12.1
MOTIVERING VIR ONTHOUDING VOLGENS
GESLAG

Motivering vir onthouding	Manlik		Vroulik		Totaal	
	G	%	G	%	G	%
Morele, godsdienstige of sosiale redes	52	48.6	173	61.6	225	58.0
Finansiële redes	8	7.5	16	5.7	24	6.2
Gesondheidsredes	38	35.5	67	23.8	105	27.0
Ander redes	9	8.4	25	8.9	34	8.8
TOTAAL	107	100.0	281	100.0	388	100.0

$$X^2 = 6.5659; 10\% > P > 5\%$$

Uit bostaande tabel blyk dat meer as die helfte van die onthouers, naamlik 58.0 persent, morele, godsdienstige of sosiale redes aanvoer vir hul onthouding van drank. Die tweede grootste enkele persentasie (27.0%) onthou hulself van die gebruik van drank omdat hulle dit as nadelig vir hul gesondheid beskou. Slegs 6.2 persent van die ondersoekgroep gebruik nie drank nie om finansiële redes en 8.8 persent voer „ander" (ongeklassifiseerde) redes aan.

Indien die tabel verder ten opsigte van die motivering van die twee geslagte ontleed word, blyk dit dat 48.6 persent van die mans morele, godsdienstige of sosiale redes aanvoer teenoor 61.6 persent van die vrouens. Die rede vir hierdie verskil

mag wees dat daar by die vrou, wat soos reeds in hoofstuk elf gemeld is, gewoonlik die sterkste bindende krag in die gesinslewe is, 'n groter vrees vir die vernietigende uitwerking van drankmisbruik op die gesinslewe bestaan as by die man, en gevolglik beklemtoon sy ook hierdie motief meer as die man.

Dit sal ook uit die tabel onder bespreking opgemerk word dat die persentasie mans wat gesondheidsredes aanvoer, naamlik 35.5 persent, groter is as die totaal waar die ooreenstemmende persentasie op 27.0 persent te staan kom. Die persentasie vroue wat gesondheidsredes aanvoer (23.8%) is daarenteen kleiner as wat die geval by die totale groep is. 'n Verklaring vir hierdie verskil kan wees dat daar moontlik meer mans is wat, gesien hul relatief swaarder drinkpatroon, weens gesondheidsredes moes onthou drink as wat die geval by die vroue is.

12.3 MOTIVERING VIR ONTHOUDING VOLGENS OUDERDOM

Die motivering vir onthouding van drank word in tabel 12.2 volgens die proefpersoon se ouderdom ontleed.

TABEL 12.2
MOTIVERING VIR ONTHOUDING VOLGENS OUDERDOM

Motivering vir onthouding	18-30 jaar		31-50 jaar		51 jaar en ouer		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%
Morele, godsdienstige of sosiale redes	83	61.0	93	60.8	49	49.5	225	58.0
Finansiële redes	10	7.4	10	6.5	4	4.0	24	6.2
Gesondheidsredes	35	25.7	35	22.9	35	35.4	105	27.0
Ander redes	8	5.9	15	9.8	11	11.1	34	8.8
TOTAAL	136	100.0	153	100.0	99	100.0	388	100.0

$$X^2 = 8.4154; 30\% > P > 20\%$$

Alhoewel die chi-kwadraatwaarde daarop dui dat daar geen statisties betekenisvolle verband tussen motivering vir onthouding van drankgebruik en ouderdom bestaan nie, kan daar tog op enkele wetmatighede gewys word.

Die persentasie persone wat hulself onthou van die gebruik van drank weens finansiële redes daal namate die ouderdom van die ouderdomsgroep hoër is, naamlik van 7.4 persent in die groep 18 tot 30 jaar, na 6.5 persent en 4.0 persent in die groepe 31 tot 50 jaar en 51 jaar en ouer respektiewelik. Hierdie tendens is waarskynlik daaraan toe te skryf dat die hoër ouderdomsgroepe gewoonlik 'n hoër inkomste het en dus nie om finansiële redes onthouers hoef te wees nie.

Gesondheidsredes lewer by slegs die hoogste ouderdomsgroep (51 jaar en ouer) 'n hoër persentasie, naamlik 35,4 persent as by die totaal van 27,0 persent; waarskynlik omdat sommige persone in die hoogste ouderdomsgroepe oor die algemeen aan kwale wat algehele onthouding noodsaaklik maak, onderhewig is.

Die dalende neiging wat die persentasies met die stygende ouderdom ten opsigte van morele, godsdienstige en sosiale redes het, is teenstrydig met die verwagting van 'n toenemende konserwatisme van ouerwordende persone.

12.4 MOTIVERING VIR ONTHOUDING VOLGENS ONDERWYSPEIL

In tabel 12.3 word die motivering vir onthouding met die proefpersone se onderwyspeil in verband gebring.

TABEL 12.3
MOTIVERING VIR ONTHOUDING VOLGENS ONDERWYSPEIL

Motivering vir onthouding	Nooit skool-gegaan of geen standerd geslaag nie		Laerskool-kwalifikasies		Hoërskool-kwalifikasies		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%
Morele, godsdienstige of sosiale redes	68	54.4	126	60.0	31	58.5	225	58.0
Finansiële redes	9	7.2	11	5.2	4	7.5	24	6.2
Gesondheidsredes	43	34.4	50	23.8	12	22.7	105	27.0
Ander redes	5	4.0	23	10.9	6	11.3	34	8.8
TOTAAL	125	100.0	210	100.0	53	100.0	388	100.0

$$X^2 = 9.5693; 20\% > P > 10\%$$

Blykens die onbeduidendheid van die chi-kwadraatwaarde van tabel 12.3 sowel as die afwesigheid van duidelike wetmatighede, wil dit voorkom asof daar geen betekenisvolle verband tussen die motivering vir onthouding van alkoholiese drank en onderwyspeil is nie.

12.5 MOTIVERING VIR ONTHOUDING VOLGENS WOONPLEK

Die proefpersone se motivering vir onthouding word in tabel 12.4 volgens hul woonplek ontleed.

TABEL 12.4
MOTIVERING VIR ONTHOUDING VOLGENS WOONPLEK

Motivering vir onthouding	Stedelik ¹⁾		Landelik ²⁾		Totaal	
	G	%	G	%	G	%
Morele, godsdienstige of sosiale redes	101	66.4	124	52.5	225	57.9
Finansiële redes	4	2.6	20	8.4	24	6.2
Gesondheidsredes	27	17.8	78	33.1	105	27.1
Ander redes	20	13.2	14	5.9	34	8.8
TOTAAL	152	100.0	236	100.0	388	100.0

$$X^2 = 21.5781; P < .1\%$$

1) Stedelik: Stad en kleinhoewe

2) Landelik: Dorp en Plaas

Uit tabel 12.4 val dit op dat die persentasie landelike proefpersone wat gesondheidsredes as motivering vir onthouding aanvoer, naamlik 33.1 persent groter is as die ooreenstemmende persentasie in die totaal, naamlik 27.1 persent. Die persentasie stedelike proefpersone wat gesondheidsredes aanvoer (17.8%) is daarenteen kleiner as wat die geval by die totale groep is.

'n Moontlike verklaring vir hierdie verskil kan wees dat daar, gesien hul relatief swaarder drinkpatroon, 'n groter persentasie landelike Kleurlinge is wie se gesondheid deur alkoholiëse drank nadelig beïnvloed is en wat weens gesondheidsredes moes ophou drink as wat die geval by die stedelike Kleurlinge is.

Dit blyk ook uit die tabel onder bespreking dat 66.4 persent van die stedelike Kleurlinge, morele, godsdienstige of sosiale redes as motivering vir onthouding aanvoer teenoor 52.5 persent van die landelike Kleurlinge. Hierdie verspreiding kan moontlik in 'n mate daaraan toegeskryf word dat die stedelike Kleurling as gevolg van die gemiddeld hoër ontwikkelingspeil meer bewus is van die skadelike invloede wat uit drankmisbruik mag voortkom as wat die geval met die plattelandse Kleurling is.

12.6 SAMEVATTING

12.6.1 Meer as die helfte van die geheelonthouers onthou hulself van die gebruik van drank weens morele, godsdienstige of sosiale redes.

12.6.2 Die persentasie vroue wat bogenoemde redes beklemtoon, is aansienlik hoër as die persentasie mans. Gesondheidsredes word deur 'n groter persentasie mans as vroue aangevoer.

- 12.6.3 Daar bestaan geen betekenisvolle verband tussen motivering vir onthouding van drankgebruik en ouderdom, sowel as tussen motivering vir onthouding van drankgebruik en onderwyspeil nie.
- 12.6.4 Gesondheidsredes word deur 'n groter persentasie landelike proefpersone as stedelike proefpersone as motivering vir onthouding aangevoer.

HOOFSTUK 13

SAMEVATTING

13.1 ALGEMEEN

Die benadering in hierdie laaste hoofstuk sal afwyk van die volgorde in die voorgaande hoofstukke. In plaas van om telkens 'n bepaalde kenmerk van die drinkpatroon met elkeen van die persoonlike kenmerke van die proefpersoon in verband te bring, sal 'n enkele persoonlike kenmerk eers met al die faktore van die drinkpatroon bespreek word alvorens tot 'n volgende persoonlike kenmerk oorgegaan word. Die doel hiermee is om tot 'n duideliker totaalbeeld van die drinkpatroon van 'n besondere kategorie van die proefpersone te kom.

13.2 GESLAG

As die geslagverskille ten opsigte van die verskillende fasette van die drinkpatroon ontleed word, blyk die volgende: Meer vroue is geheelonthouers as wat die geval by die mans is. Net minder as een-derde van die vroue voer fisiologiese redes as drinkmotief aan terwyl dit by byna die helfte van die mans die geval is. Meer vroue as mans verkies spiritualieë en Bantoebier terwyl die teenoorgestelde ten opsigte van voorkeur aan wyn geld. Vroue vertoon 'n laer drinkfrekwensie as mans. Drinkery in opebare plekke en by die huis van die werkgewer kom meer by mans as by vroue voor, terwyl vroue waarskynlik meer as mans daaraan voorkeur gee of deur omstandighede daartoe verplig word om aan 'n woning hul drank te gebruik.

Vervolgens blyk dit ook dat vroue wat wel drank gebruik 'n groter persentasie ligte drinkers insluit as wat die geval by die ooreenstemmende groep mans die geval is want slegs 42.4 persent van die vroue wat wel drank gebruik, het in 'n bepaalde week medium tot groot hoeveelhede drank gebruik terwyl die ooreenstemmende persentasie by die mans op 71.7 persent te staan gekom het. Alleendrinkery het slegs by 'n klein persentasie van die vroue voorgekom dog by ongeveer een-derde van die mans. By na twee-derdes van die vroue is gekant teen die vrystelling van drank aan nie-Blankes terwyl dit slegs by 42.8 persent van die mans die geval is. Hierdie standpunt word by vroue sterker as by mans op morele, godsdienstige en sosiale redes gegrond. Meer vroue as mans is dan ook algehele onthouers om dieselfde redes.

13.3 OUDERDOM

Die persentasie persone wat wel drank gebruik, styg by elke ouderdomsgroep tot by die ouderdomsgroep 41 tot 50 jaar. In die hieropvolgende hoër ouderdomsgroepe vind 'n geleidelike daling plaas in die persentasie gebruikers. Fisiologiese redes word meer dikwels deur die hoër ouderdomsgroepe as die laer ouderdomsgroepe as drinkmotief gemeld.

Ten opsigte van hul drankvoorkeur verskil die verskillende ouderdomsgroepe nie noemenswaardig van mekaar nie. Uit die gegewens ten opsigte van die drinkfrekwensie wil dit voorkom asof die jonger ouderdomsgroepe in 'n geringe mate 'n swaarder drinkpatroon as die ouer ouderdomsgroepe het.

Uitgaande van die hoeveelheid drankies wat gedurende 'n bepaalde week genuttig is, word die voorgenoemde afleiding dat die jonger ouderdomsgroepe 'n swaarder drinkpatroon as die ouer groepe openbaar, bevestig.

Die eie woning en in 'n mindere mate ook die werkgewer se huis neem as drinkplek in gewildheid toe met stygende ouderdom terwyl die teenoorgestelde geld ten opsigte van die huis van ander mense en openbare drinkplekke.

Die persentasie persone wat in sosiale verband drink, daal geleidelik terwyl die wat alleen en sonder geselskap drink, geleidelik styg namate die ouderdom van die ouderdomsgroep hoër word.

Die persentasie proefpersone wat ten gunste van die vrystelling van drank is, word geleidelik kleiner namate die ouderdom van die ouderdomsgroep hoër is.

Alhoewel daar geen statisties betekenisvolle verband tussen motivering vir onthouding van drankgebruik en ouderdom gevind is nie, is daar tog 'n dalende neiging in die persentasies wat om finansiële redes onthouers is. Dieselfde geld ten opsigte van morele, godsdienstige en sosiale redes.

13.4 HUISTAAL

Onder die Engelssprekendes is 'n groter persentasie drankgebruikers aangetref as by die Afrikaanssprekendes. Fisiologiese redes speel by Afrikaanssprekendes 'n veel groter rol as by Engelssprekendes terwyl die teenoorgestelde geld ten opsigte van nie-fisiologiese redes.

Afrikaanssprekendes gee in 'n groter mate aan wyn voorkeur as Engelssprekendes terwyl laasgenoemde meer dikwels as eersgenoemde spiritualieë en bier as hulle eerste keuse aandui.

Gemeet volgens die aantal kere wat die proefpersone drank gebruik, het die Afrikaanssprekendes 'n swaarder drinkpatroon as die Engelssprekendes. Met die hoeveelheid drankies wat oor 'n gegewe tydperk genuttig is as maatstaf, kan dieselfde afleiding gemaak word.

Engelssprekendes is meer dikwels as Afrikaanssprekendes geneig om van openbare drinkplekke gebruik te maak terwyl laasgenoemde groep weer meer as eersgenoemdes by hul werkgewer se huis drank gebruik.

Huistaal toon geen duidelike verband met die drinksituasie nie.

13.5 HUWELIKSTAAT

Persone wat nie wettig getroud is nie maar wel saam woon, het 'n groter persentasie drankgebruikers as die totale groep terwyl die kleinste persentasie drankgebruikers by wewenaars en weduwees voorkom. Dit is ook by hierdie eersgenoemde huwelikstaatsgroep waar fisiologiese redes die grootste rol speel.

Tussen drinkfrekwensie en huwelikstaat is daar geen statisties betekenisvolle verband nie. Daar is egter gevind dat tuisdrinkers 'n groter persentasie lewer tot diegene wat nie getroud is nie, terwyl 'n omgekeerde tendens waargeneem word ten opsigte van die huis van ander as drinkplek, dit wil sê diegene wat getroud is of saam leef, drink minder by ander mense as diegene wat ongetroud, geskei of verlaat, of wewenaar of weduwee is.

By die getroude groep is die persentasie huishoudings wat gemiddeld weekliks een rand of meer aan alkoholiese drank bestee, groter as by enige van die ander groepe. Die groep proefpersone wat saam met 'n man of 'n vrou woon sonder dat hulle getroud is, sluit die grootste persentasie persone, en diegene wat getroud was, maar nou geskei of verlaat is, sluit die kleinste persentasie persone in wat ten gunste van die vrystelling van drank is.

13.6 WOONPLEK

Kleurlinge wat in stede woon, sluit die grootste persentasie drankgebruikers in terwyl die kleinste persentasie by diegene voorkom wat in dorpe woon.

Veel meer plattelanders drink om fisiologiese redes alkoholiese drank as wat die geval by stedelinge en dorpenaars is.

Die persentasie persone in stedelike gebiede wat aan wyn en aan Bantoebier voorkeur gee, is veel kleiner as die ooreenstemmende persentasies op die platteland. Stedelinge sluit weer groter persentasies in wat aan spiritualieë of bier voorkeur gee as wat die geval by plattelanders is.

In terme van drinkfrekwensie gereken, lyk dit of die plattelanders 'n swaarder drinkpatroon as die stedelinge het dog ten opsigte van die getal drankies wat gedurende 'n bepaalde week gebruik is, is geen verskille tussen die woonplekgroepe gevind nie.

In teenstelling met wat uit voorgenoemde bevindinge verwag kan word, is die huishoudelike uitgawe aan alkoholiese drank by stedelinge hoër as by die landelinge.

Plaasbewoners gebruik drank in 'n meerdere mate saam met hul huisgenote as wat by stedelinge en dorpinge die geval is. Alleendrinkery kom in 'n meerdere mate by stads- en dorpsbewoners voor.

Van al die groepe is die grootste persentasie stedelinge ten gunste van die vrystelling van alkoholiese drank aan nie-Blankes.

Finansiële- en gesondheidsredes word by die landelike groep meer dikwels as motief vir hul onthouding van alkoholiese drank aangevoer as wat by die stedelike groep die geval is. Ten opsigte van morele, godsdienstige en sosiale redes geld die teenoorgestelde.

13.7 ONDERWYSPEIL

Namate die onderwyspeil van die onderwyspeilgroep hoër is, is die persentasie drankgebruikers hoër.

Fisiologiese redes as drinkmotief speel 'n steeds geringer rol namate die onderwyspeil hoër word.

Die hoër onderwyspeilgroepe verkies in 'n groter mate spiritualieë en bier as die laer onderwyspeilgroepe terwyl wyn en Bantoebier weer meer populêr by die laer onderwyspeilgroepe is.

In terme van drinkfrekwensie gereken, wil dit voorkom asof die hoër onderwyspeilgroepe 'n ligter drinkpatroon as die laer onderwyspeilgroepe het. Word die getal drankies wat oor 'n beperkte tydperk gebruik is egter as maatstaf gebruik, is die verskille tussen die onderwyspeilgroepe nie baie groot nie maar dit wil in elk geval voorkom asof dit eerder die laer onderwyspeilgroepe is wat 'n swaarder drinkpatroon as die hoër onderwyspeilgroepe het.

Namate die onderwyspeil van die onderwyspeilgroep hoër word, is daar 'n afname in die persentasie van die proefpersone wat meer dikwels in hul eie huis drank gebruik terwyl die persentasie persone wat gewoonlik in openbare drinkplekke hul drank gebruik, toeneem namate die onderwyspeil hoër word.

Blykens die verkreeë gegewens is daar waarskynlik 'n verband tussen die huishoudelike uitgawe aan drank en die onderwyspeil want namate die onderwyspeil van die onderwyspeilgroep waarin die proefpersoon val, hoër is, neem die persentasie wies huishoudelike uitgawe aan drank niks of 'n klein bedrag beloop, af.

Namate die onderwyspeil van die onderwyspeilgroep hoër is, daal die persentasie persone wat gewoonlik alleen drink.

Uit die verspreiding van die gegewens blyk dit dat die motivering vir die onthouding van alkoholiese drank waarskynlik geen verband met onderwyspeil het nie.

13.8 BEROEP

Persone uit die professionele en tegniese beroepe lewer van die beroepsgroepe die grootste persentasie geheelonthouers. Die teenoorgestelde afleiding geld vir diegene wat ongeskoold is.

Fisiologiese redes speel by ongeskoolde werkers as drinkmotief 'n groter rol as by enige van die ander beroepsgroepe terwyl nie-fisiologiese redes weer meer algemeen by diegene in professionele beroepe voorkom.

Veel meer ongeskoolde werkers gee voorkeur aan wyn as wat die geval by die ander beroepsgroepe is terwyl bier en spiritualieë weer meer dikwels deur die professionele persone en persone wat meer geskoolde werk verrig, verkies word.

'n Ontleding van die drinkfrekwensie toon aan dat persone in ongeskoolde beroepe meer dikwels drank gebruik as persone in die veiligheidsdienste, geskoolde vakmanne en persone met private ondernemings. Hierdie laasgenoemde groepe se drinkfrekwensie is weer hoër as diegene in professionele of tegniese beroepe terwyl huisvroue en nie-ekonomies bedrywige persone die laagste drinkfrekwensie toon.

Huisvroue en nie-ekonomies bedrywige persone is byna uitsluitlik tuisdrinkers terwyl persone in professionele en tegniese beroepe meer dikwels as die ander beroepsgroepe van openbare drinkplekke gebruik maak.

Alhoewel daar geen duidelike verband tussen beroep en weeklikse huishoudelike uitgawe aan alkoholiese drank is nie, wil dit tog voorkom asof die groep ambagsmanne, veiligheidswerkers en persone in private ondernemings 'n groter persentasie persone insluit wat gemiddeld meer as 'n rand per week aan alkoholiese drank bestee. Die tweede grootste persentasie kom by ongeskoolde werkers voor en daarna volg huisvroue en dan persone in professionele en tegniese beroepe.

By die beroepsgroep wat huisvroue en nie-ekonomies bedrywige persone insluit, vind ons die grootste persentasie persone wat teen die vrystelling van drank gekant is terwyl die laagste persentasie by die groep ambagsmanne, veiligheidsdienste en persone met private ondernemings voorkom.

13.9 INKOMSTE

Geen duidelike verband is tussen drankgebruik of onthouding en inkomste gevind nie dog die persentasieverdeling dui tog op 'n wetmatigheid, naamlik 'n geleidelike styging in die persentasie gebruikers vanaf die laagste na die hoër inkomstegroepe behalwe by die hoogste inkomstegroep, naamlik R41 per week of meer, waar daar weer 'n effense daling in die persentasie drankgebruikers voorkom.

Waar die weeklikse inkomste met die drinkmotief in verband gebring word, word nie 'n duidelike tendens verkry nie maar dit wil tog voorkom of nie-fisiologiese drinkmotiewe by die hoër inkomstegroepe 'n belangriker rol as by die laer groepe speel.

Wat drankvoorkeur betref, blyk dit dat die hoër inkomstegroepe meer dikwels as die laer inkomstegroepe spiritualieë en bier verkies terwyl die laasgenoemde groepe weer meer dikwels as die hoër inkomstegroepe wyn verkies.

Alhoewel die verskille nie groot is nie, wil dit tog voorkom asof diegene in die hoër inkomstegroepe minder dikwels alkoholiese drank gebruik as persone uit die laer inkomstegroepe.

As die enkele proefpersone wat geen inkomste gehad het nie buite rekening gelaat word, blyk dit dat die hoër inkomstegroepe meer dikwels as die laer inkomstegroepe aan 'n woning of in 'n openbare drinkplek hul drank nuttig terwyl die laer inkomstegroep weer meer dikwels by die werkgewer se huis drink.

Namate die inkomste styg, neem ook die bedrag wat gemiddeld weekliks aan drank bestee word toe.

13.10 KERKVERBAND

Tussen kerkverband en gebruik of onthouding van alkoholiese drank, bestaan geen verband nie behalwe dat die klein groepie kerkloses 'n baie hoë persentasie drankgebruikers insluit.

Die lidmate van die Afrikaanse Susterskerke sluit 'n groter persentasie persone as die ander kerkgroepe in wat teen die vrystelling van alkoholiese drank aan nie-Blankes gekant is. Die laagste persentasie kom by die Rooms-Katolieke voor.

BYLAAG I

Die antwoorde wat u gee,
is VERTROULIK.

N. B. 359.

NASIONALE BURO VIR OPVOEDKUNDIGE EN MAATSKAPLIKE NAVORSING

ONDERSOEK NA DIE DRINGEWOONTES VAN DIE
KLEURLING IN SUID-AFRIKA

VRAELYS F

Ons onderneem om alle antwoorde wat u gee as baie vertroulik te behandel. Daar word nie belanggestel in u antwoorde afsonderlik nie maar in die gegewens van die Kleurlingbevolking as geheel.

U NAAM VERSKYN NIE OP DIE VRAELYS NIE

Nommer van vraelys.
(Alleenlik vir kantoorgebruik)

	(1-4)
--	-------

1. Is u 'n man of 'n vrou?

Man	Vrou	
1	2	(5)

2. Hoe oud is u?

18- 20	21- 30	31- 40	41- 50	51- 60	61- 70	71 en ouer	
1	2	3	4	5	6	7	(6)

3. Watter soort werk doen u?

(Skrywe hier so duidelik en volledig moontlik neer watter soort werk die proefpersoon doen, byvoorbeeld arbeider in fabriek, lewer melk af, verkoop koerante, plaasarbeider, gee onderwys, voltydse huisvrou.)

4. Maak 'n kruisie by die soort werk wat die proefpersoon doen.

<u>Arbeiders: Plaasarbeiders, tuinjong (dorpe en plase), bosbouwerkers, vissers, ens.</u>	0
<u>Arbeiders: Arbeiders in fabriek (tekstiel-, voedsel-, skoen-, tabak-fabriek, ens.), boubedryf en ander konstruksiewerke, motorhandel, myne- en steengroewe, spoorweë, delwers, winkelbediendes, koerantverkopers, metaalwerkers, steenmakers, masjienbedieners, bodes, ens.</u>	1
<u>Vervoer- en afleweringdienste: Kondukteurs, stokers, briewebestellers, matrose, beddegoedbedieners, bestuurders van huurmotors, vragmotorbestuurders, bestuurders van privaatmotors, busse, kragfietse, ens.</u>	2
<u>Veiligheidsdienste: Konstabels, bewaarders, persone in diens van die Weermag, nagwagte, brandweermanne, vuurslaners, verkeersinspektors, ens.</u>	3
<u>Persoonlike dienste: Kelners in diens van hotelle, haarkappers, hotel-, huis- en koshuisbediendes, kroegmanne, was- en strykbediendes, ens.</u>	4
<u>Voltydse huisvrouens</u> wat geen loonarbeid verrig nie.	5
<u>Professionele, tegniese en verwante beroepe: Dokters, predikante, onderwysers, prokureurs, aptekers, rekenmeesters, tolke, landbouopsieners, administratiewe beamptes, klerke, handelsreisigers, assuransië-agente, eiendomsagente, bestuurders (bv. winkelbestuurders), inspekteurs, verpleegsters, ens.</u>	6
<u>Persone wat 'n eie privaat onderneming besit: Handelaars skoenmakers, huurmotoreienaars, bouaannemers, huisopknappers, boere, losieshuis-eienaars, ens.</u>	7
<u>Geskoolde vakmanne: Skrynerwerkers, werktuigkundiges, skilders, ens.</u>	8
<u>Persone wat nie ekonomies bedrywig is nie: Pensioentrekkers, persone wie se familie vir hulle sorg, voltydse studente en skoliere, persone wat 'n ander bron van inkomste het bv. renteniers, ens.</u>	9
<u>Werkloses: Persone wat ten tye van die onderhoud werkloos is.</u>	X
<u>Ander soort werk: Persone wat werk doen wat nog nie genoem is nie.</u>	Y

(7)

5. Watter standaard het u geslaag?

Het nooit skoolgegaan nie	01
Was op skool maar het geen standaard geslaag nie	02
Het die sub-standerds A of B geslaag	03
Het standerds 1 of 2 geslaag	04

Het standerds 3 of 4 geslaag of beskik oor 'n gelykwaardige sertifikaat	05	
Het standerds 5 of 6 geslaag of beskik oor 'n gelykwaardige sertifikaat	06	
Het standerd 6 geslaag en besit ook 'n onderwysersertifikaat of 'n ander sertifikaat	07	
Het vorm twee (standerd 7) geslaag of beskik oor 'n gelykwaardige sertifikaat	08	
Het vorm drie (standerd 8) geslaag (dit sluit al die verskillende junior sertifikate in) of beskik oor 'n gelykwaardige sertifikaat	09	(8-9)
Het standerd 8 geslaag en besit ook 'n onderwysersertifikaat of 'n ander sertifikaat	10	
Het vorm vier (standerd 9) geslaag of beskik oor 'n gelykwaardige sertifikaat	11	
Het vorm vyf (standerd 10) geslaag (dit sluit al die verskillende matriek-sertifikate in) of beskik oor 'n gelykwaardige sertifikaat	12	
Het na standerd 10 verder studeer en 'n ander kwalifikasie as 'n universiteitsgraad behaal	13	
Het 'n universiteitsgraad behaal	14	

6. Hoeveel volle jare was u op skool, kollege, universiteit of dergelike inrigtings?

1- 2	3- 4	5- 6	7- 8	9- 10	11- 12	13- 14	15- 16	17- 18	19- 20	21 en meer	Geen
1	2	3	4	5	6	7	8	9	0	X	Y

(10)

7. Kan u lees en skrywe?

Ja	Nee
1	2

(11)

8. Maak 'n kruisie in die hokkie teenoor die een stelling wat op die proefpersoon van toepassing is.

(a) Is nog nie getroud nie	1
(b) Is getroud	2
(c) Was getroud maar is nou geskei of verlaat	3
(d) Is nog nie getroud nie maar woon saam met 'n vrou/man	4
(e) Is 'n wewenaar/weduwee	5

(12)

9. Aan watter kerk behoort u?

Nederduitse Gereformeerde Kerk	Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika	Nederduitse Hervormde Kerk van Afrika	Anglikaanse Kerk	Congregational Kerk
0	1	2	3	4

Metodiste-kerk	Lutherse Kerk	Rooms-Katolieke-Kerk	Apostoliese Geloof-sendingkerk of Volle Evangeliekerk of Apostoliese Sektes	Ander kerke	Geen
5	6	7	8	9	X

(13)

10. Watter van die volgende tale kan u praat?

Net Afrikaans	1
Net Engels	2
Afrikaans en Engels	3
Afrikaans en/of Engels <u>en</u> 'n Bantoetaal	4
Nie een van bostaande tale nie	5

(14)

11. Wat is u huistaal?

Afrikaans	1
Engels	2
'n Bantoetaal	3
Ander	4

(15)

12. Woon u tans

(a) in 'n gebied geproklameer vir Kleurlinge of 'n Kleurling-dorp (Sendingstasies uitgesluit)	1
(b) op 'n sendingstasie	2
(c) op 'n Blanke se plaas	3
(d) in 'n Kleurlingwoonbuurt in 'n Blankedorpsgebied	4
(e) in 'n Kleurlingwoonbuurt in 'n Blankestadsgebied	5
(f) in 'n Blankedorpsgebied	6
(g) in 'n Blankestadsgebied	7
(h) in 'n lokasie in 'n Blankedorpsgebied	8
(i) in 'n lokasie in 'n Blankestadsgebied	9
(j) op 'n plek nog nie genoem nie	
Spesifiseer _____	0

(16)

13. Nuttig u gewoonlik

drie maaltye per dag	twee maaltye per dag	net een maaltyd per dag
1	2	3

(17)

14. Drink u alkoholiese drank? (Kafferbier word ook hier as 'n alkoholiese drank beskou.)

Daaglik	Vier tot ses dae per week	Drie dae per week	Twee dae per week	Een maal per week
1	2	3	4	5

(18)

Een maal per maand	Een maal in drie maande	Minder as een maal in drie maande	Gladnie
6	7	8	9

(18)

15. Nuttig u eggenoot (-note) 'n drankie ?

Daaglik	Twee maal per week	Een maal per week	Een maal per maand	Minder as een maal per maand	Nooit	N. v. t.
1	2	3	4	5	6	7

(19)

16. Is u 'n geheelonhouer van alkoholiese drank ?

Ja, my hele lewe lank	Ja, maar was voorheen 'n ligte drinker	Ja, maar was voorheen 'n swaar drinker	Nee
1	2	3	4

(20)

17. Waarom is u 'n geheelonhouer van alkoholiese drank ?

(21)

LET WEL: Persone wat by vraag 16 aangedui het dat hulle geheelonhouers is, hoef verder slegs vrae 31 tot 36 te beantwoord.

LET WEL: Persone wat by vraag 14 afdeling 7 of 8 'n kruisie gemaak het, moet die afdeling "drink slegs een maal in drie maande of minder" by vrae 18 tot 23 merk.

(Hierdie vrae is met 'n * aangedui.)

*18. Wanneer neem u gewoonlik u drankies ?

Voor- of met middagete	Na middagete maar voor aandete	Met of na aandete	Geen vasgestelde tyd	Drink slegs een maal in drie maande of minder
1	2	3	4	5

(22)

*19. By watter een van die onderstaande plekke drink u gewoonlik kafferbier ?

(a) By u eie huis	1
(b) By ander mense se huis	2
(c) In 'n biersaal (Bantobiersaal)	3
(d) Drink slegs een maal in drie maande of minder kafferbier	4
(e) Drink nie kafferbier nie	5

(23)

*20. By watter een van die onderstaande plekke drink u gewoonlik wyn, sterk drank of bier ?

(a) By u eie huis	1
(b) By ander mense se huis	2
(c) In 'n kroeg of hotel	3
(d) By u werkgewer se huis	4
(e) By 'n plek nog nie genoem nie	5
(f) Drink slegs een maal in drie maande of minder wyn, sterk drank of bier	6
(g) Drink nie hierdie dranksoorte nie	7

(24)

*21. Drink u gewoonlik u drank

(a) saam met u huisgenote	1
(b) saam met ander persone (huisgenote uitgesonderd)	2
(c) saam met u huisgenote en ander persone	3
(d) alleen en sonder enige geselskap	4
(e) drink slegs een maal in 3 maande of minder	5

(25)

*22. Watter dag van die week drink u gewoonlik die meeste ?

Sondag	1
Maandag	2
Dinsdag	3
Woensdag	4
Donderdag	5
Vrydag	6
Saterdag	7
Drink elke dag ewe veel	8
Op geen vasgestelde dag nie	9
Drink slegs een maal in drie maande of minder	0

(26)

*23. Watter van die volgende dranksoorte het u gedurende die afgelope maand gedrink ?

Slegs wyn	1
Slegs bier	2
Slegs sterk drank, bv. brandewyn, jenever, ens.	3
Wyn en bier	4
Wyn en sterk drank	5
Bier en sterk drank	6
Wyn, bier en sterk drank	7
Kafferbier en een of meer van bostaande dranksoorte	8
Slegs kafferbier	9
Drink slegs een maal in drie maande of minder	0

(27)

24. Watter een van die volgende dranksoorte drink u mees dikwels ?

Wyn	1
Sterk drank, bv. brandewyn en jenever	2
Bier, bv. Lager, Ale, Stout	3
Kafferbier	4
Ander Bantoedranksoorte (kafferbier uitgesluit)	5

(28)

25. Watter soort drank drink u gewoonlik die tweede meeste indien u meer as een soort drank gebruik ? (Merk slegs een soort.)

Wyn	1
Sterk drank, bv. brandewyn en jenever	2
Bier, bv. Lager, Ale, Stout	3
Kafferbier	4
Ander Bantoedranksoorte (kafferbier uitgesluit)	5
Drink slegs een soort drank	6

(29)

26. Hoeveel bestee u huishouding gemiddeld per week aan alkoholiese drank ?

Niks	1c -49	50c -99	R1 -1.49	R1.50 -2	R3 -4	R5 -6	R7 -8	R9 -10	R11 -12	Indien meer as R12, dui die syfer aan
0	1	2	3	4	5	6	7	8	9	X _____ _____

(30)

27. Wat is die waarde van die alkoholiese drank wat u alleen gemiddeld per week verbruik ?

Niks	1c -49	50c -99	R1 -1.49	R1.50 -2	R3 -4	R5 -6	R7 -8	R9 -10	R11 -12	Indien meer as R12, dui die syfer aan
0	1	2	3	4	5	6	7	8	9	X _____ _____

(31)

28. Hoeveel van die volgende dranksoorte het u die afgelope sewe dae gedrink ?

Wyn (Glase)	Niks	1- 3	4- 6	7- 11	12- 16	17- 21	22- 26	27- 31	32- 36	37- 41	42- 46	Indien meer as 46 vul die getal in
	0	1	2	3	4	5	6	7	8	9	X	Y _____ _____

(32)

Sterk drank (So- pies)	Niks	1- 3	4- 6	7- 11	12- 16	17- 21	22- 26	27- 31	32- 36	37- 41	42- 46	Indien meer as 46 vul die getal in
	0	1	2	3	4	5	6	7	8	9	X	Y _____ _____

(33)

Bier Niks (Pinte)	1- 3	4- 6	7- 11	12- 16	17- 21	22- 26	27- 31	32- 36	37- 41	42- 46	Indien meer as 46 vul die getal in	(34)
0	1	2	3	4	5	6	7	8	9	X	Y _____ _____	

1 bottel sterk drank = 21 sopies; 1 bottel wyn = 6 glase;
 1 klein botteltjie bier = 1 pint; 1 groot bottel bier = 2 pinte.

 ALLEENLIK VIR KANTOORGEBRUIK

Totaal vir bo- staande drank- soorte	0	1- 3	4- 6	7- 9	10- 12	13- 15	16- 18	19- 21	22- 24	25- 27	28- 30	31- 33	(35-36)
	00	01	02	03	04	05	06	07	08	09	10	11	
	34- 36	37- 39	40- 42	43- 45	46- 48	49- 51	52- 54	55- 57	58- 60	61- 63	64- 66	67- 69	(35-36)
	12	13	14	15	16	17	18	19	20	21	22	23	
	70- 72	73- 75	76- 78	79- 81	82- 84	85- 87	88- 90	91- 93	94- 96	97- 99	100 102	103 105	(35-36)
	24	25	26	27	28	29	30	31	32	33	34	35	(35-36)

29. Hoeveel Bantoedrank het u die afgelope sewe dae gedrink ?

Kaffer- bier (Klein skaal) (Twee pinte)	Niks	1- 3	4- 6	7- 9	10- 12	13- 15	16- 18	19- 21	22- 24	25- 27	28- 30	Indien meer as 30 vul die ge- tal in
	0	1	2	3	4	5	6	7	8	9	X	Y _____ _____

(37)

Ander Bantoe- drank- soorte (uit- gesonder kaffer- bier) (Half pint)	Niks	1- 3	4- 6	7- 9	10- 12	13- 15	16- 18	19- 21	22- 24	25- 27	28- 30	Indien meer as 30 vul die ge- tal in
	0	1	2	3	4	5	6	7	8	9	X	Y _____

(38)

ALLEENLIK VIR KANTOORGEBRUIK

Totaal vir alle drank- soorte	0	1- 3	4- 6	7- 9	10- 12	13- 15	16- 18	19- 21	22- 24	25- 27	28- 30	31- 33
	00	01	02	03	04	05	06	07	08	09	10	11
	34- 36	37- 39	40- 42	43- 45	46- 48	49- 51	52- 54	55- 57	58- 60	61- 63	64- 66	67- 69
	12	13	14	15	16	17	18	19	20	21	22	23
	70- 72	73- 75	76- 78	79- 81	82- 84	85- 87	88- 90	91- 93	94- 96	97- 99	100- 102	103 of meer
	24	25	26	27	28	29	30	31	32	33	34	35

(39-
40)

(39-
40)

(39-
40)

30. Wat is die vernaamste rede waarom u alkoholiese drank drink?
 (Merk net een rede)

(Moenie aanvanklik die moontlike redes aan die proefpersoon noem nie.)

(a) Omdat dit eetlus wek Omdat dit kos is Omdat dit sterk maak Omdat dit gesond is Omdat dit lekker smaak Omdat dit u dors les Omdat u moeg is	1
(b) Omdat dit gebruiklik is by geleenthede soos bruilofte, ver- jaarsdae, Kersfees, ens. Omdat u ouers drink Omdat dit 'n gebruik of tradisie is	2

(c) Om van bekommernis ontslae te raak Om bly te word Om vrolik te word Om meer moed te kry Om nie bang te wees nie Om van minderwaardigheid ontslae te raak Om te ontspan	3	(41)
(d) Omdat daar geen ander afleiding is nie	4	
(e) Om gesellig saam met u vriende te wees of om lekker te gesels, om plesierig te wees	5	
(f) Vir 'n rede nog nie genoem nie Spesifiseer _____ _____	6	

31. Hoeveel spandeer u, en indien getroud, u huishouding (loseerders uitgesluit), naastenby per week aan voedsel?

Let Wel: Loseerders wat hierdie vraelys beantwoord, moet eers hulle geskatte kamerhuur ens. van hulle losiesgelde aftrek.

Niks	Min- der as R1	R1 -2	R3 -4	R5 -6	R7 -9	R10 -12	R13 -15	R16 -18	R19 -21	R22 -24	R25 -27	Indien meer as R27, vul die getal in
00	01	02	03	04	05	06	07	08	09	10	11	12 _____

32. Hoeveel persone, self ingesluit (loseerders uitgesluit), wat in u huis woon, het deel aan die voedselverbruik wat in die vorige vraag vermeld is?

1	2	3	4	5	6	7	8	9	10 en meer	(44)
1	2	3	4	5	6	7	8	9	0	

33. Wat is op die oomblik u inkomste (kontant en goedere) per week ?
Indien u getroud is, gee die inkomste van u gesin as geheel.

Geen	Minder as R1	R1 -2	R3 -4	R5 -6	R7 -8	R9 -10	R11 -15	R16 -20	R21 -25	R26 -30
01	02	03	04	05	06	07	08	09	10	11

(45-46)

R31 -35	R36 -40	R41 -45	R46 -50	R51 -55	R56 -60	Indien meer as R60, vul die getal in
12	13	14	15	16	17	18 _____ _____

(45-46)

34. Hoeveel persone moet uit die bogenoemde inkomste versorg word ?
(Dit wil sê u, u eggenoot (-note) en ander afhanklikes.)

1	2	3	4	5	6	7	8	9	10 en meer	N. v. t.
1	2	3	4	5	6	7	8	9	0	X

(47)

35. Drank gaan vrygestel word aan Kleurlinge. Dink u dit is goed ?

Ja	Nee	Weet nie
1	2	3

(48)

36. Gee die verneemste rede vir u antwoord _____

(49)

37. Het u 'n permit om drank te koop ?

Ja	Nee	N. v. t.
1	2	3

(50)

38. Ontvang u alkoholiese drank volgens die „dopstelsel“ ?

Ja	Nee
1	2

(51)

39. Dui in pinte aan hoeveel drank u per week volgens die „dopstelsel” ontvang.

Niks	1- 6	7- 12	13- 18	19- 24	25- 30	31- 36	37- 42	43- 48	49- 54	55- 60	61- 66	67- 72	73- 78	79 en meer	(52-53)
00	01	02	03	04	05	06	07	08	09	10	11	12	13	14	

40. Dui met 'n kruisie die gebied aan waarin hierdie vraelys voltooi is.

KAAPPROVINSIE

Kaapstad	Belville	Wynberg	Stellenbosch	Montagu	Caledon	Ceres	(54-55)
01	02	03	04	05	06	07	

Vanrhynsdorp	Oudtshoorn	Laingsburg	Knysna	Port Elizabeth	Graaff-Reinet	(54-55)
08	09	10	11	12	13	

King William's Town	Cradock	Colesberg	Kimberley	Prieska	Mount Currie	(54-55)
14	15	16	17	18	19	

TRANSVAAL

Vereeniging	Klerksdorp	Benoni	Germiston	Johannesburg	Pretoria	(56)
1	2	3	4	5	6	

O. V. S.

Bloemfontein	Fauresmith	Kroonstad	(57)
1	2	3	

NATAL

Durban	(58)
1	

41. Woon die proefpersoon in/op

'n stad	'n dorp	'n plaas	'n kleinhoewe
1	2	3	4

(59)

42. Naam van gebied
(Indien van toepassing)

43. Nommer van opnemersdistrik

44. (a) Voltooi deur

(b) Gekontroleer deur

(c) Aantal foute

BYLAAG 2

TABEL 1

HUISTAAL VOLGENS WEEKLIKSE INKOMSTE

Huistaal	Geen		R0 - R4.99		R5 - R10.99		R11 - R25.99		R26 - R40.99		R41 en meer		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Afrikaans	12	1.4	219	25.0	402	45.8	198	22.6	43	4.9	3	0.3	877	100.0
Engels	4	3.3	8	6.5	22	17.8	47	38.2	37	30.1	5	4.1	123	100.0
TOTAAL	16	1.6	227	22.7	424	42.4	245	24.5	80	8.0	8	0.8	1000	100.0

BÿLAAG 2

TABEL 2

HUISTAAL VOLGENS ONDERWYSPEIL

Huistaal	Nooit skoolgegaan of geen standaard geslaag nie		Laerskool- kwalifikasies		Hoërskool- kwalifikasies		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%
Afrikaans	348	39.7	463	52.8	66	7.5	877	100.0
Engels	4	3.3	76	61.7	43	34.8	123	100.0
TOTAAL	352	25.2	539	53.9	109	10.9	1000	100.0

$$X^2 = 116.7678; P < .1\%$$

TABEL 3

HUISTAAL VOLGENS LEES- EN SKRYFKENNIS

Huistaal	Kan lees en skryf		Kan nie lees en skryf nie		Totaal	
	G	%	G	%	G	%
Afrikaans	503	57.3	374	42.6	877	100.0
Engels	120	97.7	3	2.4	123	100.0
TOTAAL	623	62.3	377	37.7	1000	100.0

$$X^2 = 74.2439; P < .1\%$$

TABEL 4

HUISTAAL VOLGENS WOONPLEK

Huistaal	Stad		Dorp		Kleinhoewe		Plaas		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Afrikaans	285	32.5	207	23.6	27	3.1	358	40.8	877	100.0
Engels	115	93.4	7	5.6	-	-	1	0.8	123	100.0
TOTAAL	400	40.0	214	21.4	27	2.7	359	35.9	1000	100.0

LITERATUURLYS

1. Riley, J. W. en Marden, C. F. : „Who what and How Often", Drinking Practices, U. S. A., Drinking and Intoxication, The Free Press, Glencoe, Illinois, U. S. A., 1959.
2. Popham, R. E. : „Canada", Drinking Practices, Ancient and Modern, Drinking and Intoxication, The Free Press, Glencoe, Illinois, U. S. A., 1959.
3. Venter, J. D. : Die drinkpatroon van die Blankes in Suid-Afrika, Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing, Navorsingsreeks nr. 17.
4. Du Toit, A. S. : Kontak en Assosiasie van Kleurlinge met die Bantoe in die Kaapse Skiereiland, Ongepubliseerde D. Phil. - proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, 1958.
5. Yale Summer-School of Alcohol Studies : Alcohol, Science and Society, Quarterly Journal of Studies on Alcohol, Sixth printing, New Haven, 1954.
6. Cilliers, S. P. : The Coloureds of South Africa, Banier Uitgewers Bpk., Kaapstad, 1963.
7. Patterson, Sheila : Colour and Culture in South Africa, Routledge and Kegan Paul Limited, Londen, 1953.
8. Weiss, A. G. : The Cape Coloured Woman, Ongepubliseerde M. Soc. Sc.-verhandeling, Universiteit van Kaapstad, 1950.
9. Van der Merwe, H. W. : Social Stratification in a Cape Coloured Community, Ongepubliseerde M. A. - verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 1957.
10. : Verslag van die Kommissie van Ondersoek insake die Kaapse Kleurlingbevolking van die Unie, Die Staatsdrukker, Pretoria, (U. G. 54/1937).
11. Theron, E. en Swart, M. J. : Die Kleurlingbevolking van Suid-Afrika, Univer-siteitsuitgewers en- boekhandelaars, Stellenbosch/ Grahamstad, 1964.

R C H
BIBLIOTEEK

H S R C
LIBRARY

